UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Grondleggende argitekte van die Departement Openbare Werke in Transvaal tot 1910, hul werk en invloed.

deur
Enla Marié Minnaar

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van
die vereistes vir die graad PhD (Argitektuur)
in die Fakulteit van Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Universiteit van Pretoria
Pretoria.
April 2000.

© University of Pretoria

## VOORWOORD.

Sedert my studentedae (1972-1976) het 'n diepgesetelde belangstelling in die vormende geskiedenis van Argitektuur my genoop om meer indringend te kyk as net na die geboue alleen. My mentor in daardie dae, mnr F. Klokke, het my aangemoedig om wyer te kyk, en deur naslaanwerk elke styltendens en argitektuur-beweging in die groter konteks van die politieke-, maatskaplike-, musiek- en kunsstrominge van die tyd te probeer plaas. Hierdeur is 'n lewenslange passie vir die navorsing ontwikkel.

Met die navorsing oor 'Die invloed van die Arts & Crafts-beweging op die huishoudelike argitektuur in en om Pretoria' vir my meestersverhandeling, was dit opvallend hoe min navorsing gedoen is oor die vroeë argitekte in Transvaal. My belangstelling was geprikkel, en met my studieleier se hulp is 'n studiegebied afgebaken.

Hoewel 'n skamele honderd jaar gelede, is dit belangrik om in ag te neem dat gebruike juis in die afgelope eeu drasties verander het. In die tyd wat hierdie geskiedenis hom afspeel, is alle poste, selfs die sekretariële en boekhouposte deur mans gevul en het vrouens nog geensins 'n 'n rol te speel gehad in die arbeidsmark nie.

Hierdie, tot nog toe onopgetekende geskiedenis van die vroeë boumeesters van die Transvaal, kan ook nie losgemaak word van die politiese- en maatskaplike verwikkelinge wat in daardie tyd plaasgevind het nie, en word dus as geheel aangebied, op die historiese (verhalende) trant.

Vele nuwe navorsingsmoontlikhede het, deur hierdie navorsing hulle as't ware aan my opgedring. Ek hoop dat ek in die geleentheid gestel sal word om sommige daarvan te kan opvolg.

## VERWYSINGSTEGNIEK.

Die Harvard-metode word gebruik vir verwysings.

## BEDANKINGS.


- Professor Dieter Holm, my studieleier vir sy voortgesette aanmoediging en goeie raad.
- Dr. Karel Bakker, mede-studieleier vir sy tyd en insette.
- Die Universiteit van Pretoria vir die Nagraadse Prestasiebeurs wat aan my toegeken is en hierdie studie help moontlik maak het.
- Al my vriende vir hulle aanmoediging.
- André Burger vir tegniese hulp, waarsonder ek hierdie studie nie sou kon voltooi het nie.
- Die personeel van Minnaar en Minnaar argitekte vir bystand.
- My huisgesin, vir hulle volgehoue steun en aanmoediging, die uithou, aanhou en tallose koppies tee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## INHOUDSOPGAWE


BLADSY

VOORWOORD........ i
VERWYSINGSTEGNIEK........ i
BEDANKINGS........ i
LYS VAN TABELLE........ iv
LYS VAN FIGURE........ v

**HOOFSTUK 1**
INLEIDING EN AGTERGROND........ 1
1.1 AGTERGROND........ 1
1.2 NAVORSINGSMETODE........ 2
1.3 DIE STAND VAN KENNIS........ 3
1.4 MOTIVERING........ 4
1.5 DIE PROBLEEM EN SY VERBAND........ 5
1.5.1 Die hoofprobleem........ 5
1.5.2 Die subprobleme........ 5
1.5.3 Hipoteses........ 6
1.5.4 Beperkings........ 7
1.5.5 Definisies........ 7
1.5.6 Afkortings........ 9
1.5.7 Aannames........ 9
1.5.8 Uiteensetting van struktuur van die studie........ 10

**HOOFSTUK 2**
DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE DEPARTEMENT; 1877........ 12
2.1 INLEIDING........ 12
2.2 HISTORIESE AGTERGROND........ 12
2.2.1 Die periode voor 1877........ 12
2.2 2 Die Eerste Vryheidsoorlog........ 15
2.3 INGESTELDHEID VAN DIE BOERE........ 16
2.3.1 Houding nà anneksasie........ 16
2.4 DIE HOUDING VAN DIE BRITSE IMPERIALE REGERING........ 17
2.5 DIE VREDESONDERHANDELINGE........ 18
2.6 DIE INVLOED WAT DIE OORLOG OP DIE SAMELEWING IN EN OM PRETORIA, DIE REGERINGSETEL, GEHAD HET........ 19
2.6.1 Taal........ 19
2.6.2 Ekonomie en waardestelsels........ 20
2.7 'PUBLIEKE WERKEN' NA DIE OORLOG........ 21
2.8 SAMEVATTING........ 24

**HOOFSTUK 3**
DIE Z.A.R.ERA (1877-1899)........ 25
3.1 INLEIDING........ 25
3.2 SYTZE WOPKES WIERDA AANGESTEL AS 'GOUVERNEMENTS INGENIEUR EN ARCHITECT'........ 26
3.3 STRUKTURERING EN WERKWYSE VAN DIE DEPARTEMENT........ 27
3.4 OPLEIDING........ 30
3.5 BOEKE WAT DEUR WIERDA EN SY DEPARTEMENT GEBRUIK IS........ 31
3.6 SPESIFIEKE LOOPBANE BINNE DIE 'PUBLIEKE WERKEN' DEPARTEMENT........ 39
Die tekenpersoneel........ 39
Opsigters in die Departement........ 44
3.7 NUWE WERK WAT IN DIE ERA IN DIE DEPARTEMENT GEDOEN IS........ 47
3.7.1 Inleiding........ 47
3.7.2 TABEL 1: Lys van nuwe geboue, gebou Januarie 1890-Desember 1898........ 49

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.7.3 Bespreking en ontleding van sommige geboue uit hierdie tydvak........ 55
3.7.3.1 'Nieuwe Kantoorgebouw' (Compol)........ 56
3.7.3.2 Staatsartilleriekaserne........ 58
3.7.3.3 'Officiers-en Onderofficierswoningen'........ 61
3.7.3.4 'Staats Modelschool'........ 64
3.7.3.5 'Nieuwe Staatsdrukkerij'........ 68
3.7.3.6 'Landdrost-, Post-en Telegraafkantoren', Potchefstroom.. 71
3.7.4 Samevatting........ 73
3.8 WIERDA SE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT BEDRYFSINGESTELDHEID........ 73
3.9 WIERDA SE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT KULTUURSTELLING........ 75
3.9.1 Karl Friedrich Schinkel en Johann Gottlieb Fichte........ 78
3.9.2 Schinkel se invloed op Sytze Wierda........ 79
3.9.3 Die Departement se gevolglike kultuurstelling........ 80
3.10 SAMEVATTING........ 85

**HOOFSTUK 4**
DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902)........ 86
4.1 INLEIDING........ 86
4.2 AGTERGROND........ 86
4.3 DEPARTEMENTELE BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE OORLOG........ 87
4.4 DIE BRITSE DEPORTASIEBELEID........ 88
4.5 DIE HOLLANDERKORPS........ 90
4.6 LOTGEVALLE VAN WERKNEMERS VAN DIE DEPARTEMENT GEDURENDE EN Ná DIE OORLOG........ 92
4.7 SAMEVATTING........ 95

**HOOFSTUK 5**
DIE BRITSE ERA: TRANSVAAL COLONY........ 96
5.1 INLEIDING........ 96
5.1.1 Agtergrond........ 97
5.1.2 Die Britse Kolonialisasiebeleid........ 97
5.2 HERBERT BAKER SE ROL AS RAADGEWER IN VERBAND MET DIE VORMING VAN DIE PUBLIC WORKS DEPARTMENT........ 99
5.3 STRUKTURERING EN WERKWYSE VAN DIE DEPARTEMENT........ 101
5.4 OPLEIDING........ 108
5.5 BOEKE WAT DEUR DIE DEPARTEMENT GEBRUIK IS........ 110
5.6 SPESIFIEKE LOOPBANE BINNE DIE PUBLIC WORKS DEPARTMENT........ 115
Argitekte........ 115
Tekenaars........ 121
Bourekenaars........ 126
5.7 NUWE WERK WAT IN DIE ERA IN DIE DEPARTEMENT GEDOEN IS........ 129
5.7.1 Inleiding........ 129
5.7.2 Lys van nuwe geboue
TABEL 2: 'plans prepared 1902'........ 130
TABEL 3: 'list of work 1903'........ 132
TABEL 4: 'work in hand 1903'........ 136
TABEL 5: 'annual report 1906'........ 136
5.7.3 Bespreking en ontleding van sommige geboue uit hierdie tydvak........ 140
5.7.3.1 Roodepoort poskantoor........ 140
5.7.3.2 'Type-schools': 'Troyeville school'
'Burgher Right school'
'Hospital Hill school'........ 141
5.7.3.3 Militêre Klubgebou........ 143
5.7.3.4 'New Lunatic Asylum', Pretoria :

'Administration and Female hospital blocks'................ 145
5.7.3.5 'Transvaal University College: Arts Block'.................... 148
5.7.3.6 'Boys High School'........................................................ 151
5.7.4 Samevatting.............................................................. 158
5.8 DIE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT BEDRYFSINGESTELDHEID........................................................ 158
5.9 DIE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT KULTUURSTELLING.................................................................... 160
5.10 SAMEVATTING........................................................................... 162

**HOOFSTUK 6**
VERGELYKING VAN DIE BYDRAE VAN DIE VROEë NEDERLANDSE EN BRITSE ARGITEKTE IN TRANSVAAL SE OPENBARE ARGITEKTUUR, TOT EN MET 1910........................... 163
6.1 INLEIDING........................................................................... 163
6.2 DIE ROL VAN DIE HOOFARGITEK IN DIE PUBLIEKE WERKEN DEPARTEMENT GESIEN TEENOOR DIE ROL VAN DIE HOOFARGITEKTE IN DIE PUBLIC WORKS DEPARTMENT......... 163
6.3 DIE BEDRYFSTELSEL VAN DIE TWEE DEPARTEMENTE TEENOOR MEKAAR GESTEL...................................................... 164
6.4 DIE INVLOED VAN DIE KULTUURSTELLING OP DIE DEPARTEMENTE SE WERKVERRIGTING.................................... 165
6.5 DIE INVLOED VAN KLASSEBEWUSSYN OP KULTUURSTELLING AS VOLKSERFENIS.................................... 166
6.6 'n VERGELYKING VAN HOE KULTUURSTELLING BESLAG GEGEE HET AAN VORMTAAL IN DIE TWEE DEPARTEMENTE... 167
6.7 VERGELYKING VAN MATERIAALGEBRUIK AS DEEL VAN DIE KULTUURSTELLING VAN ELKE DEPARTEMENT................. 171
6.8 DIE WERKSOMGEWING WAT BINNE DIE TWEE DEPARTEMENTE GESKEP IS...................................................... 174
6.9 SAMEVATTING........................................................................... 176

**HOOFSAMEVATTING**.......................................................................... 176

**GEVOLGTREKKING**.......................................................................... 177

**AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE**........................................... 178

**BRONNELYS**.......................................................................... 179

**EKSERP**.......................................................................... 189

**'ABSTRACT'**.......................................................................... 190

BYLAAG A.

BYLAAG B.

**LYS VAN TABELLE**

| TABEL | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | Lys van nuwe geboue gebou Januarie 1890-Desember 1898... | 49 |
| 2 | 'Plans prepared : January 1st-December 31st 1902'................ | 130 |
| 3 | 'List of Work :30th June 1903'................................................ | 132 |
| 4 | 'Work in Hand'.......................................................................... | 136 |
| 5 | 'Annual Report for the year ended 30th June 1906'.................. | 136 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## LYS VAN FIGURE


| FIG. | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | Kerkplein tydens Nagmaalsviering, 1870 | 13 |
| 2.2 | Die eerste Staatsgebou. | 14 |
| 2.3 | Anneksasie van Pretoria | 15 |
| 2.4 | Pretoria middedorp, 1877-1897 | 20 |
| 2.5 | Ou Presidensie, Bloemfontein (1886) | 21 |
| 2.6 | Paul Kruger se huis in Kerkstraat, Pretoria | 21 |
| 3.1 | Sytze Wierda | 26 |
| 3.2 | Wierda en sy kantoorpersoneel | 29 |
| 3.3 | Domhotel, Keulen | 32 |
| 3.4 | Fonteyne, smeewerk | 33 |
| 3.4a | Roosters uit *La Ferronerie Francaise*. | 33 |
| 3.5 | Voorblad: *Architectur der Niederlande* | 34 |
| 3.6 | Basler Brandversekeringshoofkantoor | 34 |
| 3.7 | Torings uit *Thurmbuch* | 35 |
| 3.8 | Torings uit *Thurmbuch* | 35 |
| 3.9 | Torings uit die Republikeinse tyd | 36 |
| 3.10 | Kerkgebou,Wijnjeterp | 37 |
| 3.11 | Drachten, negentiende eeu | 37 |
| 3.12 | Die 'Jongeheeren Instituut Eikenhorst te Baarn' | 38 |
| 3.13 | Kerkgebou te Baarn | 38 |
| 3.14 | Kerkgebou te Zaandam | 38 |
| 3.15 | Rissikstraat Poskantoor | 46 |
| 3.16 | Stadshuis, Dresden | 47 |
| 3.17 | Paleis van Justisie, Keulen | 48 |
| 3.18 | 'Nieuwe Kantoorgebouw': planne | 56 |
| 3.19 | 'Nieuwe Kantoorgebouw, Doorsnede' | 57 |
| 3.20 | 'Zijgevel, Nieuwe Kantoorgebouw' | 57 |
| 3.21 | 'Nieuwe Kantoorgebouw', foto, 1906 | 58 |
| 3.22 | 'Voorgevel, Nieuwe Kantoorgebouw' | 58 |
| 3.23 | Staatsartilleriekaserne, foto 1906 | 59 |
| 3.24 | 'Artilleriekamp Kazerne': plan en vooraansig | 60 |
| 3.25 | Huis vir Korpskommandant | 61 |
| 3.26 | Sandsteen- en houtdetaillering | 61 |
| 3.27 | 'Commandant' se huis: sketsplan | 62 |
| 3.28 | 'Kapitein' se huis: sketsplan | 62 |
| 3.29 | 'Luitenant' se huis: sketsplan | 63 |
| 3.30 | Sketsplan vir 'en bloc' onderoffisiershuise | 63 |
| 3.31 | Staatsmodelskool, oorspronklike sketsplan | 65 |
| 3.32 | Staatsmodelskool,vooraansig | 65 |
| 3.33 | Staatsmodelskool, sy-aansig | 66 |
| 3.34 | Staatsmodelskool, snitte | 67 |
| 3.35 | Smee-yster sierrooster, voordeur: Staatsmodelskool | 67 |
| 3.36 | Staatsmodelskool, foto 1896 | 67 |
| 3.37 | Staatsdrukkery, sketsplan | 68 |
| 3.38 | Die Staatsdrukkery vandag | 69 |
| 3.39 | Staatsdrukkery, binnehof | 70 |
| 3.40 | Vuurherd, Staatsdrukkery | 70 |
| 3.41 | Potchefstroom 'Landdrost-,Post- en Telegraafkantoren' | 71 |
| 3.42 | Luitingh se werkstekeninge | 72 |
| 3.43 | Snit: Potchefstroom 'Landdrostkantoren' | 72 |
| 3.43a | Tipiese dakvorms en ventilators | 74 |
| 3.44 | Braamfontein- en Jeppestown poskantore | 76 |
| 3.45 | Paleis van Justisie | 77 |
| 3.46 | 'Allgemeine Bauschule', Schinkel | 79 |

| FIG | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.47 | 'Reichstag'-gebou, Berlyn | 82 |
| 3.48 | Die Ou Raadsaal | 82 |
| 3.49 | Wierda se Beursgebou-ontwerp vir Amsterdam | 83 |
| 3.50 | Tipiese filiale | 83 |
| 3.51 | Verteenwoordigende en nutsgeboue | 84 |
| 3.52 | Z.A.R. toringspitse | 85 |
| 3.53 | Tipiese vensters | 85 |
| 4.1 | Lord Roberts | 88 |
| 4.2 | Lede van die Hollanderkorps | 91 |
| 4.3 | Skanskopfort | 94 |
| 4.4 | Klapperkopfort | 95 |
| 5.1 | Lord Alfred Milner | 97 |
| 5.2 | Klerksdorp skool | 103 |
| 5.3 | 'Rice'-blokhuis | 104 |
| 5.4 | Ingang na Pretoria Dieretuin | 106 |
| 5.5 | Twee bladsye uit *'Practical notes for Architectural Draftsmen'* | 111 |
| 5.6 | Ebbetts: *'Wrought Ironwork'* | 112 |
| 5.7 | Twee bladsye uit *'W.O.Pattern Book No. 2'* | 114 |
| 5.8 | Z.A.R. Staatsmuseum | 129 |
| 5.9 | Rissikstraat poskantoor | 131 |
| 5.10 | Roodepoort poskantoor | 140 |
| 5.11 | Troyeville skool | 142 |
| 5.12 | Mayfair skool | 142 |
| 5.13 | 'Burgher Right School', Pretoria | 142 |
| 5.14 | 'Hospital Hill School', Johannesburg | 143 |
| 5.15 | Militêre Klubgebou | 144 |
| 5.16 | Uitlegplan: 'New Lunatic Asylum' | 145 |
| 5.17 | 'Derbyshire Royal Infirmary', U.K. | 146 |
| 5.18 | 'University Hospital, Halle, Germany' | 146 |
| 5.19 | Volskaalse deurdetails | 146 |
| 5.20 | Plan: eerste vloer | 146 |
| 5.21 | 'Half-inch detail of recreation hall' | 146 |
| 5.22 | 'Administration and female hospital blocks' | 147 |
| 5.23 | 'Transvaal University College : Arts Block' | 149 |
| 5.24 | 'Arts Block': Detail dakkonstruksie | 150 |
| 5.25 | Detailsnit uit Belcher | 150 |
| 5.26 | 'Science Block' | 150 |
| 5.27 | 'Arts Block': Detail binnebeplanning | 150 |
| 5.28 | 'Arts Block': Detail binnebeplanning | 151 |
| 5.29 | Oorspronklike terreinplan | 152 |
| 5.30 | 'Boys High' vandag | 153 |
| 5.31 | Hoofgebou: grondvloerplan | 154 |
| 5.32 | Hoofgebou: eerstevloer plan | 154 |
| 5.33 | Die binnehowe | 155 |
| 5.34 | Foto van die oostekant in oorspronklike skoolsaal | 155 |
| 5.35 | Oostelike gewel van suidevleuel | 155 |
| 5.36 | 'Rissik House' | 156 |
| 5.37 | Plan: oorspronklike koshuise | 157 |
| 5.38 | 'House Type B' | 159 |
| 5.39 | 'House Type F' | 159 |
| 5.40 | 'Government House', Pretoria | 162 |
| 6.1 | Terreinuitleg: Artillerieterrein | 168 |
| 6.2 | Stadskaart, Pretoria | 169 |
| 6.3 | Staatsmodelskool, foto 1906 | 172 |
| 6.4 | Ingang: 'Transvaal Central Prison' | 173 |

# HOOFSTUK 1. INLEIDING EN AGTERGROND.

## 1.1 AGTERGROND

Die gebrek aan kennis en gevolglike algemene vaagheid met betrekking tot die uiters belangrike tydperk vanaf die eerste totstandkoming van die Departement 'Publieke Werken', tot en met Uniewording in 1910, wat as eerste vormgewende tydperk in die Transvaal se argitektuurgeskiedenis beskou kan word, het aanleiding tot die studie gegee.

Die amptelike argitektuur van die 'Zuid-Afrikaansche Republiek' (Z.A.R.) het in hierdie tyd ontstaan en het nà die Anglo-Boereoorlog wesenlike veranderings ondergaan, waarna dit in 'n groot mate uiteindelik die beslag gekry het vir 'n vorm van amptelike uitvoering wat tot vandag bly voortbestaan.

Die groei en verskil in omvang van die onderskeie tydperke word weerspieël deur die totale bedrag wat jaarliks deur elke Departement aan bouwerk bestee is. In 1892 beloop die geboue en onderhoudsuitgawes £46 385-5s-1d en in 1899 gee die Z.A.R. reeds £ 185 621-17s-3d aan bouwerk en Departementele salarisse uit (TAB ZAR 141). Daarenteen bestee die 'Department of Public Works' in die eerste ses maande van 1902 alreeds £ 210 446 aan bouwerk alleen.

Alhoewel menige aspekte rondom die politieke, maatskaplike en sosio-ekonomiese aspekte van die Anglo-Boereoorlog voorheen al deeglik ondersoek en deurtrap is, het die veld rondom die vormgewing van die argitektoniese en stedeboukundige ontwikkeling in die tyd, braak bly lê.

Hierdie studie is pionierswerk wat die leemte aanspreek. Die eerste tydvak wat nagevors word, is die taamlik vae totstandkomingsjare van die 'Publieke Werken' Departement met die Eerste Vryheidsoorlog wat 'n wesenlike invloed gehad het, met daarna die werklike vormingsjare en bloeitydperk van die Departement onder leiding van Sytze Wierda, vanaf 1887-1899. Die derde tydvak behels die Anglo-Boereoorlog en die vierde, die Brits-koloniale tydperk tot en met Unifikasie in 1910. Die studie van hierdie tydperk word logies begrens deur politieke gebeure wat die Departement en sy

opset telkemale beïnvloed het.

## 1.2 NAVORSINGSMETODE

Om gebeure uit die verlede sonder bevraagtekening te aanvaar is, volgens Leedy (1997:173) skadelik vir die historiese navorsingsproses. Historiese data word versamel en sistematies gestoor om weer geanaliseer en geïnterpreteer te word. Egtheid is met ander woorde nie die enigste maatstaf waaraan data gemeet moet word nie, maar ook die oorspronklike bedoeling daarvan. *'The question here is not one of authenticity but of meaning. In considering a manuscript or a statement, the researcher asks such questions as,.....what inferences or interpretations could be extracted from the words?'* (Leedy 1997:175). Die kern van navorsing lê nie in die versameling van die data nie, maar in die interpretasie en uiteindelike weergawe volgens die mees geskikte historiografiese metode. Alhoewel dit moeiliker is in die geval van 'n bestaande gebou, moet so 'n gebou daarom vir die doel van hierdie studie as data gesien word.

In hierdie studie word eerstens die verhalende metode gebruik. Binne die raamwerk wat so geskep word, word die gekose geboue dan as inligtingstukke benader en heuristies en waarnemend geëvalueer en geïnterpreteer soos gesien teen die matriks van die tyd waarin dit geskep is, veral met betrekking tot die politieke konteks. Deur hierdie ondersoek word die kultuurstelling en bedryfsingesteldheid van elke departement afgelei om so die hipotese te ondersteun. Volgens Fisher (1992:41) *'Past cultures can be accessed hierarchically through analysis of artefact from pre-iconographic, through iconographic up to iconological interpretation. As such, artefacts retain potency.'* Hy verwys hier na die waarnemings- en vertolkingshiërargie soos uiteengesit deur Panofsky (1955:41) vir die ikonologiese interpretasie van geboue of kunsuitinge as kunsprodukte, wat hier geïmplementeer word.

I. Pre-ikonografiese vertolking:
Die beskrywende metode waarvolgens natuurlike en feitlike voorwerpe geanaliseer word deur middel van stilistiese kenmerke.

II. Ikonografiese (beeldbeskrywende) vertolking:
Konvensionele voorwerpe word deur assosiasie aan historiese tipes gekoppel.

III. Ikonologiese (simboliese) vertolking:
Hierdie vertolking is teoreties en spekulatief en het die simboliese kultuurinhoud as onderwerp.

Die pre-ikonografiese vertolkings word waar moontlik verkry uit primêre bronne soos die Transvaalse Argief. Hierna word gekose voorbeelde ikonografies vertolk en aan historiese tipes gekoppel. Die ikonologiese vertolkingsmetode word laastens gebruik om politiese konteks, kulltuurstelling en bedryfsingesteldheid af te lei. As algemene maatstaf word die 'Regulative Ideals' van Herbert Feigl (1988:427-32) wat van die veronderstelling uitgaan dat die natuur- en menswetenskappe in wese volgens dieselfde stelsel geïnterpreteer kan word, onderskryf en gebruik.

## 1.3 DIE STAND VAN KENNIS

Die beskikbare literatuur wat handel oor hierdie tydperk bevat inligting van 'n algemene aard en het meestal 'n sosiale of politieke strekking, soos die werke van Jorissen (1897) en Leyds (1914). Om die gebeure binne die Departement in wyer sosiale konteks te plaas, word gebruik gemaak van outeurs soos Heydenrych (1986), Pakenham (1997), Van der Walt (1977) en Pretorius (1998), wat erkende spesialiste op hulle onderskeie studievelde is. Detailinligting aangaande sosiale en persoonlike gebeure word verkry uit die studies soos wat gedoen is deur Van Vreden (1955) en Van Dalsen (1942).

Werke wat meer detail verskaf is byvoorbeeld Rex (1974) se werk oor Sytze Wierda wat sterk biografies van aard is, maar slegs enkele aanknopingspunte aangaande die boukundige werk in die 'Publieke Werken' Departement verskaf. Holm en Viljoen (1993) ontleed Wierda se werk stylgewys met bepaalde verwysing na die Ou Raadsaal en 'n soeke na dieper betekenis in die plasing van geboue in stedelike verband. Picton-Seymour (1977 & 1989) wend 'n poging aan tot boukundige ontleding, maar behandel 'n groot verskeidenheid van geboue en is meer op stylelemente as op die filosofie daaragter gerig. Greig (1971) dien as verwysingsbron.

Jordan en Weedon (1995) voorsien 'n duidelike uiteensetting van die Europese kultuurpolitiek van die tyd, en Watkin en Mellinghoff (1987) saam met Hazlett (1989) gee 'n duidelike beeld van die werk van Schinkel in Pruise. Fichte (1846) se filosofieë tree vormend op in Schinkel se werk en word so na Wierda oorgedra. Beide Hitchcock (1969) en Holm (1998) staaf die voorkoms van Europese invloed in die Z.A.R. se argitektuur en stedebou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Inligting aangaande die sosiale- en bougeskiedenis van die koloniale periode (1901-1910) is uiters beperk en is meestal te vinde in tydskrifartikels en argiefbronne. Selfs hierdie bronne is skaars en word moeilik gevind. Dit wil ook voorkom asof die bewaring van argiewe met groter sorg en noukeurigheid toegepas is vóór die oorlog as daarna. Oberholster (1972) en Engelbrecht (1955) verskaf hier nuttige inligting. Aangesien Herbert Baker in hierdie studie nie sentraal staan nie, is Keath (1992) van beperkte belang.

Detailinligting aangaande die argitekte en hulle departemente word meestal verkry uit argiefbronne, maar Ploeger (1989, 1994, 1990), Pama (1983) en Ferreira (1977) verskaf besonder nuttige inligting. Aangesien die argiefgegewens in die Staats- en Transvaalse Argief dikwels nie meer volledig is nie, moet die metodiek noodwendig aangepas word om hierdie betreurenswaardige feit te akkommodeer. Alhoewel inhoudsopgawes in die argief dikwels nog redelik volledig is, bestaan al die werklike inhoud nie meer nie, of is dit net nie te vinde nie.

Gesien in die lig van die huidige stand van kennis is dit dus noodsaaklik dat 'n gepaste metode gebruik moet word om die simboliese kultuurinhoud van die argitektuur in hierdie tyd te bepaal en so die leemte aan te vul (kyk 1.2).

## 1.4 MOTIVERING.

Die vae beeld wat bestaan aangaande die herkoms van amptelike argitektuur in die Transvaal het reeds 'n geruime tyd om toeligting geroep.

Wierda as argitek en as man is reeds deeglik ondersoek, maar wie in sy Departement werksaam was, waarom hulle daar gewerk het en wat van hulle geword het met die uitbreek van die oorlog, is nog nooit nagevors nie. Die invloed van die oorlog op die Departement 'Publieke Werken' en die samestelling van die nuwe koloniale 'Department of Public Works' is eweneens onbekend.

In hierdie studie word gepoog om die geskiedenis van die Departement en sy argitekte so deeglik as moontlik na te vors en uiteen te sit en die gevolglike boukundige nalatenskap in terme van kultuurstelling en bedryfsingesteldheid te ondersoek en te

oorweeg. Op hierdie wyse word nie alleen 'n deel van die leemte wat bestaan aangaande inligting omtrent die argitekte en argitektuur van die tyd gevul nie, maar word 'n beter begrip gevorm aangaande die ontstaan van die bestaande struktuur van administrasie in hedendaagse openbare argitektuur. Die staat beheer vandag die grootste deel van alle bouwerk in die land (tans 60% van behuising en 25% van nie-residensiële bouwerk: BIFSA :Maart 2000) en het dus 'n bestendige invloed op die aanpak van bouwerk. Dit is daarom belangrik om te verstaan hoe die bestaande struktuur sy beslag gekry het.

## 1.5 DIE PROBLEEM EN SY VERBAND.

Die hedendaagse opset en argitektuur van die Departement van Openbare Werke het sy wording in 'n groot mate te danke aan die 'Publieke Werken' Departement van die Z.A.R. wat nà die Anglo-Boereoorlog omvorm is na die 'Public Works Department' van die 'Transvaal Colony' en in 1910 met die ander drie provinsies saamgesmelt het tot die 'Department of Public Works of the Union of South Africa'. Hierdie studie ondersoek en interpreteer die ontstaan van amptelike argitektuur in die Transvaal, en stel 'n perspektief op die heersende toestande rondom die beroep in daardie tyd. Hierdie studie is beperk tot die destydse Transvaal, maar open die veld vir moontlike toekomstige wyer ondersoeke.

### 1.5.1 DIE HOOFPROBLEEM.

Om deur navorsing vas te stel wie die grondleggende argitekte van die 'Publieke Werken' Departement in die 'Zuid-Afrikaansche' Republiek en die 'Public Works Department' van die 'Transvaal Colony' was, waar hulle vandaan kom, wat hulle ingesteldhede was, watter invloed die Anglo-Boereoorlog (in die geval van die Z.A.R.-argitekte) op hulle lewens en gevolglik op hulle werk uitgeoefen het en watter werk beide hierdie groepe gedoen het.

### 1.5.2 DIE SUBPROBLEME.

<u>Subprobleem 1 :</u>
<u>Die totstandkoming van die Departement; 1877</u>

Die vasstel van die invloed van die Eerste Vryheidsoorlog op die ontstaan van die Departement 'Publieke Werken'.

Subprobleem 2 :
Die Z.A.R. Era (1877-1899)
Om Wierda en sy Departement se oogmerke met betrekking tot kultuurstelling en bedryfsingesteldheid vas te stel.

Subprobleem 3:
Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)
Die vasstel van die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die Departement.

Subprobleem 4 :
Die Britse Era: 'Transvaal Colony' (1901-1910)
Om die 'Public Works Department' se oogmerke met betrekking tot kultuurstelling en bedryfsingesteldheid vas te stel.

Subprobleem 5 :
Vergelyking van die bydrae van die vroeë Nederlandse en Britse argitekte in Transvaal se openbare argitektuur, tot en met 1910
Om te besin oor die bydraes wat die Nederlandse en Britse werke-departemente ten opsigte van kultuurstelling en bedryfsingesteldheid gemaak het.

### 1.5.3 HIPOTESES.

Hipotese vir subprobleem 1:
Die totstandkoming van die Departement het uit staatkundige, kultuurpolitieke, asook administratiewe behoefte ontstaan.

Hipotese vir subprobleem 2:
Wierda as leier van die Departement, het hom met die strewe van die Z.A.R. vereenselwig.

Hipotese vir subprobleem 3:

Voor die besetting van Pretoria is die Departement deur die oorlog gestrem; daarna is die Departement tot niet gemaak.

Hipotese vir Subprobleem 4:

Die Brits-koloniale siening stel aanvanklik die bepalende kriteria, maar word gaandeweg deur persoonlike inisiatiewe verryk.

Hipotese vir Subprobleem 5:

Wierda se Departement het 'n Europese argitektuur en stedebou in Pretoria geïnisieer. In die Britse era is dit grotendeels vervang deur die Britte se koloniale administrasiestyl.

### 1.5.4 BEPERKINGS.

Verwysing na algemene historiese gebeurtenisse is beperk tot waar dit direk òf indirek betrekking het op mense of gebeure binne die Departement of binne die studieveld.

Alleen die argitekswerk van die Departement word behandel - paaie, brûe en ander siviele strukture is uitgesluit. Stedeboukunde en die bou-ekonomiese milieu word slegs aangeraak in soverre dit vir die hooftema ondersteunend is.

Tydslimiete word gestel as 1877 (die amptelike ontstaan van die Departement) en 1910 ( die beëindiging van die Britse koloniale tydperk weens Uniewording).

### 1.5.5 DEFINISIES.

GRONDLEGGENDE :

Fundamentele; wat die grondslag gelê het; vernaamste.

ARGITEKTE :

Boukundiges; boumeesters; mense wat hulle vir die ontwerp van geboue bekwaam het.

DEPARTEMENT OPENBARE WERKE :

Staatsdepartement, in die Nederlandse era genoem 'Publieke Werken', en in die Brits-koloniale tyd herdoop na 'Department of Public Works'. Beide hierdie terme word

gebruik om die staatsdepartement te omskryf wat verantwoordelik was vir die ontwerp, bou en onderhoud van staatsgeboue, paaie en strukture.

TRANSVAAL :
'n Geografiese beperking van eers die 'Zuid-Afrikaansche' Republiek se amptelike grense, en later, na bewindoorname, die nuwe grense soos beskryf deur die 'Transvaal Colony.'

HUL WERK :
Hul arbeid; dit wat hulle verrig het; hulle produk of dit wat hulle tot stand gebring het. In hierdie konteks word onder hierdie produk, bouwerk of teken- en beplanningswerk wat tot bouwerk lei, bedoel.

INVLOED :
Effek; uitwerking deur iets stofliks of onstofliks; inwerking van 'n persoon of groep persone op ander mense of op hulle werk.

KULTUURSTELLING:
Volgens Jordan en Weedon (1995:5) word 'n volk of kultuurgroep se kultuurstelling of 'kulturele insig' volgens Gramsci (1994:10) bepaal deur die KULTUURPOLITIEK van die volk of groep.
Die KULTUURPOLITIEK van die groep word fundamenteel vasgestel deur die betekenis van die sosiale gebruike van kleiner groepe en individue binne die groter groep. Subjektiwiteit is hier ook ter sprake, aangesien kultuur 'n sentrale rol in die beleweniswêreld van elke individu speel (Gramsci 1994:9). Die bou van 'n nuwe, weerstandbiedende identiteit is volgens Jordan en Weedon (1995:5) 'n kenmerkende eienskap in die stryd om hervorming van gemeenskappe. Hierdie stelling word omskryf deur Gramsci (1994:10) en Watkin en Mellinghoff (1987:17) haal Voltaire (1694-1778) aan wat daarop wys dat hierdie hernuwingseienskap duidelik geïllustreer is in die ontstaan van Duitse nasionalisme toe Oostenryk Frankryk verslaan het by Rossbach (1757).

KULTUURMISSIE:
Roeping om die kultuurstelling te vergestalt.

BEDRYFSINGESTELDHEID:
Die werkwyse en gesindheid van die groep as geheel, in professionele verband; met ander woorde die manier waarop die kantoor funksioneer of bedryf word en die reaksie van die werknemers daarop of daarteen, wat die werksetiek van die groep vorm.

BOERE/ BURGERS:
(Wisselvorm vir dieselfde begrip) Hierdie terme moet in historiese verband gelees word soos wat dit gebruik is ten tye van die bestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek, naamlik as wisselvorm ten opsigte van lojale (Afrikaanssprekende) inwoners en onderdane van die Z.A.R., wat dié regering se onafhanklikheidstrewe heelhartig ondersteun het.

### 1.5.6 AFKORTINGS

Z.A.R.: Zuid-Afrikaansche Republiek.
T.A.B.: Transvaalse Argiefbewaarplek.
N.Z.A.S.M.: Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij.
P.W.D.: Public Works Department.
R.I.B.A.: Royal Institute of British Architects.
A.R.I.B.A.: Member (Associate) of the Royal Institute of British Architects.
I.B.B.: Imperial Blue Book.

### 1.5.7 AANNAMES.

Die aannames wat gemaak word, is in die eerste plek dat genoegsame argiefbronne bestaan om hierdie studie moontlik te maak en om afleidings te kan maak aangaande kultuurstelling en bedryfsingesteldheid.
Daar word aanvaar dat geboue 'n manifestasie van mense se kultuurstrewe en bedryfsingesteldheid reflekteer en as sodanig interpreteerbaar is.
Ten slotte word historiese geboue wat deur argitekte as outeurs nagelaat is, as dokumente aanvaar. Hierdie aanvaarding geld as bekragtig indien die oorspronklike tekeninge en/of tydgenootlike dokumentasie dit bevestig of indien daar klaarblyklik geen wesenlike veranderinge aan die gebou gemaak is nie.

### 1.5.8 UITEENSETTING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE STUDIE.

Hierdie studie wil poog om die herkoms van Transvaalse amptelike argitektuur te ondersoek en te interpreteer aan die hand van die kultuurstelling en bedryfsingesteldheid wat eers in die 'Publieke Werken' Departement en daarná in die 'Public Works Department' bestaan het. Die kultuurstelling is egter onlosmaaklik verbonde aan die politieke, en gevolglike maatskaplike klimaat van die tyd en moet daarom hier deeglik in konteks geplaas word. Aangesien 'n groot deel van die inligting vir hierdie studie uit argiefgegewens bestaan wat soms fragmentaries en dikwels onvolledig is, is die gebruik van sekondêre bronne, waar beskikbaar, verantwoordbaar en selfs noodsaaklik, om die gegewens wat verkry is, in historiese verband te kan plaas. Die gebruik van sekondêre bronne word telkens duidelik aangetoon en word waar moontlik krities geëvalueer.

In **hoofstuk 2** word die totstandkoming van die Departement 'Publieke Werken' in 1877 behandel, deur eerstens 'n historiese konteks te skets waarin die vorming plaasgevind het en daarna die invloed wat die Eerste Vryheidsoorlog op die ontstaan van die Departement gehad het, te ondersoek. Die invloed van die oorlog is sentraal in die soeke na die heroorweging van die politiese en sosiale struktuur van die Z.A.R., wat die nasionale gesindheid beïnvloed het en die gevolglike struktuur van die regeringsdepartemente help bepaal het. Die gegewens vir hierdie hoofstuk word hoofsaaklik verkry uit sekondêre bronne, aangevul met inligting uit primêre bronne waar toepaslik. 'n Beknopte, maar logiese vertrekpunt vir die res van die studie is saamgestel uit die verkreë inligting wat saam geëvalueer en geïntegreer is.

**Hoofstuk 3** behels Wierda en sy Departement se oogmerke met betrekking tot kultuurstelling en bedryfsingesteldheid. Wierda en sy personeel se professionele siening en algemene lewensingesteldheid word bepaal deur 'n opname te maak van hulle herkoms soos gesien teen die maatskaplike omgewing van die tyd, die opleidingsprosedures wat gebruik is, die boeke wat gelees is in die Departement, die strukturering en werkwyse van die Departement, die verloop van spesifieke loopbane binne die Departement en ten slotte, 'n opname van die nuwe werk wat in die Departement gedoen is, met uitsondering van die aanbouings gedoen in die tyd en 'n bespreking van verteenwoordigende geboue. Die ikonologies-afgeleide kultuurstelling

en bedryfsingesteldheid word bespreek en 'n analoog word getref met die werk van K.F. Schinkel in Pruise. Die inligting vir hierdie hoofstuk word hoofsaaklik verkry uit primêre bronne wat aangevul word uit sekondêre bronne wat geëvalueer en saamgestel word om 'n toepaslike beeld van die 'Publieke Werken' Departement se bydrae weer te gee.

In **hoofstuk 4** word die invloed wat die Anglo-Boereoorlog op die Departement gehad het, vasgestel deur die lot van elke bekende personeellid (inligting uit hoofstuk 3) afsonderlik na te gaan en daarna die lot van die Departement te bepaal. Inligting stam weereens hoofsaaklik uit primêre bronne.

**Hoofstuk 5** ondersoek die 'Public Works Department' se oogmerke met betrekking tot kultuurstelling en bedryfsingesteldheid. Om dit te kan doen, moet die bepalende kriteria en persone wat verantwoordelik was vir die omvorming van die Departement na die oorlog, eerstens vasgestel word. Dit is belangrik om hierdie gegewens binne die raamwerk van die Brits-Imperiale stelsel te beskou. Die Britse Departement se siening word, volgens die voorbeeld van hoofstuk 3, bepaal deur 'n opname te maak van die personeellede se herkoms, die opleidingsprosedures wat gebruik is, die boeke wat gelees is in die Departement, die strukturering en werkwyse van die Departement en die verloop van spesifieke loopbane binne die begrensing van die Departement. Die gevolglike produk, of lys van werk uit die tyd wat strek tot en met Uniewording in 1910, word ingesluit, waarna die gevolglike ikonologies-bepaalde kultuurstelling en bedryfsingesteldheid afgelei word uit die voorafgaande gegewens. Die werkwyse is verder soos vir hoofstuk 3.

**Hoofstuk 6** behels 'n vergelyking tussen die bydraes wat die Nederlandse en Britse werke-departemente ten opsigte van kultuurstelling en bedryfsingesteldheid gemaak het. Die bepalende kriteria soos afgelei uit hoofstukke 3 en 5, word vergelyk om 'n beknopte gevolgtrekking te maak.

'n **Hoofsamevatting** wat oor al vyf die hoofstukke handel, volg met daarna die **gevolgtrekking** en **aanbevelings vir verdere studie**, wat die studie voltooi.
Die **bronnelys** volg voor die beknopte **ekserp** met sy Engelse vertaling die '**abstract**', daarna.

# HOOFSTUK 2: DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE DEPARTEMENT; 1877.

## 2.1 INLEIDING.

Die subprobleem wat in hierdie hoofstuk behandel word, is 'die vasstel van die invloed van die Eerste Vryheidsoorlog op die ontstaan van die Departement 'Publieke Werken'. Die hipotese lui: 'die totstandkoming van die Departement het uit staatkundige, kultuurpolitieke, asook administratiewe behoefte ontstaan.'

In hierdie hoofstuk word in die eerste plek gepoog om die ingesteldheid van die burgers van die Z.A.R. teenoor die staat en sy simboliese gebou ten tye van die vorming van die Departement en die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog, sowel as nà die oorlog, te ondersoek.

Die uiteensetting wat volg, beskryf eers die houding of ingesteldheid van die burgers aan die hand van tydgenootlike dokumentasie. Die ondersoek veronderstel dat hierdie houding in die geboue van die tyd gereflekteer word. Daarom word die geboue aan die hand van die dokumentasie ondersoek. Die latere Departement se kultuurpolitieke ingesteldheid vind sy beslag in hierdie periode en daar word gepoog om te wys hoe die oorlog ingewerk het op elke faset van die samelewing en regering en dus ook op die Departement 'Publieke Werken'.

## 2.2 HISTORIESE AGTERGROND.

### 2.2.1 PERIODE VOOR 1877.

Die benaming 'Zuid-Afrikaansche Republiek' is in 1853 amptelik aanvaar vir die nuwe staat 'Emigranten Boeren Noord van den Vaalrivier', so beskryf in die Sandrivierkonvensie (Heydenrych 1986:150). Die blanke inwoners was yl versprei en het 'n oorwegend landelike bestaan gevoer. Daar is aanvanklik hoofsaaklik drie geografies geïsoleerde blanke gemeenskappe gevestig: by Potchefstroom/Rustenburg, in die Soutpansberggebied by Schoemansdal en in die ooste by Lydenburgh/Ohrigstad (Heydenrych 1986:151). Dit is belangrik om te meld dat hierdie boere uit eie oorweging besluit het om uit die Kaapkolonie weg te trek en dat hulle onafhanklikheid vir hulle

kosbaar was. Hulle het hierdie afgeleë posisies dus self verkies.

Een gesamentlike politieke gesagsliggaam, die Volksraad, het al om die paar maande op 'n ander plek vergader, maar weens die boerderybelange van die lede en die groot afstande, is sittings meestal swak bygewoon.

Pretoria is in 1855 as sentrale regeringsetel aangelê (Engelbrecht 1952:5) maar volgens Heydenrych (1986:152), was daar teen 1860 nog geen eensgesindheid en samewerking binne die Z.A.R. se regering nie. President M. W. Pretorius (eerste Z.A.R.-President: 1857-1871) se beperkinge as staatshoof het duidelik geblyk uit sy twyfelagtige en ongeduldige optrede tydens die burgeroorlogperiode van 1860-1864 en sy naïewe hantering van die Diamantveldgeskil (1871) met die Britse regering (Heydenrych 1986:154-5). President T.F. Burgers is in 1872 as Staatspresident ingesweer, en erf finansiële wanorde, 'n primitiewe onderwysstelsel en onrus onder die swart stamme in en om die Z.A.R.

Pakenham (1997:201,239) wys ook daarop dat die deursnee burger van die Z.A.R. totaal onbewus was van sake van wêreldbelang en van wat buite die republiek se grense gebeur het. Die Frans-Pruisiese oorlog en die Berlynse kongres in 1878 waar die verdeling van Afrika tussen Brittanje en die Europese nasies onderhandel is, sou aan die meerderheid burgers verbygegaan het.




Fig. 2.1: Kerkplein tydens nagmaalsviering omstreeks 1870, foto geneem in 'n Noord-oostelike rigting. ( Engelbrecht 1952:18).

Amptelike geboue in die jare 1870, soos die eerste Staatsgebou of Raadsaal wat in 1866 by Kerkplein gebou is (kyk fig. 2.2), die ou tronk en die eerste poskantoor (Allen

1971:69), was eenvoudige gepleisterde rousteen-grasdakstrukture (Picton-Seymour 1977:273) en die enkele brûe wat bestaan het, was gekonsolideerde driwwe.

Die grootte, materiaal en ontwerp van die regeringsgeboue het hulle nie van die huishoudelike en kommersiële geboue onderskei nie, maar was in hierdie jare 'n blote weerspieëling van die naïewe ingesteldheid van 'n landelike Calvinistiese gemeenskap wat die Nagmaal as hoogtepunt van hulle sosiale bestaan gesien het. Die kerk was ook, heel gepas, in die middelpunt van die dorp, op die nagmaalplein geleë en was die hoogste struktuur in die dorp. In hierdie landelike soort dorp sou dit as onbetaamlik gesien word om meer as die minimum aan die staatsgebou te bestee, omdat dit in omtrek, hoogte en omvang nie met die kerk moes kompeteer nie. Die vorm wat die gebou aanneem, het dus nie te make met blote armoede nie, maar met die tydsgees.




Fig. 2.2 Die eerste Staatsgebou of Raadsaal op Kerkplein (Engelbrecht 1952:25) gebou in 1866. Hierdie geboutjie is afgebreek om plek te maak vir die huidige Ou Raadsaal.

Die herskrywing van die grondwet van die 'Zuid-Afrikaansche' Republiek het in 1877 vir afsonderlike staatsdepartemente voorsiening gemaak. Die Departement 'Publieke Werken' het so die lig aanskou met as amptenaar, 'n 'Inspecteur van Publieke Werken'. Hy moes direk aan die Staatsekretaris verslag doen. Die taak van die 'Inspecteur van Publieke Werken' was om toesig te hou oor die onderhoud van bestaande amptelike geboue en hulle inhoud, en ook oor die oprigting van nuwe geboue wanneer dit nodig sou word. Onderhoud van brûe en paaie was ook sy werk.

Hierdie eerste vormingsproses en ontstaan van die Departement is deur die anneksasie van die Z.A.R. op 12 April 1877 beëindig. Die nasionale krisis op hande het alle aandag geverg.

Alhoewel geredeneer kan word dat hierdie eerste vormingsproses slegs administratief van aard was en hoegenaamd nie kultuurpolities- of beplanningsgerig nie, mag die

weerspieëling van die kulturele waardes van die bevolking in hulle bestaande bouwerk in hierdie stadium nie misgekyk word nie.

### 2.2.2 DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG.

Lord Carnarvon, die Britse minister van Kolonies se beoogde federasieskema van Suid-Afrikaanse state (Van der Walt 1977:282) lei tot die anneksasie van die Z.A.R. op 12 April 1877. Volgens 'n besluit van President Burgers en sy Uitvoerende Raad op 11 April, word die anneksasie sonder protes aanvaar met slegs kortlikse beswaar op 12 April, die dag van proklamasie. Hierdie beleid van halfhartige verset het veroorsaak dat Sir T.Shepstone (Lord Carnarvon se gesant) volgens sy getuienis, aanvaar het dat die meerderheid burgers anneksasie verwelkom. Op 10 Mei vertrek S.J.P. (hierna Paul) Kruger en E.J.P. Jorissen na Londen om daar vreedsame oplossings te probeer vind.




Fig. 2.3: Anneksasie van Pretoria voor die eerste Staatsgebou (Engelbrecht 1952: 29)

Shepstone berig ondertussen uit Transvaal oor die vreedsame anneksasie en dat die inwoners van die Z.A.R. dit verwelkom het. Die sending was dus tot mislukking gedoem. So ook 'n tweede vrugtelose sending deur Paul Kruger en P.J. Joubert. Die Imperiale regering was nie bereid om die herstel van die onafhanklikheid van die Z.A.R. te oorweeg nie, ten spyte van onweerlegbare bewyse dat anneksasie teen die inwoners se wil was. Gevolglik kom die volk byeen en herstel die Volksraad onder die driemanskap: Paul Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert. Op 16 Desember 1880 klap die eerste skoot by Potchefstroom - die Z.A.R. het besluit om tot gewapende verset oor te gaan.

Na die slag van Bronkhorstspruit op 20 Desember 1880 word krygswet die dag daarná deur die Z.A.R. afgekondig. Die oorlog sou duur tot na die slag van Majuba, op 31 Maart 1881.

## 2.3 INGESTELDHEID VAN DIE BOERE.

Die aggressiewe toetrede van beide Otto von Bismarck (Duitsland) en Prins Leopold (België) tot die 'Scramble for Africa' (Pakenham 1997:187), Frankryk en Brittanje se inmenging in Egipte (1876-1985), Italië se inname van Assab in Oos-Afrika in 1882 en Frankryk se inname van Obock in Somaliland in 1881 (Pakenham 1997:188), sou wel op hierdie tydstip wêreldnuus wees, maar die meerderheid van die inwoners van die Z.A.R. het hulleself met eie oorlewing bemoei en sou nie belang hê daarby nie.

Dr. E.J.P. Jorissen (1897:21) beskryf die oorsaak van die gebrek aan 'n gees van nasionalisme ten tye van die anneksasie soos volg:
*' De eenige verontschuldiging die ik kan bijbrengen, of laten gelden, is het totaal gemis van vaderlandsliefde. Misschien moet ik verder gaan en verklaren, dat er in 1877 nog geen vaderland voor de Transvalers bestond. De Boer woonde op zijn eijgen plaats, vrij van alle aanraking met regeering: een koning op zijn eigen terrein. In zijn rust gestoord en gedwongen om zich met politieke zaken in te laten, waren't niet de belangen van het land of van het staat, maar die van zijne vrienden, zijne kliek of zijne kerk die hij ter harte nam. Eerst na, en seker door de annecsatie is het besef van burghers van een land te zijn bij de Boeren wakker geworden. De tegenspoed heeft hen geleerd!'*

### 2.3.1 HOUDING Ná ANNEKSASIE.

Die anneksasie van die Z.A.R. het die nasionale bewussyn laat ontwaak en in reaksie op die Britse Imperialisme ontstaan 'n gees van nasionalisme onder die Boere wat volgens Pretorius (1998:7) veel wyer as die grense van die Transvaal strek. In die Kaapkolonie word die Afrikanerbond in 1879 gestig met takke in die Oranje-Vrystaat en Transvaal kort daarna.

Nadat die tweede afvaardiging na Londen verslag gedoen het oor hulle mislukking, besluit die burgers van die Z.A.R. op 15 Desember 1879 by Wonderfontein dat, indien die anneksasie nie ongedaan gemaak word nie, 'n algehele boikot teen die Britse taal en hulle produkte ingestel sal word.

Theophilus Shepstone het onwetend deur sy anneksasie die Boere se onafhanklikheidstrewe versterk en verenig. Omdat hulle hartstogtelik geheg was aan hulle vryheid en 'n onwrikbare wil gehad het om te lewe, leer die anneksasie en verdere verwikkelinge aan die burgers van die Z.A.R. 'n waardevolle les: Eendrag maak mag (Coetzee *Sine Anno*:39,42).

## 2.4 DIE HOUDING VAN DIE BRITSE IMPERIALE REGERING.

Dr. E.J.P. Jorissen (1897:19) wys op 'n waarneming van Sir Bartle Frere (Britse hoë Kommissaris aan die Kaap) in sy biografie, dat 'Kapenaars 'n treurige geneigdheid' gehad het om die Engelsman as hoër wese te eerbiedig en dat die Britte daarom die Kapenaars in hul siel geminag het. President Burgers, wat die anneksasie nie teenstaan nie, was so 'n oud- Kapenaar, wat nie die moed van sy oortuiging kon vind om die Britse regering voluit teen te staan nie.

Na die aanvang van die wedloop om kolonies in Afrika in 1870 (Pakenham 1997) waaraan Brittanje, Frankryk, België, Italië, en later selfs Duitsland deelgeneem het, het Brittanje veral Suider-Afrika as sy kleim afgepen.

Volgens Van der Walt (1977:292) het Lord Carnarvon besluit om die Z.A.R. as 'hefboom' te gebruik om sy Konfederasieplan vir Suider Afrika te verwesenlik. Hy stuur vir Shepstone teen die einde van President Burgers se ampstermyn as sy gesant. Shepstone kom op 22 Januarie 1877 in Pretoria aan met die uitdruklike opdrag om met oortuigende redes te annekseer. Die Britse propagandaveldtog was reeds in volle swang - Henry Barkly (goewerneur van die Kaap vanaf 1870) telegrafeer byvoorbeeld op 25 Augustus 1876 aan Londen vanuit Lydenburg, dat 'n vergadering daar besluit het om Brittanje om anneksasie te versoek (Van der Walt 1977:293).

Shepstone nader President Burgers en verwittig hom dat hy tot anneksasie sal oorgaan omdat sy regering besware het teen die haglike finansiële toestande van die Z.A.R, omdat die binnelandse bestuur nie na wense is nie en omdat die Republiek nie die swart stamme binne sy grense kan beheer nie.

Die onvermoë van President Burgers en sy Volksraad om in harmonie saam te werk, gee vir Shepstone die geleentheid om van inherente swakheid en gebrek aan eensgesindheid in die regering te berig (Van der Walt 1977:296). Eers ná die oorlog sou die sterk leierskap van veral Paul Kruger en die strewe om onafhanklikheid die Boere saamsnoer (Pakenham 1997:91-2).

Die sleutel in die houding van die Britse Imperiale regering is duidelik die negentiende – eeuse 'sosiale Darwinisme' of 'race patriotism' (Pretorius 1998:10) wat die koloniseringsplan vir Afrika in die hand gewerk het, en dan uiteindelik tot die Tweede Vryheidsoorlog aanleiding sou gee (Pretorius 1998:8).

## 2.5 DIE VREDESONDERHANDELINGE.

In die vredesonderhandelinge na die bepalende slag van Majuba op 27 Februarie 1881, is die driemanskap bygestaan deur President Brand van die Oranje-Vrystaat, wat betekenisvol is aangesien hy deur die Britse regering gevra is om as tussenganger op te tree (Heydenrych 1986:150). In hierdie tyd was die Vrystaat volgens Heydenrych (1986:150) reeds in baie opsigte beskou as 'n modelrepubliek en gerieflik geleë tussen die Britse Kaapkolonie en die Z.A.R. Uiteindelik, het Paul Kruger gesê :" *Wij teekenen deze Conventie met een zwaar hart*" (Van der Walt 1977:318). Die vredesooreenkoms het volgens Van der Walt daarop neergekom dat Britse eer meer werd was as Transvaalse reg.

Die Konvensie van Pretoria van 3 Augustus 1881, het nie die onafhanklikheid van die Z.A.R. volkome herstel nie. Inderdaad was die gebied toe bekend as die 'Transvaal Colony', en was die gebied onder Britse susereiniteit, 'n baie vae begrip, wat beteken dat die Britse regering toesig gehad het oor buitelandse sake en wetgewing ten opsigte van binnelandse swartmense.

Die Londense konvensie, gehou op 27 Februarie 1884 het 'n mate van verligting gebring, maar volgens Paul Kruger se eie opsomming (Heydenrych 1986:183) kon die deputasie nie berge versit nie. Volkome binnelandse onafhanklikheid is aan die Z.A.R. toegestaan maar Britse susereiniteit is nie amptelik opgehef nie. Twaalf jaar later is hierdie saak weer van Britse kant af opgerakel. Artikel IV bepaal dat die Z.A.R. geen ooreenkoms met enige staat of nasie behalwe die Vrystaat mag aangaan sonder goedkeuring van Brittanje nie. Dit sluit ook die swart stamme ten ooste en weste van die Z.A.R. in.

Die manier waarop die vredesonderhandelinge deur die Imperiale moondheid hanteer is, het uiteindelik die nasionalisme onder die Boere nogmaals versterk sodat die Volksraad daarna baie meer bewustelik sou werk aan 'n sterk eenheidsbeeld vir die land.

## 2.6 DIE INVLOED WAT DIE OORLOG OP DIE SAMELEWING IN EN OM PRETORIA, DIE REGERINGSETEL, GEHAD HET.

### 2.6.1 TAAL.

Voor die oorlog was dit gebruiklik dat Pretoriase kinders tweetalig opgevoed is en Engelse onderwysers is as gebruik in alle skole aangestel. Na die oorlog van 1880-1881 en die herstel van die republiek het hierdie gebruik verander. Volgens Allen (1971:103) het die oorlog, die anneksasie, die verbroke beloftes van Britse kant en die Britte se onbeholpe hantering van die Boeregemeenskap, al hoe groter verwydering tussen Boer en Brit veroorsaak. Voorbeelde hiervan is Shepstone en Henry Barkly se leuens (Van der Walt 1977:293) aangaande die houding van die burgers ten opsigte van anneksasie en Shepstone se agteraf gekonkel met swart stamleiers Sekoekoeni en Cethswayo (Van der Walt 1977:296). Skielik was die gesamentlike uitstappies oor die taalgrens heen, wat vroeë Pretorianers van die jare 1860 en 1870 beskryf het, iets van die verlede. Ná die oorlog is slegs die Hollandse klasse aan skole met 'n klein subsidie gesteun en in 1889 gaan die regering so ver om die goed-gekwalifiseerde Engelse matrone, Miss Paget van die Pretoriase hospitaal af te dank en 'n ongekwalifiseerde Hollandse dame, Mev. De Jongh, in haar plek aan te stel (Allen 1971:103).

## 2.6.2 EKONOMIE EN WAARDESTELSELS.

Alhoewel sommige dorpe soos Pretoria tydelik geldelik by die anneksasie baat gevind het as gevolg van die groot aantal Britse troepe wat daar gestasioneer was, is die oorlog gevolg deur 'n intense geldskaarste wat boonop deur die vertrek van genoemde troepe vererger is.





Fig. 2.4: Pretoria middedorp, 1877-1897 (Engelbrecht 1952:57). Die kerk is sentraal in die dorp, met die belangrikste geboue, soos die Landdros- en poskantoor, die biblioteek, die hof en die Volksraadsgebou daarom heen gegroepeer.

Die ontdekking van goud en diamante het ekonomiese wrywing in 'n groot mate vererger (Coetzee *Sine Anno*:54) omdat die regering nie die nodige kennis gehad het nie. President Kruger het mense met ryk neerslae op hulle grond byvoorbeeld aangeraai om te verkoop, terwyl dit volgens 'n meer hedendaagse siening wys sou wees om te adviseer om die mynreg te verhuur. Die Boeregemeenskap was nie voorbereid op die instroming van delwers na die ontdekking van goud nie. Meestal was hulle ook nie voorbereid op rykdom nie (Coetzee *Sine Anno*: 50). Hulle was hoofsaaklik landbouers en veeboere wat plotseling 'n vreemde mynbevolking moes regeer wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder buitengewone omstandighede in hulle midde verskyn het. Net voor die Jameson-inval (1896) was daar reeds 100 000 immigrante in Transvaal. Hierdie mense was hoofsaaklik vyandiggesind teenoor die Z.A.R.-regering en bevolking. Baie boere wou wegtrek, maar die Z.A.R. was reeds 'omsingel' deur Britse kroonkolonies (Coetzee *Sine Anno*:54).

Dit word dus duidelik dat, alhoewel die Z.A.R. 'n land met baie ryk minerale hulpbronne was, die regering volstrek nie die rykdomme besit, uitgekoop, ontgin, of selfs net die waarde daarvan naastenby besef het nie en voortdurend in finansiële verknorsing was. Dit volg ook dat die instroming van vreemdelinge die nasionale eenheidsgevoel tussen die boeregemeenskap nog hegter sou maak. Behalwe die taalverskille was daar ook groot verskille tussen die lewensuitkyk van landelike kultuur en ekonomie aan die een kant en 'n industriële struktuur met sy militante kapitalistiese ekonomie aan die ander. Eenvoudiger gestel, het ons hier te doen gehad met waardestelsels wat bots.

In dieselfde tyd wat Victoriaanse oorvloedige boustyle in Brittanje en die Britse kolonies, selfs in die buurrepubliek die Oranje-Vrystaat aanhang geniet het, het boereleiers soos Paul Kruger verkies om in spartaanse eenvoud te lewe.



Fig. 2.5: Ou Presidensie, (1886) Bloemfontein (Japha 1991:17).




Fig. 2.6: Paul Kruger se huis vandag, in Kerkstraat, Pretoria (Allen 1971:10).

## 2.7 'PUBLIEKE WERKEN' NA DIE OORLOG.

Nadat die Z.A.R. in 1881 weer voorwaardelike onafhanklikheid herwin het, is die grondwet nogmaals herskryf. Volgens *Achievement*, 'n spesiale tydskrifuitgawe vir die Departement Openbare Werke (1980:13) was daar nie voorsiening gemaak vir 'n

Departement van 'Publieke Werken' nie, maar wel vir distriksrade. Navorsing deur die outeur van hierdie studie in die Transvaalse Argief bring egter aan die lig dat die werk steeds, soos voor die oorlog gedoen is deur 'n 'Inspecteur van Publieke Werken'. Die eerste aantekening in die argief (SS O R4489/81) dateer uit 1881 en handel oor 'n klag van diefstal *'omtrent stolen (sic) van rakken en uitbreken van vensters uit publieke gebouwen'.*

Hierna is daar heelwat verwysing na die 'Inspecteur' in dokumentasie in die staatsargief, maar in hierdie dae voor die ordening van die Departement onder Sytze Wierda, lyk die inspekteur se werk meermale soos dié van 'n nutsman wat te doen het met die herstel van geboue, telegraaflyne en diverse kleinighede. Vroeë aanvrae en korrespondensie in die Staatsargief (SS R 2022/83; SS R 1910/83; CR 4017/84) verwys meermale na die herstel van telegraaflyne en die aankoop van items soos emmers, kruiwaens, grawe, lym, kalk, en ook stoele, gordyne, en hier en daar 'n skotskar of die vervanging van gebreekte ruite.

By die ontstaan van die Departement in 1877 is daar hoofsaaklik administratiewe vereistes gestel. Weldra het die nuutgevonde patriotisme en nasionalisme as gevolg van die Eerste Vryheidsoorlog die regering se behoeftes verander en hulle visie verbreed. Die staatkundige behoefte aan 'n Departement om 'n waardige hoofstad, wat die staat in 'n fisiese sin kan verteenwoordig, kan bou en onderhou, ontstaan nou. Paul Kruger het besef dat hy nie die magtige Brittanje oortuigend sou kon teenstaan sonder om die beeld van sy hoofstad te verbeter nie (Allen 1971:39; Holm en Viljoen 1993:17). Sedert die anneksasie het dit ook duidelik geraak dat 'n beter en meer strategiese paaie- en brûestelsel onontbeerlik was vir die Republiek (SS/634; SS/641;SS R5012/88). Die instandhouding en uitbreiding van die telegraafstelsel, wat sedert die oorlog aanwesig was, het ook meer en kundige personeel geverg. Uiteraard sou 'n groter Departement ook administratiewe uitbreiding meebring.

Op kultuurpolitieke gebied moes die Departement die beliggaming van die ideale van die Volksraad uitbeeld. Volgens Paul Kruger, het die stem van die volk, die stem van God verteenwoordig (Smit 1951:202). Hy het ook geglo dat hy as staatshoof in die eerste plek aan God verantwoordelik is vir sy denke en dade. Die drie sluitstene van sy staatsopvattinge was die Christelike beginsel, die oppergesag van die volkstem en die

volk se onafhanklikheidstrewe. Dit moes lei tot 'n streng Calvinistiese lewe volgens die Woord van God, geen bandeloosheid of vrybuitery nie en 'n welgeordende staat volgens Christelike en republikeinse grondslag, in daardie volgorde (Smit 1951:204-5). Paul Kruger het as sy 'politieke testament' aan die 'Afrikaanse Volk' die volgende woorde nagelaat: *'soek in die verlede al die goeie en mooie wat daarin kan ontdek word, vorm daarvolgens u ideaal en probeer om vir die toekoms daardie ideaal te verwesenlik'* (Coetzee 1941:46). Hiermee het hy, volgens Coetzee, die republikeinse tradisie van 'n wordende nasie bedoel. Die nuutgevonde patriotisme en ideale van die volk en die verteenwoordigende Volksraad, kon uitgebeeld word in 'n nuwe stadsbeeld wat die buitewêreld sou beïndruk as sterk eenheidsimbool en -kultuurstelling. Dit sou daarom te méér belangrik wees dat argitektuur en stedeboukunde 'n eenheid moet vorm en dat 'n fors model of beeld vir die stad gekies sou word. Hiervoor was 'n werklik kundige, maar ook simpatiek-gesinde persoon nodig.

Die algemene gesindheid van simpatie jeens die Z.A.R. wat tydens die Eerste Vryheidsoorlog en vroeg in die jare tagtig in die Nederlande opgewek is, word weerspieël in 'n simpatiebetuiging wat Sytze Wierda in daardie tyd aan die Z.A.R. skryf (Rex 1974:318) en ook in sy werksaansoek in Junie 1882 (Rex 1974:319). Na 'n lang bemiddeling deur H.T. Bührmann ('n Z.A.R.-burger en kennis van Wierda) en nadat Paul Kruger Wierda se geboue in Nederland gaan besigtig het, is hy toe vir die pos gekeur (Rex 1974:320-33).

Dit wil voorkom of die nuutgevonde nasionale strewe van die Volksraad om sy kultuurstelling te verwesenlik deur die geboue wat opgerig word, vir eers skipbreuk gely het weens gebrek aan geld, want daar is noukeurig boekgehou van elke pennie. Ten tye van Wierda se aanstelling in 1887, beklee Johann F.B. Rissik (1857-1925) ook die pos van 'Inspecteur van Werken' (Rex 1974:372). Rissik is in 1895 amptelik as landmeter-generaal aangestel (Beyers 1981:483).

## 2.8 SAMEVATTING.

Die gestelde hipotese wat in die hoofstuk behandel is, is korrek bevind, aangesien die Departement uit sowel administratiewe, as staatkundige en kultuurpolitieke behoefte ontstaan het.

Alhoewel die Departement in 1877 primêr weens 'n administratiewe behoefte gestig is, verander die Eerste Vryheidsoorlog die hele politiese en sosiale struktuur van die land sodanig dat daar by die tweede vorming van die regering na die oorlog sterk kultuurpolitieke en staatkundige oorwegings ter sprake is, behalwe die voor-die-hand-liggende administratiewe behoefte.

Die kultuurpolitieke inslag het aan die vormingsproses van die Z.A.R.-regering en sy staatsdepartemente rigting gegee, aangesien dit die herkoms van die inwoners van die land vergestalt het. Uitgedruk in bouvorm, verteenwoordig geboue wat eerstens nodig is, maar dan ook as integrerende faktor kultuurpolitieke betekenis het, 'n positiewe nasionale standpunt teenoor die buitewêreld.

# HOOFSTUK 3: DIE Z.A.R. ERA (1877-1899)

## 3.1 INLEIDING.

'Om Wierda en sy Departement se oogmerke met betrekking tot kultuurstelling en bedryfsingesteldheid vas te stel', is die subprobleem wat in hierdie hoofstuk behandel word. Die gestelde hipotese lees: 'Wierda as leier van die Departement, het hom met die strewe van die Z.A.R. vereenselwig.'

Paul Kruger (Staatspresident van die Z.A.R.: 1883-1900) het besef dat die leuse van die staat, 'EENDRAGT MAAKT MACHT' veel beter uitgelewe sou kon word met 'n geskikte persoon, wat hierdie leuse in geboue kon formuleer, aan die roer van sake in die Departement (Holm en Viljoen 1993:17). So 'n persoon moes ook die waardes van die volk deel en moes beskik oor 'n sin vir grootsheid. Die argitek wat aangestel word moes met ander woorde die kultuurstelling van die staat sy eie maak, dit aan sy Departement oordra en ook sorg dat dit in 'n fisiese sin in die beboude omgewing verwesenlik word.

Die aansien en waardigheid van die staat was baie belangrik vir Paul Kruger en die Volksraad, soos by name genoem in sy hoeksteenleggingstoespraak by die Staatsgebouw, op 6 Mei 1889 (Holm en Viljoen 1993:15) (kyk bylaag A). 'n Bekwame hoof vir die 'Publieke Werken' Departement moes die staat se aansien help verhoog deur indrukwekkende argitektuur te skep en deur beheer uit te oefen oor die staat se menige bou-aktiwiteite. (Dit is nie bekend of Paul Kruger self of sy Staatsekretaris dr. Leyds vir die skryf van hierdie toespraak verantwoordelik was nie, maar die Staatspresident sou nie toesprake gelewer het indien hy nie met die inhoud saamgestem het nie.)



Fig. 3.1: Sytze Wopkes Wierda, (Rex 1974:343) het reeds genoeg ondervinding gehad maar was ook nog jonk genoeg om 'n besielde poging aan te wend met die skep van 'n beeld vir die Z.A.R.

## 3.2 SYTZE WOPKES WIERDA AANGESTEL AS 'GOUVERNEMENTS INGENIEUR EN ARCHITECT'.

Klaas van Rijsse ( - ) het vanaf Junie 1887 waargeneem as 'Gouvernements Ingenieur en Architect'. Sytze Wopkes Wierda (1839-1911) was opgelei as timmerman en het saans onderrig ontvang in boutekeninge. Daarna het hy hom verder bekwaam deur 'n leerjongenskap te ondergaan by die stadsargitek in Drachten. Op 36-jarige leeftyd is hy aangestel as 'hoofopzigter' van staatspoorweë in Amsterdam (Rex 1974:45-119). Hy was persoonlik in Nederland gekeur vir die Z.A.R. pos, en word in November 1887 aangestel, waarna hy Van Rijsse aanbeveel as sy assistent. In die jare negentig, betree die Republiek 'n bloeitydperk met nuwe bedeling en grondwet. Dit is beduidend dat Wierda se titel verander na 'Hoofd van Publieke Werken.' Sy opdrag bly volgens Rex (1974:374-7) steeds die totstandbrenging van sierlike, doelmatige brûe, die verbetering en bou van 'n netwerk van paaie en die bou van monumentale regeringsgeboue vir die Z.A.R., asook 'n aantal heelwat kleiner, doelmatige maar sierlike geboue.

'n Gebrek aan voldoende, permanente, goedbesoldigde vakkundige personeel en die onvermoë van die Volksraad om geld vir geboue beskikbaar te stel, het Wierda se taak van meet af aan bemoeilik en sy ideale aansienlik gekortwiek (Rex 1974:437). Hy het hom ten volle vereenselwig met die lot van die Z.A.R. (Rex 1974 :318-9) en het sy plek volgens sy oortuiging as Calvinis volgestaan (Rex 1974:318). Hy sou daarom nie weggelok kon word deur die meer winsgewinde praktyke van die goudvelde nie. Hy het vir twaalf jaar entoesiasties in sy werk, en trou op sy pos gebly en sy werk met uitnemendheid verrig tot en met die inname van Pretoria deur die Britse magte in Junie 1900 (Holm en Viljoen 1993:64).

## 3.3 STRUKTURERING EN WERKWYSE VAN DIE DEPARTEMENT.

Aanvanklik was Wierda en Van Rijsse se aandag waarskynlik ten volle in beslag geneem deur die opstel van die planne van die 'Gouvernements-gebouwen' (sic) in Pretoria. Volgens Holm en Viljoen (1993:27-8) moes die derde verdieping van dié gebou in 1890 byge'las' word in direkte opdrag van die Staatspresident, nadat die bouproses reeds aan die gang was. Dit het Wierda se taak nie makliker gemaak nie. Van 'n vaste struktuur in die Departement kon daar ook nie in hierdie stadium veel sprake wees nie, alhoewel genoemde twee argitekte reeds beplannings- en tekenwerk uit die boonste rakke gelewer het. Gebrekkige befondsing en onduidelike regeringstrukture kon in hierdie stadium die vormingsproses van die Departement belemmer het. Daar bestaan geen amptelike notules vir die jare tot en met 1890 nie, sodat aanstellings en ander vormingsprosedures uit los argiefgegewens en ander beskikbare bronne afgelei moet word.

Die enigste aanstellings wat vir die jare 1887-1889 opgespoor kon word, is :

i) <u>Johannes Egbertus Vixseboxse (1863-1943</u>), argitek en bouaannemer, wat in 1888 uit Rotterdam in die Z.A.R. aangekom het om onder Wierda te werk (Beyers 1987, vol V:900).

ii) <u>Johann Carl Maximilian Hager (1874-1917),</u> argitek-boumeester opgelei deur sy vader Carl Otto Hager, die bekende portretskilder, argitek, bouer en baanbrekerfotograaf van Stellenbosch (De Kock 1977,vol II:289). Volgens Rex (1974:375) neem Wierda hom in 1888 in diens.

iii) <u>Jan Hendrik Hollenbach (1852-1914</u>), argitek en dosent van buitengewone lyntekeninge aan die Staatsgimnasium in Nederland; kom in 1889 in die Z.A.R. aan (Ferreira 1977:184).

Dat daar nie 'n voortdurende stroom van werk was vir hierdie span goed-gekwalifiseerde argitekte nie, blyk uit die feit dat hulle in hierdie tyd ook privaatpraktyke gehad het. So het Van Rijsse en Vixseboxse byvoorbeeld vanaf 1889 tot 1890 'n privaatpraktyk beoefen (Rex 1974:374), voordat laasgenoemde in September 1890 in

die Oranje-Vrystaat as Inspekteur van Openbare Werke en Geboue aangestel is (Beyers 1987,vol V:900). J.C.M.Hager ontwerp ook in 1890 die bekende Groot Toringkerk in Middelburg, Transvaal (De Kock 1977, vol II:289).

Alhoewel dit selfs in daardie tyd ongewoon was vir argitekte in die openbare sektor om toegelaat te word om ook mededingend deel te neem aan die privaatsektor, moet dit aan die Departement se kant gesien word as 'n kwessie van oorlewing in baie moeilike finansiële tye. Daar moet ook in ag geneem word dat die vraag na meer standhoudende en waardige geboue in die nuwe, gevestigde gemeenskappe van die ontwikkelende land waarskynlik nie voldoende deur die paar argitekte, boumeesters en bouers wat plaaslik beskikbaar was, bevredig kon word nie. Verder sou die Boere waarskynlik Nederlandse argitekte bo Engelse argitekte verkies, (in die afwesigheid van Afrikaanse argitekte) veral wanneer dit by kerkbou kom.

Vanaf 1890 is dit duidelik dat die Departement op 'n meer gestruktureerde basis begin funksioneer het. Dit blyk ook daaruit dat daar vanaf hierdie datum redelik volledige notules van die 'Eersten Volksraad' in die argief bestaan (TAB ZAR 24). Hiervolgens is daar in 1890 in die Departement 'n tegniese sekretaris, 'n bode, en drie opsigters by bouterreine aangestel: in een jaar soveel personeellede as wat in die vorige drie aangestel is - die departementshoof inbegrepe! Daar word ook in hierdie jaar werk aangepak in 21 dorpe deur die Republiek - 'n duidelike aanduiding van finansiële vooruitgang (TAB ZAR 141:1890).

Vanaf 1890 tot in April 1899, stel Wierda met gereelde tussenposes nuwe tekenaars, opsigters by konstruksie-terreine, klerke en boekhouers aan (TAB ZAR 24). Op aandrang van die Volksraad was baie van hierdie aanstellings van tydelike aard. Sodoende kon laer salarisse betaal word.

Op 24 Januarie 1894 lyk die samestelling en jaarlikse vergoeding van die Departement soos gelys deur Wierda self, soos volg (SS 874/94) (Opsigters word nie in hierdie verslag vermeld nie. Waarskynlik is hulle in streekkantore ingedeel, soos blyk uit die aanstelling van H.C. Luitingh in 1894 in Potchefstroom):

| POS | JAARLIKSE SALARIS |
|---|---|
| Hoofd 'Publieke Werken'. | £850 |
| Assistent Ingenieur | £500 |
| Assistent Argitek | £500 |
| Tegniese sekretaris | £400 |
| 1e Klerk | £300 |
| Boekhouer | £275 |
| Assistent boekhouer | £225 |
| 2e Klerk | £250 |
| 3e Klerk | £225 |
| 4e Klerk | £200 |
| 1e Tekenaar | £275 |



Fig.3.2: Wierda en sy kantoorpersoneel buite die 'Staatsgebouw', Januarie 1897 (TABA 4628). Hierdie groep is saamgestel uit argitekte, tekenaars, opsigters en administratiewe personeel. Volgens die gebruik van die tyd is geen vroue as kantoorwerkers benut nie.

Wierda noem in die aanhef van hierdie jaar se verslag aan die Volksraad dat sy Departement nie meer die magdom werk kan hanteer nie en dat uitbreiding nodig is. Later in die jaar stel hy met die goedkeuring van die Volksraad eers twee, en later nóg twee tydelike tekenaars aan (SS 874/94). Die beleid van die Z.A.R. om van tydelike werknemers gebruik te maak is weereens 'n probleem vir die heer Wierda, aangesien hy sy eie personeel oplei.

Uit die jaarverslae vanaf 1890 tot 1899 word dit duidelik dat Sytze Wierda die leisels van sy Departement stewig in sy hande gehad het en dat hy elke argitek, tekenaar, opsigter, klerk en boekhouer se werk as sy verantwoordelikheid beskou het. Hy moes meermale direk aan die Staatspresident self verslag doen en het sy werk baie persoonlik opgeneem. Sy ywer en entoesiasme moes sy personeel aangevuur en beïndruk het.

Gedurende 1895 word daar twee tekenaars en een tydelike opsigter aangestel (SS MR 26/96) en gedurende 1896 stel Wierda nog vyf tydelike tekenaars en vier tydelike opsigters aan (TAB ZAR 24). Verdere aanstellings tot en met die oorlog in 1899 is net twee klerke.

### 3.4 OPLEIDING.

Tradisioneel is argitekte in Europa en Brittanje in die praktyke of studio's van gerespekteerde en gevestigde argiteksfirmas of regeringsafdelings opgelei. So het Klaas van Rijsse byvoorbeeld in Amsterdam aan die voete van Sytze Wierda self gesit (Rex 1957:26). Hierdie stelsel is in die latere helfte van die twintigste eeu aangevul deur die ontstaan van teken- en ontwerpkursusse aan gimnasiums en soortgelyke instansies. Wierda het byvoorbeeld 'winteravondonderwijs' in boutekene in die volksindustrieskool in Groningen ontvang (Rex 1974:66). Die kursusse is meestal saans aangebied en het dus nie die leerjongenskap vervang nie, maar het dit wel verbreed.

In die Z.A.R. was daar in hierdie stadium nog nie sprake van enige beskikbare opleiding nie. Die 'South African Association of Engineers and Architects' het wel in 1892 in die Z.A.R. tot stand gekom, maar volgens Cowin (1953:39) was die argitekledetal teen 1897 maar nege of tien en hulle was so apaties dat die argitekte uit die 'Association' geskrap is. Dit word dus hieruit duidelik dat argitekte in die Republiek destyds nog nie genoegsame belangstelling gehad het om hulle beroep deur wetgewing en/of geordende opleiding te probeer beskerm of bevorder nie.

Wierda moes waarskynlik besluit of hy argitekte wat deur iemand anders opgelei is van die vasteland af wou invoer, en of hy self die opleidingstaak wou behartig. Vanweë die

Republiek se kroniese geldskaarste, maar dalk ook omdat hy dit so verkies het, word daar vanaf 1892 net beginner-tekenaars aangestel, byvoorbeeld G. Heijink, wat op 31 Augustus 1892 in die pos van tweede tekenaar aangestel word (TAB ZAR 24). Wanneer Wierda argitekte en boukundiges wat wel reeds opgelei is in diens neem, dien hulle as opsigters by die staatsgeboue wat opgerig moes word, byvoorbeeld die heer J.C.Klasing wat in 1895 as gekwalifiseerde argitek in Pretoria uit Amsterdam aankom (Ploeger 1994:79), en J.G. Kraan wat in Den Haag opgelei is (Malherbe 1959:118).

Die voordeel van Wierda se opleidingstelsel is voor-die-hand-liggend: behalwe die eenvormige opbou van 'n deeglike tekenaarskap, het hy 'n duidelike kans gehad tot die skep van 'n integrerende boukundige siening by elkeen van hierdie mense wat deur hom opgelei word.

## 3.5 BOEKE WAT DEUR WIERDA EN SY DEPARTEMENT GEBRUIK IS.

Die boeke wat hier gelys word, is gedurende 1999 as deel van dié navorsing in die kantore van die huidige Departement Openbare Werke opgespoor. Onder geen omstandighede moet daar aangeneem word dat hierdie lys volledig kan wees, na al die jare en omwentelinge wat die Departement deurgemaak het nie. Aangesien daar geen inventaris gevind kon word nie en dit blykbaar ook nie bestaan nie, is dit selfs denkbaar dat van die meer gesogte eksemplare algaande kon 'verdwyn' het. Tog dui die voorbeelde wat tans nog te vind is, op die tipe praktyk wat Wierda en sy Departement beoefen het, en is dit aanduidend van die ingesteldheid van hierdie argitekte. Hierdie boeke van die Departement is voorin duidelik met 'n stempel gemerk en dit word kortliks bespreek:

*Architektonische Studien-Blätter.*18--. Ausgewählt von H. Ende. (Baurath und Professor der königlichen Hochschule zu Berlin). Serie I, Band I, II; Serie III, Band I, II; Serie IV. Berlin: Hessling & Spielmeyer.
In hierdie boeke kom daar 'n hele paar voorbeelde van die werk van M. Gropius saam met die argitek Schmieden voor, gedoen in Berlyn in die jare 1877-1881. Die geboue is meestal in Pruise geleë, daar is heelwat Franse invloed en heelwat geboue in baksteen en sandsteen. Reuse-orde en Italiaanse Renaissance-styl kom ook heelwat voor. Die vyfindeling-ontwerp (Holm en Viljoen 1993:25) kom ook dikwels voor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Achitektur der Gegenwart.* 1892. Herausgegeben von Hugo Licht (Staedischer Baudirektor: Leipzig). Band I, II, III. Berlin: Wasmuth..

Geboue, hoofsaaklik in Pruise, maar ook in die res van Europa wat gebou is tussen 1860 en 1890, is hier afgebeeld. Daar is van groot foto's en planne gebruik gemaak (kyk Fig.3.3).




Fig. 3.3: Domhotel, Keulen, argitekte: Kayser en Groszheim. (*Architektur der Gegenwart* 1892). Die middelkoepel se ontwerp herinner sterk aan Wierda se 'Gouvernementsgebouw' (kyk Fig. 3.48.

*De Architect.* Tydskrif van Vereniging Architectura et Amicitia, Amsterdam. Verskeie datums en aflewerings uit die laat-negentiende eeu.

Die ontwerp en beplanning van hospitale, gestigte, skole, museums en ander uiteenlopende geboue van oor die hele wêreld word bespreek en uiteengesit in hierdie belangwekkende tydskrifte. 'n Portfolio van planne is ingesluit.

*De Bouwmeester. Ontwerpen, schetsen en details*, 1885-1889.

Wierda het namens die 'Publieke Werken' Departement ingeteken op oorsese tydskrifte sodat hulle nie tred moes verloor met verwikkelinge op die Europese vasteland nie.

*Décoration Ancienne. La Ferronerie Francaise.* 18--. Charles Schmid, ed. Paris:Librairie Générale de l' Architecture et des Arts Décoratifs.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Metaalbeslag en -versierings uit die sewentiende en agtiende eeu word uitgebeeld.

Ewerbeck, François und A. Neumeister. 1884. *Die Rennaissance in Belgien und Holland*. Band I. Leipzig: Seeman.

Ewerbeck, François. 1891. *Die Renaissance in Belgien und Holland*. Zweiter Band. Leipzig: Seeman.

Ewerbeck, François. 1889. *La Rennaissance en Belgique et en Hollande /D'Architecture et d'art Industriel*. Volume IV. Leipzig: E. Lyon Claesen.

Fonteyne, J. 18--. *Kunstschmiede-arbeiten: Documents practiques d'Architechture*. Berlyn: Claesen & Cie.
Duidelike afbeeldinge, sommige met afmetings en ook sommige in werktekeninge-formaat met vermelding van die ontwerper en die gebou waarvoor dit ontwerp is (kyk Fig.3.4).






Fig. 3.4a: Roosters uit '*La Ferronerie Francaise*', in Wierda se boekery.

Fig. 3.4: *Fonteyne*: 'n Voorbeeld van smeewerk wat moontlik deur Wierda gebruik kon gewees het vir die deurpanele van die Staatsmodelskool, (kyk Fig.3.36).

Guérinet, A. 18--. *Les Médailles des Concours d'Architecture*, de l'Ecole Nationale des Beaux-Arts A Paris. Paris: Librairie Spéciale d'Architecture.
Hierdie tipe boek op die rak van die 'Publieke Werken' wys op 'n belangstelling in die argitektuur buite die Republiek, in die Westerse 'vormingslande', en veral op kompetisies.

Krook, L. 1894. *Architectur der Niederlande.* Lieferung 1. Leipzig

Metman, Louis, (dir. Le Musée des Arts Décoratifs, Palais du Louvre, Pavillion de Marson.) & J.L. Vaudoyer. 18--. *Le Métal.* 18--. Première partie, Deuxiéme partie. Paris: Le Musée des Arts Décoratifs.

Dit bevat brons- en loodversierings en -beslag uit die negentiende eeu, uit Frankryk en Vlaandere. Ook huishoudelike koperware soos ketels uit die Franssprekende lande word afgebeeld. 'n Reeks bronsbeelde uit die museum word ook in die boek ingesluit.




Fig. 3.5: Voorblad : *Architectur der Niederlande*: 1894.




Fig 3.6: Basler Brandversekeringshoofkantoor en woonhuis: Berlyn (1891-1893) Argitek: G. Knoblauch. (*Architektur der Gegenwart*: 1892). 'n Voorbeeld van die baksteen- en klip-argitektuur van Pruise wat veral deur die invloed van Schinkel (kyk 3.9.1) gewild gemaak is.

Schreiber, G. 1864. *Lehrbuch der Perspective mit einem Anhang über den Gebrauch geometrischer Grundrisse.* Leipzig: Alfred Oehmigke's Verlag.

Hierdie is die oudste boek in die versameling en is gekoop van 'Missionshandlung, Hermannsburg' in Hannover. Hierdie boek kon heel moontlik in Wierda se besit gewees het toe hy die land binne gekom het – veral aangesien Hannover baie naby aan die grens van Nederland geleë is.

*The Builder Building News*. 1895-1896. 'n Britse argitektuurtydskrif wat vir twee jaar lank deur die Departement 'Publieke Werken' ontvang is.

*Zeitschrift des Architect und Ingenieur Vereins, Hannover*. 1894.

*Thurmbuch. Thurmformen aller Style und Laender : Gesammelt und Gezeichnet von Conrad Sutter*. 1895. Berlin: Wasmuth.
Meestal Duitse, maar ook heelwat Nederlandse, asook Belgiese, Switserse, Engelse, Italiaanse, Hongaarse en selfs Russiese toringgeboue word in hierdie boek geanaliseer en elementsgewys gekategoriseer.




Fig. 3.7: Torings van die Neue Kirche, Berlyn en die Katholische Hof-kirche, Dresden. (*Thurmbuch*: 1895)




Fig. 3.8: Torings van die San Carlo alle Quattro Fontane, Rome; San Agnese, Rome; San Maria di Carignano, Genua; Villa Medici, Rome en Superga, Turyn. (*Thurmbuch*: 1895.)

Ontleding van hierdie lys boeke lei noodwendig tot die gevolgtrekking dat Wierda 'n belese, denkende mens moes gewees het, wat meer as een vorm- en stylinvloed teen mekaar opgeweeg het in die ontwerp van geboue, en deurgaans by ontwikkelinge op sy vakgebied probeer bybly het. Hierdie openheid vir invloed van buite geld ook nie net vir sy kontinent van herkoms, Europa nie, maar hy kyk wyer, en sluit die Britse eilande, asook die lande van Oos-Europa, in. Wierda gebruik dan hierdie agtergrondkennis as 'n uitgangspunt in sy argitektuur, waarop hy die kultuurstelling van sy aangenome volk ets, en dra die geheelbegrip aan sy personeel oor.




Fig. 3.9: Torings uit die Republikeinse tyd.

1. Gereformeerde kerk: (nie 'Publieke Werken') Ontwerp deur K. van Rijsse. (Picton-Seymour 1977:287).
2. Paleis van Justisie. 'Publieke Werken'. (TABA 20302).
3. Groote Kerk (nie 'Publieke Werken') ontwerp deur Kraan en Wijers, TABA 20322).
4. Ontwerp vir Staatspresidentswoning: K. van Rijsse, 'Publieke Werken'. (Holm 98:72).
5. Ou Raadsaal: 'Publieke Werken'. (Holm en Viljoen 1993:22).
6. Rissikstraat poskantoor: 'Publieke Werken'. Holm 1998:75).
7. Sentrale toring, Artilleriebarakke: 'Publieke Werken'. (Picton-Seymour 1977:279).

(Kyk ook 3.52)

Wanneer die boukundige herkoms van Wierda ondersoek word, word dit gou duidelik dat hy die benodigde stadsbeeld en argitektuur vir die Z.A.R. nie kon herlei na die dorpe van sy grootword- en ontwikkelingsfase nie (kyk Fig.3.10,11). Selfs die geboue wat hy in Nederland ontwerp het en wat deur Paul Kruger besoek is (kyk 2.7), spreek van 'n eg-Nederlandse, soekende, hoewel Klassisistiese ontwerpinslag (kyk Fig. 3.12,13). Wanneer die toring van die kerkgebou in Baarn byvoorbeeld vergelyk word met dié van Wierda se torings in die Z.A.R. (kyk Fig.3.9) en die torings uit die

'*Thurmbuch*' (kyk Fig.3.7;8) word dit duidelik dat Wierda, alhoewel hy op elemente van sy ontwerpherkoms soos die sterk baksteentradisie voortgebou het, verder uitgekring en sy ontwerpwoordeskat vergroot het.

Die vorms van die torings van die Ou Raadsaal en Paleis van Justisie toon uiteindelik 'n Italiaanse inslag wat vorm aanbetref, maar wat tekstuur aanbetref is die gevoel Pruisies, of Duits (vergelyk Fig.3.7;8). Wierda moes dus sy boekery gebruik het om sy idees te help vorm. Die invloed wat hy op die argitekte in sy afdeling uitgeoefen het, is duidelik uit die torings van die Gereformeerde kerk, ontwerp vir die Staatspresidentswoning en artilleriebarakke (Klaas van Rijsse – kyk Fig.3.9) en die toring van die Groote Kerk (Kraan en Wijers – kyk Fig. 3.9).




Fig. 3.10: Kerkgebou, Wijnjeterp: 'n gebou wat 'n baie belangrike plek in die lewe van die jong Wierda ingeneem het (Rex 1974:29)




Fig. 3.11: Drachten, tweede helfte van die 19e eeu: die dorp waar Wierda sy opleiding as boukundige tekenaar ondergaan het. (Rex 1974:88)

Hierdie werk van Wierda in Nederland toon min of geen ooreenkoms met sy latere werk in die Z.A.R. Die naïewe gebruik van Romaanse en Gotiese vorms wat sy werk in Baarn toon, kom nooit weer voor nie, moontlik omdat kerkbou nie deel van sy verpligtinge was nie, of omdat Paul Kruger dié style as Rooms kon beskou het.

Wierda bereik in elk geval eers in die Z.A.R. sy volwasse 'Gestalt-ideal' – 'n begrip wat deur Kaufmann (1966:11) uitgedruk word as die stelsel waarvolgens elke argitek werk, wat hy met sy tydgenote deel en wat gevisualiseer word tot 'n argitektoniese sisteem. Die argitektoniese sisteem van Palladio wat as basis gebruik is in die Renaissance- en Barok-tydperke het bestaan uit aaneenskakeling, integrasie en skakering (Kaufmann 1966:11). Hierdie stelsel vorm ook die basis van Wierda se werk in die Z.A.R. Die eerste teken hiervan word reeds gesien in sy kerkgeboue in Zaandam, Nederland (1873) (Rex 1974:233), en Nieuwendijk (1878) (Rex 1974:252). Daar vind egter nog vermenging met Gotiese vorms plaas.



Fig.3.12: Die 'Jongeheeren Instituut Eikenhorst' te Baarn, Wierda, 1887. (Rex 1974:210)




Fig 3.13: Kerkgebou te Baarn, Wierda, 1880. (Rex 1974:254). In die Z.A.R. herhaal Wierda nie die Middeleeuse motiewe wat hy hier gebruik nie.



Fig. 3.14: Kerkgebou, Zaandam (1874) (Rex 1974:233) ontwerp deur Wierda met vermenging van Gotiese en Klassieke elemente.

## 3.6 SPESIFIEKE LOOPBANE BINNE DIE 'PUBLIEKE WERKEN' DEPARTEMENT.

Volgens die amptelike volkstelling van 1890 was daar op hierdie tydstip 13 argitekte (dit sou ook tekenaars insluit, aangesien hulle nie apart gelys is nie) in Pretoria werksaam (1891, bladsye nie genommer nie). Dit is ongelukkig nie bekend hoeveel privaat-argitekte in daardie tyd in Pretoria woonagtig was nie, maar die meeste privaat-firmas het die ryker weivelde van die Johannesburgse goudvelde verkies (19 argitekte is op die goudvelde woonagtig) bo die arm regeringsetel. Picton-Seymour (1976:295) noem De Zwaan, Frans Soff, en D.E.Wentink, later ook Moffat en McIntosh, maar gee geen datums nie. Dit is dus nie te sê dat hulle almal op dieselfde tyd in Pretoria woonagtig was, of dat hulle nie vanaf die Rand gepraktiseer het nie. Daar kan dus met redelike sekerheid aangeneem word dat die meerderheid argitekte wat in Pretoria woonagtig was, in die Departement werksaam was.

Die Tekenpersoneel.

NOTA: Navorsing oor wie hierdie persone was,en hoe hulle loopbane ontplooi het,is nuwe navorsing wat deur die outeur gedoen is as aanloop tot hierdie studie om die struktuur en ontwikkeling van die Departement na te gaan en die stand van opleiding te peil. Ordening is volgens datum van aanstelling. Inligting soos sterftedatums wat ontbreek, is na die wete van die outeur nie in die Transvaalse Argief beskikbaar nie.

Rutgers, Jan Hendrik. (1867-1928). Gebore in Doesburg, Nederland.
Hy word aanvanklik aangestel as klerklike hulp aan Wierda se kantoor, maar word weldra deur Wierda uitgesonder vir opleiding as tekenaar (SS R 10894/90). Op 1 Augustus 1893 vra hy ontslag uit hierdie pos en stel aan Wierda voor dat G. Heijink in sy plek as tekenaar opgelei word (SS R 8284/93). Dit is nie duidelik waarom hy in hierdie stadium verkies het om te bedank, en die opleiding as boukundige tekenaar te versmaai nie.
Op 1 Augustus 1895 word hy weer as leerlingtekenaar aangestel, in 'n tydelike pos, teen 'n salaris van £350 per jaar. 'n Vaste aanstelling volg in 1896 (SS R 6033/95).
Lid van die Hollanderkorps.

Van de Stadt, Jan Willem. ( - )
Dit is nie duidelik wanneer hy die eerste maal aangestel is nie, maar hy word op 1 September 1892 saam met J.C.M.Hager uit sy pos as 'adjunk-architect' afgedank. Die afdanking volg op n volksraadsbesluit wat geneem is as gevolg van n tekort aan fondse. Die besluit is geteken deur Wierda (SS R 8279/92).

Hy word in Oktober 1895 deur Wierda in die pos van hoofopsigter heraangestel (SS 10442/95).

Heijink, Gerrit.(1867-1945) Gebore in Amsterdam, Nederland (Ploeger 1994:70).
Hy word luidens 'n volksraadsbesluit van 31 Augustus 1892 as tweede tekenaar aangestel en word tot boukundige tekenaar bevorder wanneer J.H. Rutgers in 1893 bedank (SS R8284/93). Die waarnemende hoof van 'Publieke Werken', waarskynlik Klaas van Rijsse, bevorder hom in 1895 tot tekenaar (SS R 10441/95).
Op 12 April 1899 skryf hy 'n brief aan J.G. Kraan waarin sy titel vermeld word as 'Architect, Publieke Werken' (PW 1488/99).
Lid van die Hollanderkorps.

Boursse, Ernst. ( - )
Hy word op 11 September 1893 as tekenaar aangestel teen 'n salaris van £225 per jaar. Soos alle amptenare van die Z.A.R., word daar ook van hom verwag om 'n eed van getrouheid aan die staat voor die landdros af te lê (SS R 8284/93).
Hy vra ontslag aan uit hierdie pos in 1894 (SS O 4257/94), maar word op 1 Augustus 1895 weer as tydelike opsigter aangestel, met 'n salaris van £350 per jaar.

Winters, Jurrie. (1867-1895) Afkoms: uit Assen, Drente in Nederland (Ploeger 1989:236).
Oorspronklike beroep: timmerman.
Hy word op 1 Julie 1894 as tekenaar aangestel teen £300 per jaar (SS R 4558/94). Op 1 Augustus 1895 word hy bevorder tot tydelike opsigter teen £350 per jaar, maar sterf 'n maand later (SS R 6033/95).

Wijers, Jan Brink.(1866-1953) Gebore in Van Eist, Gelderland, Nederland (Ferreira 1977:193).
Hy kom in 1889 as argitek, eers na Johannesburg en werk daarna in Bloemfontein (Ploeger 1994:148).
Hy word op 1 Augustus 1894 as tydelike tekenaar in die Departement aangestel (SS R 4558/94) en word na 'n uitvoerige briewewisseling tussen Wierda, Staatsekretaris Leyds, die Staatsprokureur en die sekretaris van die uitvoerende raad as landsburger genaturaliseer voordat hy die vereiste twee jaar in die land woonagtig is. Die rede vir hierdie uitsondering is sy goeie tegniese vermoëns en kwalifikasie. Hy word vas aangestel

in 1896 (SS R 6033/95).
Lid van die Hollanderkorps.

Lindhout, Simon Pieter van Wijngaarden. (1868-1932) Gebore in Tholen, Zeeland (Ploeger 1994:87).
Vertrek in 1894 uit Nederland, en was volgens Ploeger (1994:87) by sy vertrek reeds opgelei as boukundige en skrynwerker. Wierda stel hom vanaf 1 Januarie 1895 as tweede tekenaar aan, teen 'n jaarlikse salaris van £300 (SS R 10441/95).
Lid van die Hollanderkorps.

Siemerink, Hendrik. ( - ) Herkoms: Nederland.
Wierda stel hom in Augustus 1895 voorlopig as tekenaar aan en bevorder hom dan in 1896 na 'n vaste aanstelling teen £350 per jaar (SS R 6033/95).
Lid van die Hollanderkorps.

Di Gazar, Jan Christiaan Dirk. (1863-1897) Gebore in Amsterdam, Nederland. (Ploeger 1994:60).
As tydelike tekenaar aangestel op 23 September 1895, teen 'n salaris van £350 per jaar. Oorlede op 1 Oktober 1897 (SS R 6033/95).

Theijssen, Johannes Willem. ( - )
Hy word op 21 Mei 1896 deur Wierda voorgestel as tydelike leerling-tekenaar teen 'n salaris van £180 per jaar (SS R 6162/96). Hy moes van meet af aan opgelei word, aangesien hy voor sy emigrasie uit Nederland na die Z.A.R. 'n polisieman was (Ploeger 1989:209).
Lid van die Hollanderkorps.

Basslé, Jan G. P. (1870- ) herkoms s'Gravenhage, Suid-Holland (Ploeger 1989:17).
Hy vertrek in 1894 uit Nederland, met die doel om in die Z.A.R. te vestig. Hy word op 3 Augustus 1896 deur Wierda aangestel as tydelike leerling-tekenaar teen £180 per jaar (SS R 6162/96), maar bedank in 1899 om 'n klerk van die Eerste Volksraad van die Z.A.R. te word (Ploeger 1989:17).
Lid van die Hollanderkorps.

Giselaire, Joseph. ( - ) (noem homself moontlik ook de Glissiere) (Ploeger 1990:24:38,39). Van Belgiese afkoms.

Hy word in 1896 deur Wierda aangestel teen 'n salaris van £350 per jaar.(SS R 6033/95).

Sluijter, Hendrikus M.( - ) Gebore in Amsterdam, Nederland (Malherbe 1959:201).

Hy word op 18 Oktober 1898 in die plek van Di Gazar aangestel as tydelike tekenaar, na die oorlye van laasgenoemde(SS R 6033/95).

Hy word in 1899 as 'n landsburger van die Z.A.R. genaturaliseer (Ploeger 1989:197).

Heukelman, Jan. ( -1954)

Hy word deur Rex (1974:375) aangegee as 'n tydelike tekenaar / opsigter in die later helfte van die jare negentig.

Hy was waarskynlik die seun van die wewer Herman (Swieringa 1983:110) en Hendrika Heukelman wat in 1870 met hulle vier kinders uit Nederland na die Z.A.R. geëmigreer het (Ploeger 1989:93).

Meeth, Johannes. ( - )

Hy word deur Rex (1974:375) as personeellid gelys en kom voor op die foto van die tekenpersoneel in hulle kantoor. Daar kan dus met redelike sekerheid afgelei word dat hy 'n tekenaar was.

Breijer, Jan Hendrik jnr. (1890-1940) Gebore in Arnhem, Nederland (Malherbe 1959:28).

Tekenaar in die Departement. (Rex 1974:375).

Lid van die Hollanderkorps, peloton IV (Ferreira 1977:180).

Ander tydelike tekenaars wat tussen 1896 en 1899, voor die uitbreek van die oorlog, aangestel is, sluit name in soos P.S.Bellaard, Andries van Veen (SS R 6162/96) en G.W. Hudson. (SS R 6161/96).

Niemand sal met sekerheid kan sê hoe volledig hierdie lys van tekenpersoneel vir die jare 1877 tot 1900 is nie en dit verskil ook van die lys van Rex (1974:375). Rex noem nie die name van Sluijter, Basslé, Van Veen (tekenaars), en Hellberg, Hofman, Huijsse, Hullerstelle, Orenen, van Beest van Andel, van Beusekom, van Neck, van Wijngaarden, en Wink (opsigters) nie. Hy sluit name in wat wel in 'n werkedepartement werksaam was,

maar by die N.Z.A.S.M. Hierdie groep sluit name soos H.J.C. Groeneveld (Ploeger 1989:79) en J.R. Burg (Ploeger 1989:51) in. Van der Maas en M.H. Bruijn wat deur hom as tekenaars genoem word, word in die deportasielys van 1900 genoem as klerke (GZR 7368/00 61 deel 1). Die ander name wat deur Rex ingesluit word, is: P. Oranje, K. Hartshalt, J.D. Staats, G. Langman, W. Kool, H.C. Weeber, Klaver, Barneveld, H. Tjasink, G.J. ten Haghuis, W. Wijsbek, en J.A. Smink, wat nie tans in die beskikbare bronne opgespoor kan word nie, aangesien Rex se verwysde bronne nie almal in die argief gevind kan word nie. Dit beteken nie dat hulle nie bestaan nie, of nie in die Z.A.R. teenwoordig was nie. In die 'Buitengewone Staatscourant, 18 November 1899' word W. Kool as vermis aangegee en W. Wijsbek en H. Groenewald (moontlik dieselfde persoon as H. Groeneveld?) na die slag van Elandslaagte as lede van die velddienseenheid van die Hollanderkorps genoem. Dit is verder bekend dat W. Kool 'n timmerman van beroep was (Ploeger 1989:120). Die moontlikheid is groot dat hy wel na sy aankoms uit Nederland in 1895 in die boubedryf betrokke was. P. Oranje werk later vir die Britse regering (kyk 5.6).

Wat wel met sekerheid vasgestel kan word, is die gehalte van die werk wat in hierdie tyd deur hierdie mense, wat deur Wierda opgelei en geïnspireer is, gedoen is. Aan deeglikheid kon Wierda se opleiding nie ontbreek het nie, want elke gebou wat in die jare 1877-1899 gedokumenteer is, se tekeninge en spesifikasies spreek daarvan. Tog moet Wierda se hoofskap van die 'Publieke Werken' Departement nooit uit die oog verloor word nie, aangesien hy homself deeglik vergewis het van elke besonderheid en ontwerp voordat hy tekeninge onderteken het. Hy aanvaar met ander woorde volle verantwoordelikheid vir elke aspek van die werksaamhede van elke lid van die Departement en bly ten volle in beheer daarvan (Rex 1974:401).

Die uitvoering en beheer van die bouproses ter plaatse, is eweneens oorgelaat aan 'n vertroude en goed-opgeleide span. Wierda gebruik as opsigters die mense wat reeds gekwalifiseerd was wanneer hy hulle aanstel. Daar kan afgelei word dat hy wou voorkom dat sy leierskap op ontwerpgebied moontlik aangetas kon word, en wou verseker dat die bouwerk volgens plan, met die regte details en binne die begroting gebou word. Op die skaal wat die Departement in hierdie jare funksioneer, werk hierdie stelsel uitstekend. Dit word bewys deur die ooreenkoms tussen tenderprys en uiteindelike boukoste by die oorgrote meerderheid van die werke (TAB ZAR 141). Soms is daar selfs besparings, soos by die Staatsartilleriekaserne (kyk 3.7.3.2). In die min gevalle waar daar ekstra kostes ter

sprake is, lyk dit asof dit meestal van die onvoorsiene tipe is, soos swak grondtoestande, byvoorbeeld by die 'Landdrost-, Post- en Telegraafkantore' in Potchefstroom (kyk 3.7.3.6).

Opsigters in die Departement.

Obermeyer, Charles Ferdinand. ( - )
Rex (1974 p:375) gee hom aan as tegniese personeellid in 1888. Hy word in Augustus 1895 saam met Van de Stadt en Leijer deur Wierda as tydelike hoofopsigter aanbeveel en teen £500 per jaar aangestel (SS R 6033/95).
Volgens Pama (1983:239) het die eerste Obermeyer in 1777 uit Ansbach in Duitsland na die Kaap verhuis. Die waarskynlikheid is dus groot dat Charles Obermeyer 'n landsburger was, alhoewel dit nie seker is nie.

Luitingh, Hermanus Cornelis (1860-1936) Afkomstig van Gelderland, Nederland (Ploeger 1994:89).
Luitingh was 'n bierhandelaar in Nederland (Ploeger 1989:140), maar was ook opgelei as argitek (Ploeger 1994:89).In 1887 vertrek hy uit Zeeland na die Z.A.R.
Hy word op 12 April 1893 deur Wierda aangestel as tydelike opsigter teen 'n salaris van £300 per jaar. Op 1 November 1897 kry hy 'n verhoging van £50 per jaar en na die dood van J.C. Leijer word hy op 1 April 1898 tot hoofopsigter bevorder (SS R 6033/95).
Vanaf 1894 werk hy in Potchefstroom (Ploeger 1994:89) vir die Departement.
Genaturaliseerde Z.A.R. burger.
Lid van die Potchefstroom-kommando.

Kraan, Johannes Gijsbertus.(1865-1932) Herkoms: Dordrecht, Suid-Holland (Ploeger 1989:123).
Hy vertrek in 1893 uit Rijswijk na die Kaap, waar hy tot in 1895 by Openbare Werke werksaam is (Ploeger 1994:2). Op 1 Julie 1895 stel Wierda hom aan as tydelike opsigter teen 'n salaris van £360 per jaar. Volgens Ploeger was hy al reeds in Nederland as opsigter van werke werksaam. Ons weet dat hy in Den Haag opgelei is (Malherbe 1959:118). In 1898 stel Wierda hom aan die Staatsekretaris voor as tekenaar (eersteklas- £400 per jaar), maar Kraan vra om eerder verhoog te word na eerste opsigter. G.Heijink word dan bevorder na eerste tekenaar.
Genaturaliseerde Z.A.R. burger.

Klasing, Jacobus Coenraad. (1862-1911) Afkomstig van Amsterdam (Ploeger 1994:79). Hy vertrek in 1895 as gekwalifiseerde argitek uit Nederland en word in Augustus van dieselfde jaar voorlopig deur Wierda as opsigter aangestel.In 1896 bekom hy 'n vaste aanstelling teen 'n salaris van £350 per jaar (SS R 6033/95).
Lid van die Hollanderkorps, peloton V (Ferreira 1977:185).

Van de Stadt, Jan Willem.( - )
Nadat hy in 1892 as argitek deur die Departement ontslaan is (sien lys van argitekte) word Van de Stadt in Oktober 1895 saam met J.C.Leijer en C.F.Obermeyer bevestig in die amp van hoofopsigter en lê hulle saam die eed van getrouheid teenoor die Staat af (SS R 10442/95).

Leijer, Jakob Christiaan. (1855-1898)
Volgens Ploeger (1994:86) was hy 'n bekende fotograaf van geboue. Hy is as hoofopsigter aangestel in 1895, en sterf in Januarie 1898 (SS R 6033/95).

Aangesien die opsigters 'n mindere rol in hierdie studie speel, word die opsigters en tydelike opsigters vir volledigheid slegs gelys, met datum van aanstelling, waar bekend.

Lys van opsigters en tydelike opsigters.
Anema, Sybrand. Augustus 1895 (SS R 6033/95).
Engelenburg, K.J. Augustus 1895 (SS R 6033/95).
Gerritsen, Johannes Cornelis. Augustus 1895 (SS R 6033/95).Genaturaliseerde burger, Hollanderkorps (Ploeger 1989:72).
Hellberg, C.H. Augustus 1895. Burger (Pama 1983:155).
Hofman, Paulus Johannes Cornelis (1867- ) 1 Januarie 1897 (SS R 6033/95).
Huijsse, F.T. Desember 1895. Hollanderkorps (Ferreira 1977:184).
Hullerstelle, Jan Hendrik. 1896. Bedank 1897 (SS R 6162/96).
Jolink, W.G. Augustus 1895. Bedank 1897 (SS R 6033/95).
Lutz, Ludewick Ernst (Rex 1974:375).
Meyer, of Meijer, Harnardus. Augustus 1896 (SS R 6033/95).
Orenen, Jan Arend. Maart 1897 (SS R 6033/95).
Rademacher, B.H. Augustus 1895. Bedank 1898. Genaturaliseerde burger (Malherbe 1959:171).

Reisiger, Johannes. Augustus 1895. Genaturaliseerde burger (SS R 6033/95).

Schwarzkopf, W. Reeds in diens in 1896 (SS R 6033/95).

Van Beest van Andel, Henrik. (1869-1952). Maart 1897. Burger (SS R 6033/95).

Van Beusekom A.M. Augustus 1895. Timmerman. Genaturaliseerde burger (SS R 6033/95).

Van der Kamp, Jacob. 20 Augustus 1895 (SS R 6033/95).

Van Exter, P (Rex 1974:375).

Van Neck, Cornelis Adriaan. Augustus 1895 (SS R 6033/95).

Van Wijngaarden, M.C. April 1897. Ook 'n Ingenieur genoem deur van Vreden (1955:89).

Wink, S.P. Augustus 1895. Bedank 1898 (SS R 6033/95).

Zoeter, Pieter. (1865- ) (Rex 1974:375).

Uit bostaande personeellysste is dit duidelik dat Wierda se kernpersoneel oorwegend van Dietse afkoms was, met die meerderheid uit die Nederlande afkomstig. Die kultuur was dus sentraal Europees en die amptelike taal Hollands wat van die afgeleide Afrikaanse spreektaal verskil het. Dit is verder duidelik dat Wierda se personeel hulle met die Z.A.R. vereenselwig het soos blyk uit die naturaliserings en deelname aan die Hollanderskorps gedurende die Anglo-Boereoorlog.

In die lys hierna, van werk gedoen in hierdie tyd kom die name van drie van die opsigters as boukontrakteurs voor. Luitingh is mede-kontrakteur vir die sipierswoning in Heidelberg, S. Anema kom 'n paar keer as kontrakteur in die omgewing van Piet Retief voor, en Hellberg in die omgewing van Vryheid. Dit wil voorkom asof laasgenoemde twee gewerf is as gevolg van goeie werk, of aansoek gedoen het as gevolg van min beskikbare bouwerk.




Fig 3.15: Rissikstraat poskantoor: 'Publieke Werken' (Norwich 1986:43). 'n Tipiese, hoewel eenvoudige voorbeeld van Wierda se Departement se interpretasie van sandsteen grondverdieping met baksteen-met-sandsteen lyswerk en versierings op die boonste verdiepings.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Fig. 3.16: Stadshuis, Dresden (1890-1891)
Argitekte: Schilling en Graebner (*Architectur der Gegenwart:* 1892).'n Voorbeeld van die baksteen-en–klip argitektuur van Pruise wat veral deur die invloed van Schinkel (kyk 3.9.1) gewild gemaak is.

## 3.7 NUWE WERK WAT IN DIE ERA IN DIE DEPARTEMENT GEDOEN IS.

### 3.7.1 Inleiding

'n Deeglike beplanning is elke jaar aan die Eerste Volksraad voorgelê, waarin die jaar se werke uiteengesit en begroot is. Dit is dan vergesel van die 'Verslag aan den Staatspresident en den Leden van den Uitvoerenden Raad, over de werken uitgevoerd of voorbereid door het Departement van Publieke Werken' (TAB ZAR 141).

Hierdie verslae het almal volledig behoue gebly, van 1 Januarie 1890 tot 31 Desember 1898 en is op noukeurige wyse deur die hoof van 'Publieke Werken' self opgestel om dan deur homself in die Volksraad voorgedra te word. Die verslae is onderverdeel in afdelings soos geboue, brûe, paaie en meubels, (in 1895 is daar alreeds 10 afdelings), maar vir die

doel van hierdie studie word slegs die geboue-afdeling behandel. Die geboue word per dorp behandel, en sluit aanbouings en verbouings in, maar slegs nuwe geboue word hier alfabeties gelys.

In die inleiding van die maer jare is dit opmerklik dat die heer Wierda verskoning aanbied dat hy nie by die vooruitbeplanning kon hou nie, 'Wegens den toestand der schatkist' - Maart 1892, 1893 (TAB ZAR 141). Ten spyte van streng besuiniging is die heel nodigste gedoen.




Fig. 3.17: Paleis van Justisie, Keulen.(1883-1893)
Argitek: Paul Thoemer (*Architectur der Gegenwart:* 1892).
Laat negentiende–eeuse Duitse argitektuur wat moontlik deur Wierda as voorbeeld gebruik is, met sandsteen spitsversierings, sandsteen tussenstyl-en kalf in vensters en buitehoeke en lyswerk van sandsteen.

Die 'Lys van nuwe geboue' hierna is vir die doel van hierdie studie (deur die outeur) uit Wierda se jaarverslae (TAB ZAR 141) uitgesoek,volgens dorpe gegroepeer en alfabeties saamgestel om 'n oorsigtelike blik te gee op die werk wat in hierdie jare binne die Departement gedoen is. Dit is aanduidend van die Departement se deeglikheid en behoort ook 'n waardevolle verwysingsbron vir toekomstige bewaarders te wees.

## TABEL 1.

## 3.7.2 LYS VAN NUWE GEBOUE, GEBOU JANUARIE 1890- DESEMBER 1898

| DORP + GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **AGATHA** | | | |
| Ziekenkamer: ambtenaren | M.C.A. Meischke. | 1891 | £ 750 |
| **AMSTERDAM** | | | |
| Gevangenis | | 1890 | |
| Postkantoor | | 1889-1890 | |
| Ringmuur | | 1891 | £ 120 |
| **BARBERTON** | | | |
| Kruitmagazijn | S.D. le Roux. | 1897 | £ 625 |
| **BETHAL** | | | |
| Kruitmagazijn | C.G.Joubert. | 1898 | £ 295 |
| Post- en telegraafkantoor | C. Elenbaas. | 1895-1896 | £ 385 |
| Resident Vrederegterskantoor en gevangenis | Wilkinson & Pentz. | 1892-1893 | £ 1 045 |
| **BOKSBURG** | | | |
| Gevangenis | Cameron & Webb. | 1890-1891 | £ 4 137 |
| Gouvernements-gebouw' | Cameron & Webb. | 1890-1891 | £ 10 798 |
| Paskantoor | P. de Vos. | 1897 | £ 1 280 |
| Politiekazerne met Paardenstal | F.H. van der Linden. | 1898 | £ 1 710 |
| **BREMERSDORP** (Swazieland) | | | |
| Post- en telegraafkantoor met woning | Hellberg & von Geyso. | 1890-1891 | £ 1 717 |
| **CAROLINA** | | | |
| Cipierswoning | S. Orton. | 1895-1896 | £ 650 |
| Geboutje voor hofzittingen | | 1890 | |
| Gevangenis | A. Daugherty. | 1894 | £ 650 |
| Kruitmagazijn | S. Orton. | 1896 | £ 340 |
| **CHRISTIANA** | | | |
| Cipierswoning | W. Bands. | 1896 | £ 400 |
| Gevangenis | | 1890 | |
| Landdrost- en Postkantoor | | 1890 | |
| **ELANDSFONTEIN** | | | |
| Belastinggaarderskantoor | E. Rasmussen. | 1898 | £ 797 |
| Post- en telegraafkantoor met woning | A.F. Tandler. | 1897 | £ 4 466 |
| 'Woning: officier: Politie.' | Gebrs. Pearce. | 1897 | £ 1 766 |

| DORP + GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **ERMELO** | | | |
| Gevangenis | | 1897 | £ 6 400 |
| Landdrostkantoor | C. von Geyso. | 1890-1891 | £ 1 271-4s |
| **FLORIDA** | | | |
| Gouvernementsgebouw | J.B. Wilson. | 1890-1891 | £ 2 970 |
| **HEIDELBERG** | | | |
| Cipierswoning | Van Prooijen en Luitingh. | 1893 | |
| Gouvernements-gebouw | | voltooi Aug. 1890. | £ 2 135-10s |
| Kruitmagazijn | J. Russell | 1893-1894 | £ 250 |
| Landdrostkantoor | Thomas Morse. | 1890-1891 | £ 302-10s |
| **JOHANNESBURG** | | | |
| Belastingkantoor | E.Rasmussen & Co. | 1898- | £ 6 595 |
| Belastingkantoor: Goederestation | W. Roijce. | 1893 | £ 521 |
| Cipierswoning | Mertens en Schuitmaker. | 1896 | £ 1 210 |
| Douaneloods: Parkstation | C. Gabriel. | 1894 | £ 567-15s |
| Gerechtshof (Goldfieldsclub) | J.J. Kirkness. | 1892-1893 | £ 12 000=tenderbedrag |
| Gevangenis | H. Light, C. Gabriel. | 1891-1893 | £ 27 615-18-9d |
| Kazerne voor Voetpolitie | | 1889-1891 | |
| Loods: Telegraafdepartement | Mertens en Schuitmaker. | 1893 | £ 1 488-12s |
| Paskantoor | | 1898 | £ 3 7374s2d |
| Post-en telegraafkantoor | M.C.A. Meischke. | 1896-1898 | £ 68 903-9s-6d |
| Post-en telegraafkantoren:<br>Jeppe<br>Fordsburg<br>Braamfontein | M.C.A. Meischke. | 1897-1898 | <br>£ 4 350<br>£ 4 527-10s-11d<br>£ 4 554-11s-7d |
| Ringmuur: Politiekazerne | Gabriel en Ballantine. | 1896-1897 | £ 8 555 |
| Schoolgebouw | J.F. Kroll. | 1898- | £ 2 600=tenderbedrag |
| Schoolgebouw met bovenwoning | Mertens en Schuitmaker. | 1896-1897 | £ 4 099-8s |
| Schoolgebouw: Vrededorp | J.J. Schoefelenberger & Co. | 1898 | £ 3 603=tenderbedrag |
| Telefoontoren | C. Gabriel. | 1893-1894 | £ 4 450 |
| Wachtkantoor, Marshallplein | G. Beluccie & Co. | 1898- | £ 15 994=tenderbedrag |
| **JOUBERTSKROON** | | | |
| Hospitaal | | 1891 | £ 94-14-10d |
| **KLEIN LETABA** | | | |
| Gevangenis te Paulsrus | | 1893 | £ 243-12s |

| DORP + GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **KLERKSDORP** | | | |
| Gevangenis | De Rapper en Pierneef. | 1890-1891 | £ 4 530 |
| Gouvernements-gebouw | De Rapper en Pierneef. | 1890-1891 | £ 21 400 |
| Schoolgebouw | T. Douglas. | 1898 | £ 2 938 |
| **KOCKSOORD** | | | |
| Kleine gevangenis | | 1898 | £ 587-10s |
| Mijnkommissaris, Post- en Telegraafkantoor | M. Schuitmaker. | 1898 | £5 523-19s-8d |
| **KOMATIPOORT** | | | |
| Postkantoor | D. Fearn. | 1893 | £ 165 |
| **KRUGERSDORP** | | | |
| Cipierswoning | | 1890-1891 | £ 690 |
| Gouvernementsgebouw | J.B. Mante. | 1890-1891 | £ 13 193-4s |
| Hofzaal en woning voor Landdrost. | Gabriel en Ballantine. | 1895-1896 | £ 1 425 |
| Kruitmagazijn | W.G. Molony. | 1892-1893 | £ 325 |
| Paskantoor | L. de Waard. | 1897 | £ 1 435 |
| Politiekazerne met stal | L. de Waard. | 1896-1897 | £ 6 681-1s-6d |
| **KRUGERSDORP (districtsdorp)** | | | |
| Ijzeren gebouwen: Gevangenis, stal, cipierswoning, 2x politiewoning | L. de Waard. | 1897 | £ 4 480-10s |
| **LEIJDSDORP** | | | |
| Ambtenaars-woningen | | 1890- | £ 750 |
| Gevangenis | | 1890 | |
| Hulp-telegraafkantoor | | 1890 | |
| Kazerne: Voetpolitie | C.A. Meischke. | 1891-1892 | £ 525 |
| Mijnkommissaris-, Post- en telegraafkantoor. | James Grey. | 1890-1891 | £ 3 775 |
| Politiebarak | | 1890 | |
| **LICHTENBURG** | | | |
| Kleine gevangenis | Prisoniers | 1892-1893 | £ 300 |
| Landdrost-, Post- en telegraafkantoor. | J. Munro. | 1895-1896 | £ 4 480 |
| **LIJDENBURG** | | | |
| Kruitmagazijn | | 1890 | |
| Ringmuur om gevangenis | | 1890 | £ 485 |
| **MARAISBURG** | | | |
| Schoolgebouw | M. Schuitmaker. | 1898- | £ 887-9s |

| DORP + GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **MARTHINUS WESSELSTROOM** | | | |
| Cipierswoning | G.A. Ramplen | 1895-1896 | £ 548 |
| Gevangenis | John Walker | 1890-1891 | £ 840 |
| Landdrostkantoor | | 1898- | £ 3 198 |
| **MIDDELBURG** | | | |
| Cipierswoning | L. Boon. | 1895-1896 | £ 662-10s |
| Kruitmagazijn | C.H. Ueckerman. | 1893-1894 | £ 298 |
| Telegraafkantoor | T. Wheeler. | 1894-1895 | £ 1 612 |
| **NIGEL** | | | |
| Dubbele woning + kantoor: Politie. | J.J. Home. | 1894 | £ 913-3s |
| Stal + private | G. van Prooijen. | 1894 | £ 187 |
| **NIJLSTROOM** | | | |
| Cipierswoning | T.H. Brown. | 1894 | £ 505 |
| Gevangenis | | 1890 | |
| Kruitmagazijn | | 1890 | |
| Landdrost- en postkantoor | | 1889-1890 | |
| Ringmuur: gevangenis | J. Schmidt. | 1894-1895 | £ 550 |
| **PELGRIMSRUST** | | | |
| Ijzeren kantoor: Mijnkommissaris | | 1895-1896 | £ 454-10s |
| Kamer: Rijdende politie | | 1894-1895 | £ 30-18s-6d |
| **PIETERSBURG** | | | |
| Kruitmagazijn | | 1890-1891 | £ 590 |
| Landdrost-, Post—en telegraafkantoor. | F.W.van der Houwen. | 1898- | £ 6 890= tenderbedrag |
| **PIET POTGIETERSRUS** | | | |
| Post-en telegraafkantoor | W. Petersen. | 1897 | £ 900 |
| Telegraafkantoor | D.W. Esterhuizen. | 1893 | £ 250 |
| **PIET-RETIEF** | | | |
| Cipierswoning | S. Anema. | 1894-1895 | £ 458-10s |
| Gevangenis | | 1889-1890 | |
| Landdrost-en Postkantoor | | 1889-1890 | |
| Ringmuur: gevangenis | Gevangenen | 1897 | £ 250 |
| **POTCHEFSTROOM** | | | |
| Hospitaal | Landdrost met prisoniers | 1891-1892 | £ 1 510-16s-2d |
| Landdrost-, Post- en telegraafkantoor | C.W. Hudson. | 1895-1897 | £ 14 055-4s-7d |
| Nieuwe gevangenis | L.C. van Gerven. | 1898 | £ 16 129-5s=tenderbedrag |

| DORP+ GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **PRETORIA** | | | |
| Kantoorgebouw ('Compol') | J.J. Kirkness. | 1898-(na oorlog) | £ 30 033=tenderbedrag |
| Krankzinnigengesticht | Gebrs. Te Groen, G. Nicosia, H. van der Meulen. | 1892-1898 | £ 9 236 |
| Leprozengesticht | D.F. Petersen, Franco-Italian Building company. | 1890-1898 | £ 65 4617 |
| Nieuwe Staatsdrukkerij | W.S.Geerts. | 1895-1896 | £ 24 503-13s-6d |
| Paleis van Justitie | John Munro. | 1896-1898 | £ 115 260=tenderbedrag |
| Staatsartilleriekamp: 6 stalgebouwen | J.J. Kirkness. | 1895-1896 | £ 33 570 |
| 2 paardenstallen | J.J. Kirkness. | 1896-1897 | £ 45 450 |
| 2 kanon- en wagenhuizen | J.J.Kirkness. | 1896-1897 | £ 40 000 |
| Manschappen Kazerne | Franco-Italian Building company. | 1896-1898 | £ 59 000 |
| 15 Officiers- en onderofficierswoningen | J.J. Kirkness. | 1896-1897 | £ 31 349 |
| Staatsgebouw (Ou Raadsaal) | J.J.Kirkness. | 1890- | £ 135 489-6s-11d |
| Staatsmeisjes-school | Daanen en Dorlas. | 1898- | £ 14 498 |
| Staatsmodel-school | Gebrs. Te Groen. | 1895-1896 | £ 14 262 |
| Volkshospitaal | | 1890 | |
| **ROODEPOORT** | | | |
| Post- en telegraafkantoor | Mertens en Schuitmaker. | 1896 | £ 747-5s |
| **ROOSSENEKAL** | | | |
| Resident Vrederegter- en Postkantoor met gevangenis | F. Goodman. | 1897 | £ 3 000 |
| **RUSTENBURG** | | | |
| Cipierswoning | W.S. Lampen. | 1894-1895 | £ 595 |
| Gevangenis | M.J. O' Driscoll. | 1894-1895 | £ 3 743 |
| **SCHWEIZER-RENEKE** | | | |
| Resident Vrederegter, en Post-en telegraafkantoor | J.Reed. | 1895-1896 | £ 1 400 |
| **SMITSDORP** | | | |
| Mijnkommissaris- en Postkantoor | | 1890 | |
| **SPRINGS** | | | |
| Post- en telegraafkantoor | Mertens en Schuitmaker. | 1896 | £ 747-5s |
| **UTRECHT** | | | |
| Bergplaats: Landdrostkantoor | A. Klute. | 1894-1895 | £ 200 |
| Gevangenis | A. Klute. | 1893-1894 | £ 722 |
| Kruitmagazijn | H. M. Dirks. | 1893-1894 | £ 347 |
| Landdrost-, Post- en telegraafkantoor | Weightman & Amery. | 1892-1893 | £ 1 958 |

| DORP+ GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **VENTERSDORP** | | | |
| Resident Vrederegters- en Post- en telegraafkantoor met Gevangenis. | C.W. Hudson en J.H. Brandt. | 1894-1895 | £ 3 625 |
| **VEREENIGING** | | | |
| Groot douaneloods en vier Kantoortjes | J.J. Vissers. | 1892-1893 | £ 873-10s |
| Loods: Invoerrechtendepartement | J. Richardson. | 1896 | £ 1 575 |
| Post- en telegraafkantoor | D.J. Mertens en Schuitemaker. | 1894 | £ 423 |
| Resident Vrederegterskantoor en gevangenis | T.N. Leslie. | 1893 | £ 438 |
| **VOLKSRUST** | | | |
| Cipierswoning | J. Munro. | 1895-1896 | £ 460 |
| Douanenkantoor | A. Klute. | 1895-1896 | £ 1 185 |
| Gevangenis | A. Klute. | 1895-1896 | £ 3 401-4s |
| Hulpposkantoor | | 1891 | £ 373-7s-6p |
| Kruitmagazijn | John Walker. | 1897 | £ 385 |
| Post- en telegraafkantoor | A. Klute | 1895-1898 | £ 1 545-10s |
| Vrederechterskantoor | A. Klute. | 1895-1898 | £ 1 535 |
| **VRIJHEID** | | | |
| Cipierswoning | T.H. Brown. | 1894-1895 | £ 475=tenderbedrag |
| Gevangenis | Fisher & Hellberg. | 1890-1891 | £ 4 881 |
| Kruitmagazijn | T.H. Brown. | 1895-1896 | £ 360 |
| Landdrostkantoor | Weightman & Amerij. | 1893 | £ 1 800 |
| **WARMBAD** | | | |
| Badhuisjes en gerieven | J.van Cittert. | 1895-1897 | £ 23 943-19s-6d |
| **WOLMARANSSTAD** | | | |
| Kruitmagazijn | A. Edeling. | 1897 | £ 425 |
| **ZEERUST** | | | |
| Gevangenis | J. de Smidt. | 1892-1893 | £ 2 200 |
| **ZOUTPANSBERG** | | | |
| Belastinggaarderskantoor: Limpopo | | 1895 | £ 270 |
| Hospitaal: Ellertonkamp | J.J. Jones. | 1895 | £ 240 |

Uit die tabel blyk dat daar in hierdie tydperk vireers net die basiese infrastruktuur van die pos- en telegraafstelsel en wetstoepasingstelsel gebou word, waarskynlik weens tekort aan fondse. 'n Paar sentrale hospitale word gebou en in die stede verrys mettertyd ook skole.

Uit bostaande lys word afgelei dat die aannemers wat die Z.A.R. se bouwerk uitgevoer het uit 'n wyer spektrum van herkoms as Wierda se kernpersoneel afkomstig was. Naas inheemse Nederlandse vanne kom daar ook Ierse, Skotse, Duitse, Franse, Italiaanse en Engelse ondernemers voor. Dit wil dus voorkom asof hy die bou-aannemers gekeur het volgens tenderprys en die gehalte van hul werk, sonder vooroordeel teenoor afkoms.

### 3.7.3 BESPREKING EN ONTLEDING VAN SOMMIGE GEBOUE UIT HIERDIE TYDVAK.

Aangesien sommige van die 'Publieke Werken' Departement se groter en meer bekende geboue soos die Ou Raadsaal en Paleis van Justisie reeds in meer as een publikasie behandel en goed deurtrap is, word hier aandag gegee aan minder 'bekende' geboue waaroor baie min gepubliseer is.

Daar is gepoog om verteenwoordigende voorbeelde van die Departement 'Publieke Werken' se bestaande geboue te kies, afkomstig uit so 'n wye spektrum moontlik betreffende grootte, plek en gebruik, van die werk uit die laaste florerende jare van die Departement.

Die 'Nieuwe Kantoorgebouw' is die laaste verteenwoordigende staatsgebou wat in die Z.A.R. se hoofstad opgerig is en daar is nog min omtrent hierdie gebou geskryf. Vervolgens word aandag gegee aan twee institusionele geboue, wat ook in 'n mate die beeld van die staat moes uitdra: die Staatsartilleriekaserne (of 'Manschappen Kaserne') en die Staatsmodelskool. Op plattelandse dorpe is die verteenwoordigende funksie dikwels gedeel met ander regeringsfunksies, soos byvoorbeeld in die 'Landdrost-, Post- en Telegraafkantore' in Potchefstroom. As voorbeeld van 'n suiwer nutsgebou word die Staatsdrukkery ondersoek en die offisiers- en onderoffisiershuise in Artilleriery dien as eksemplaar van residensiële argitektuur.

Hierdie geboue word om die beurt tipologies ondersoek en heuristies geïnterpreteer om daardeur 'n volledige beeld van die bouwerk van die Departement te verkry en die kultuurstelling en bedryfsingesteldheid van die Departement te help aflei. Interieurs is meestal te veel verander om 'n ware beeld van die oorspronklike af te lei sonder 'n werklike gespesialiseerde restourasie-ondersoek. Die metode wat gevolg word is Panofsky se waarnemings- en vertolkingshiërargie soos uiteengesit in 1.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.7.3.1 'Nieuwe Kantoorgebouw' ( 1897-1899 )- nou 'Compolgebou' genoem.

Aanvanklik, na die bou van die Ou Raadsaal, was dié gebou ruim genoeg om al die regeringsdepartemente te huisves. Uitbreiding was egter gou nodig en planne en 'Bestek en voorwaarden wegens het bouwen van een Kantoorgebouw te Pretoria', is teen 24 Julie 1897 reeds voltooi (PW 169/377 ) om gebou te word op erf 408 Pretoria, aan Pretoriusstraat. Daar was vyf tekeninge in die stel.




Fig. 3.18: 'Nieuwe Kantoorgebouw', Pretoria : Plan. Begane grond en Eerste vloer. Oorspronklike plan, Sytze Wierda. (TABA 8073) Skaal en noordpunt op elke plan aangedui.

Dit is nie duidelik of akkommodasievereistes van die verskillende departemente van die beplanningstadium af in ag geneem is nie, maar daar bestaan briewe waarin sommige departementshoofde selfs nog gedurende Augustus en September 1899, toe die bouwerk al ver gevorder het, ruimte aanvra en vereistes stel (PW 3292/99). Departemente wat in die gebou ruimte sou vind het onder andere die Inspekteur van Kantore, Inspekteur-Generaal van Invoerregte, Hoof van Paaie, Seëlmeester en die Kommissaris van Maatskappye en Handelsmerke, ingesluit. Wysigingsopdragte moes inderhaas die lig sien (PW 171/528 en /529) om voorsiening te maak vir brandkamers en 'n tekenkamer. In die wysigingsopdrag (PW 171/528) word twee tekeninge, gedateer 30 November 1898 as verwysing gebruik. Hierdie tekeninge kon ongelukkig nie in die Staatsargief of elders opgespoor word nie. Die datum van die wysigingsopdrag is 6 Maart 1899.

Hierdie gebou is een van die laaste van die Z.A.R. wat in die hoofstad opgerig is. Alhoewel die materiale ooreenkom met dié van die ander geboue van die Z.A.R., is daar 'n speelsheid in hierdie fasade te bespeur wat dui op 'n mate van rypheid wat nie voorheen gesien is nie. Die ooreenkoms met die ander verteenwoordigende geboue, is hoofsaaklik

in materiaalgebruik (kyk 6.7), alhoewel nie in dieselfde verhouding nie. Dit is duidelik dat hierdie kantoorgebou van meet af aan met minder sandsteendetail en sekondêr tot die 'Goewernementsgebouw' (Ou Raadsaal) bedoel was, aangesien die fasade heelwat




Fig. 3.19:'Nieuwe Kantoorgebouw', Pretoria: Doorsnede. 1897, voor wysigingsopdragte. (TABA 8073) Skaal aangedui op alle tekeninge.

eenvoudiger daaruit sien as dié van die Raadsaal met balkon, koepels,staatswapen en vrouebeeld. Uit die aansigte van die twee geboue, was dit dus duidelik af te lei waar die presidensiële kantoor en volksraadsaal geleë was. Dit is ook waarskynlik die rede vir die weglating van die koepel en toring oor die ingang.




Fig. 3.20: 'Zijgevel, Nieuwe Kantoorgebouw'.Geteken Februarie 1897: Sytze Wierda (TABA 8073) Die gebou is op hierdie oorspronklike aansigte geteken met 'n toring oor die sentrale pediment, wat uiteindelik weggelaat is (kyk Fig 3.21).

In vergelyking met die Ou Raadsaal is die oorspronklike verfwerk in die interieur van hierdie gebou ook baie eenvoudig. 'n Moontlike rede hiervoor is die okkupasie deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



departemente wat minder in die openbare oog was en dus 'n besparing. 'n Ander rede kan wees dat die gebou teen die uitbreek van die oorlog nog nie geverf was nie en dus sy eerste laag verf van die Britte kon gekry het.



Fig. 3.21: 'Nieuwe Kantoorgebouw', foto 1906. (TABA 0304) Die gebou is uiteindelik sonder die koepel en toring wat Wierda oor die ingang beplan het, gebou.(kyk 3.19, 3.21).




Fig. 3.22: 'Voorgevel, Nieuwe Kantoorgebouw'
Geteken Februarie 1897: Sytze Wierda

Die eenvoud van die fasade wat te weeg gebring is deur die weglaat van die koepel en toring saam met die dakvorm, verleen 'n Franse gevoel en 'n sofistikasie wat nie voorheen opgemerk is nie. Le Roux (1993:10) noem die gebou tereg 'n 'argitektoniese sowel as 'n kulturele meesterstuk'. In Mei 1906 en November 1906 is twee verdere aanbouings aan die ooste- en weste vleuel van die gebou gedoen deur die 'Government Architect' Thomas Thyrwhitt (R.I.B.A. N004132). Later is ook heelwat aanbouings gedoen wat die agter- (suide-) kant en binnehof grootliks verander het, maar die hoofaansig onveranderd laat.

### 3.7.3.2 Staatsartilleriekaserne. (1896-1898 )

Die bou van 'n nuwe staatsartilleriekaserne het nodig geword, aangesien die manskappe in die ou kaserne wat by 'Marktplein' (nou Strijdomplein) geleë was, aanhoudend siek geword het aan maagkoors en geelkoors. Selfs kopluise kon nie uitgeroei word nie (Engelbrecht 1955:107). Die kaserne vir 'Rijdende Artillerie en Politie' is daarom verskuif na hoër grond. Die nuwe gebou het plek gehad vir 400 manskappe.

Aanbevelings en opdragte vir die ontwerp is deur kmdt.-genl. P.J. Joubert gegee en die ontwerp is gedoen deur Klaas van Rijsse, Wierda se regterhand en tweede in bevel (Picton-Seymour 1977:279). Die gebou is in 1896 op tender uitgesit en die 'Societá Italiana di Costruzione', of te wel 'Franco Italian Building Company' was suksesvol met hulle tender van £59 000. Die ontwerp was vir 'n monumentale gebou met vier 'bastions en rijzigen middenkoepel' en dit is op 14 September 1898 deur die bouers aan die Z.A.R. oorhandig teen 'n uiteindelike voltooiingsprys van £58 686, dus 'n half persent minder as die tendersom (TAB ZAR 141).

'n Blykbaar belangrike onderdeel van die gebou, wat uit 'n aparte 'bestek en voorwaarden', gedateer 13 April 1898 (PW 56 PR 294/98) na vore kom, is die baddens vir die kaserne. Die 24 geëmalleerde, gegote baddens op gietysterpote is teen £11-10s elk bestel vanaf die Elmbank-fabriek in Glasgow, en moes deur mnre. Fraser en Campbel geïnstalleer word. Wierda noem in sy jaarlikse verslag dat higiëne en sindelikheid, asook brandgevaar belangrike oorwegings was in die ontwerp en keuse van afwerkings.




Fig. 3.23:Staatsartilleriekaserne, foto ; 1906. (TABA 22903)

Die oorspronklike geboue in die artilleriekamp was om drie hoof pleine gegroepeer: die stalplein, drilplein en paradegrond. Soos die Artilleriekaserne, is die ander geboue om die pleine van 'n praktiese, dienlike karakter, terwyl dit tog eie bly aan die Z.A.R.-styl met rooi siersteen en dekoratiewe, ligte sandsteen.Tiperend is die vyfdelige fasadebehandeling wat volgens Holm en Viljoen (1993:25) die hoofkenmerk van dié styl vorm, met die gewone

beklemtoonde middeltoring wat die ingang aandui. Holm en Viljoen (1993:25) meen dat kommandant Joubert hom neergelê het by die opstel van die formele front wat Wierda oorgeneem het van die voorbeeld van die Voortrekkerlaers, en die oertipe konseptuele kasteelvorm van vier hoektorings en 'n poort (Holm en Viljoen 1993:23) wat veral in die militêre opset heel toepaslik is. Wat opvallend is, is die middeltoring en –ingang (kyk Fig. 3.24) wat, hoewel beklemtoon, nie naastenby die gewigtige behandeling ontvang wat aan die bonkige middeltoring van byvoorbeeld die Raadsaal toegesê word nie. Dit is bekend (Heydenrych 1988:158) dat generaal Joubert een van die driemanskap was (1880-1881) en in die daaropvolgende verkiesing Paul Kruger se belangrikste teenstander was. Dit is dus moontlik dat generaal Joubert die sentrale (presidensiële) gesag hier wou afskaal as 'n kultuurpolitieke stelling van die mag van die leër (sy domein) teenoor die Volksraad (Paul Kruger se domein). Dit is ook moontlik dat hy deur die drie amper ewe groot torings op die fasade, die (verswakte) beeld van die driemanskap weer wou beklemtoon.

Hierdie gebou is duidelik ontwerp om hoewel tòg verteenwoordigend van die Staat, dienlik te wees, waarvan die oorwegende baksteengebruik getuig. Militarisme spreek verder uit die fasade, met ventilators soos soldaatjies op die nok van die gebou op gelyke afstande geplaas.




Fig 3.24: 'Artilleriekamp Kazerne voor 400 man': Plan en Vooraansig, (TABA S1/82). Noordpunt en skaal aanwesig. Op die aansig kan gesien word dat die drie voorgewels meer gelyk in grootte is, as die by ander Z.A.R.geboue.

Die eenvoudige, reghoekige vloerplanne met onopgesmukte wolwe-ent dakke weerspieël die nutskarakter van die geboue. Die totale uitleg van die terrein is vanaf 1895 tot 1899

gedoen en daar bestaan 'n duidelike samehang in die uitleg van die terrein en die boustyl.




Fig. 3.25: Huis vir die korpskommandant in Artilleriery, met tipiese Victoriaanse torinkie.. Wierda het in hierdie skema waarskynlik nie die gewone streng beheer uitgeoefen nie. Die torinkie is nie in pas met die gewone patrone wat deur die Z.A.R. se argitekte gebruik word nie. Foto: Outeur 1999




Fig. 3.26: Sandsteen- en houtdetaillering op die hoofgewels van die huise. Die steenwerk is in Engelse, en nie Vlaamse verband nie. Foto: Outeur 1999.

3.7.3.3 'Officiers-en Onderofficierswoningen'. (1896-1897)

Die kontrak vir die vyftien huise in Artilleriery, is op 2 Julie 1896 met die bouer, J.J. Kirkness, teen 'n tenderprys van £ 31 349 gesluit (TAB ZAR 141). Die huise is gebou vir die bevelvoerder, offisiere en onderoffisiere van die Staatsartilleriekorps van die Z.A.R. Die staatsargitek - en ontwerper in beheer van die projek, was Klaas van Rijsse.

Vier basiese patrone en plantipes kom voor, alhoewel die groep as geheel 'n eenheid vorm en ook inskakel by die groter geheel van die kamp. Die verskille is hoofsaaklik in die

planuitleg, plafonhoogte, breedte van gange en voordeurkosyne (Restorica 1976:42-44). Die A-tipe huis is die enigste in sy soort, gebou vir die korpskommandant, en is geleë op die hoek van Potgieterstraat en Artilleriery. Die amptelike planafmetings is 16,4m, by 15,95m. Volgens Picton-Seymour (1977:169) was Lt.-kol. S.P.E. Trichardt die eerste inwoner.




Fig. 3.27: 'Commandant' se huis: sketsplan. (TABA S3/ 985) Net soos Fig 3.26 en Fig. 3.27, is al hierdie huise as losstaande eenhede. op afsonderlike erwe gebou (kyk ook Fig. 6.1)




Fig. 3.28: 'Kapitein' se huis : sketsplan. (TABA S3/985)
Fig. 3.27-29 is onderdele van dieselfde plan (TABA S3/985) en skaal en noordpunt is aanwesig. In hierdie geval wys die noordpyl na onder.

Die B-tipe bestaan uit twee kapteinswonings met afmetings gegee as 14,25m by 17,5m. Een van hierdie wonings is bewoon deur 'n 'kapitein' (sic) Wolmarans wat gedurende Oktober 1899 brandskade in die kombuis aangerig het, (PW 100 PR 3653/99) en 'n gevolglike boete van £5-8s moes betaal. Die C-tipe word aangegee as ses luitenantswonings, (13m by 17,5m) en die D-tipe as ses onderoffisierswonings (11,5m by 14,5m). Aanvanklik is die onderoffisierswonings as ryhuise (Van Rijsse noem dit 'en bloc') beplan volgens die meegaande gewysigde sketsplan en aansig (S3/986), maar is waarskynlik weer later gewysig om afsonderlike huise te wees. Planne vir 'dubbele wagenhuizen met privaten' vir die offisiershuise is ook in die argief gevind, met 'dubbele

kafferhuizen met privaten' vir die onderoffisiershuise. Elke buitegebou sou dan waarskynlik twee huise bedien het (KG O CR1297/97).

Hierdie huise in Artilleriery bevat van dieselfde elemente as die groter Z.A.R-.geboue op die Artillerieterrein, maar op 'n kleiner, meer verfynde en huislike skaal. Alhoewel hulle dus volmaak by die geheel van rooi baksteen met geel sandsteen sluitstene en -lyste inskakel, is die duidelike boodskap hier een van woonplek, teenoor die strenger, meer militêre aanslag van die geboue op die hoofterrein.




Fig. 3.29: Sketsplan, 'Luitenant' se huis. (TABA S3/985)




Fig. 3.30: Sketsplan vir 'en bloc' onderoffisiershuise (TABA S3/986). Hierdie ontwerp sou stedeboukundig veel beter in die Z.A.R. se gekose dorpuitlegpatroon gepas het. As sodanig verteenwoordig die uiteindelike uitleg agteruitgang in stedeboukundige idioom. Skaal en noordpyl ingesluit.

Die fyn gevormde houtdetailwerk en sandsteendetaillering op die hoofaansigte van hierdie huise is opvallend (kyk Fig.3.26). Daar is nie veel sandsteen gebruik nie, net die buitehoeke en detaillering onder die sandsteenspitsversiering op die hoofgewel van elke huis, met 'n enkele verdere sandsteenband en sluitstene op die stoepgedeelte van die straataansig. Op ander aansigte is sandsteen net tot sluitstene beperk. Die huise boet egter nie daarom argitektoniese meriete in nie, omdat die baksteenwerk soos in al die Z.A.R.-geboue, met aandag en fyn detail beplan is.

Dit is verrassend om te vind dat die steenwerk in Engelse verband gelê is: miskien is die logiese verduideliking dat die bouer, J.J.Kirkness, van Skotse afkoms was (Holm en Viljoen

1993:47). 'n Grys skalie plint is gebruik tot gelykvloers, met groot, grys leiklipplate op die stoepe. Die huise is sober, maar baie huislik in skaal en beeld, en pas goed in by die groter beeld van die Artilleriekamp. Van Rijsse se amper-Victoriaanse torinkie aan die kommandantswoning is dus ietwat van 'n verrassingselement in hierdie militêre opset (kyk Fig. 3.25). Wanneer 'n mens dit op die plan nagaan, is dit duidelik dat daar ook heelwat geprakseer moes word om die torinkie te inkorporeer, en ten koste van logiese sirkulasie. Dit wil voorkom asof Wierda hier nie sy gewone streng beheer toegepas het nie, en dat van Rijsse geëksperimenteer het met ander modeneigings, of beïnvloed was deur sy opdraggewer.

Nog 'n afdwaling van die gebaande weë van die Z.A.R. argitekte, vind ons in Van Rijsse se afwyking van Wierda se tiperende dorpuitlegpatroon van randbebouiing wat ooreengekom het met die tipiese uitleg van 'n Voortrekkerdorp (Holm 1998:60), en hier verbreek is deur hom, met die bou van die huise as losstaande eenhede op die Victoriaanse stedeboupatroon. Dit is nie duidelik of hierdie invloed militêr in oorsprong was, en of dit wel deur Wierda goedgekeur is nie. Die vermoede bestaan egter dat die militêre owerheid dit so verkies het, aangesien die eerste sketsplan vir die onderroffisiershuise (TABA S3/986) (kyk Fig.3.30) blykbaar afgekeur is en vervang is met die huidige alleenstaande huise.

3.7.3.4 'Staats Modelschool'. (1895-1896)

Daar is in 1895 begin met die bou van die 'Nieuwe Staats Modelschool' (hierna Staatsmodelskool) op die terrein van die 'Tehuis voor Jongens' wat in die Gymnasium en die 'Modelschool' skoolgegaan het. Die Te Groen-broers het die kontrak teen £14 262 bekom.

Die skool is gebou om 350 tot 400 kinders te huisves. Tien gewone klaskamers, elk vir 30 tot 35 kinders, is aangevul deur vier groot klaslokale, wat bestem is vir teken-, sang-, gimnastiek-, en Sloydonderwys. Hierdie klasse kon ook verder vergroot deur 'n skuifbare partisie. Die ruimte was dan geskik vir eksamens en vergaderings. Daar was ook 'n biblioteek/spreekruimte en 'n personeelkamer. Die gange is ruim ontwerp en eindig aan weerskante in groot vertrekke. By voltooiing in 1896 is die totale bedrag wat reeds uitbetaal is bereken as £13 789-2s-4d, terwyl 'n retensiebedrag van £713-2s nog uitstaande was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit bring die finale kontraksom te staan op £14 502-4s-4d (TAB ZAR 141).




Fig. 3.31: Staatsmodelskool,1896.
Oorspronklike sketsplan 1894 (TABA S2/ 159). Noordpyl bo links.

Die skool se vooraansig is volgens die vyfdelige indeling ontwerp en die harmoniese gebruik van baksteen en plaaslike sandsteen verleen 'n eenvoudige grasie, saam met 'n veranda wat op slanke houtkolomme gerus het (Holm 1998:66).

Die menslikheid van hierdie gebou is opvallend. Die middelste, ingangsfronton is afgeskaal sodat hierdie hoof 'poort' op 'n menslike (kindervriendlike?) skaal is. Die leiklipplate op die stoep skep 'n koel omgewing en wanneer 'n mens voor die dubbele voordeur staan is die sandsteen- en baksteendetails wat tussen oog- en handhoogte gebeur, opvallend.




Fig. 3.32: Staatsmodelskool: vooraansig (TABA S3/864).

Die portaalruimte is verrassend ruim en lei dwarsdeur die skool, tot op die agterste stoep wat 'n spieëlbeeld is van die voorste stoep. Die ruimtegevoel in hierdie portaal en in die wye dwarsgang, word versterk deur baie hoë veer-en-groef plafonne. Die oorspronklike hoed/jashake van gietyster, wat op die gevormde dadoreling gemonteer is, herinner aan die oorspronklike gebruik van die gebou en is op 'n hoogte wat vir enige kind bereikbaar sal wees. Hierdie skoolontwerp met sentrale binnegang is opsigtelik Europees - in vergelyking met latere skole waar klaskamers vanaf oop stoepe bereik word.




Fig. 3.33: Staatsmodelskool: sy-aansig (TABA S3/ 865)

Die buitengewone dakstruktuur is, soos in die oorspronklike snit CD aangetoon, deels blootgelê in die groot klaskamers aan die eindpunte van die gang. Die houtplafon is hier bo-op die hanebalk geslaan, en 'n staal trekstang verbind die steekbalke van elke kap met 'n vertikale stangverbinding na die hanebalk. Die kappe rus op ingeboude houtkorbele.

Hierdie skool met sy fyn afgewerkte sandsteendetails is duidelik ontwerp om 'n sieraad vir die Z.A.R. te wees (kyk verdere bespreking in 6.7). Oriëntasie was duidelik nie hier belangrik geag nie en die stoepdakke help om die oggend- en middagson te beheer. Ornamentele gietyster lugroosters in die mure, wat verbind is met kanale in die mure en dak en uiteindelik met die ventilators, verteenwoordig 'n eenvoudige verstelbare temperatuurreguleringsisteem (Jansen 1999:1) wat in die meeste van die Z.A.R.-geboue geïmplementeer is.




Fig. 3.34: Staatsmodelskool : Snitte (TABA S3/ 864)





Fig. 3.35: Die smee-yster paneel op een van die twee deure van die Staatsmodelskool.
(Simon v.d.Stel nuusbrief: 1999:1)

Fig. 3.36:Staatsmodelskool, 1896
Net na voltooiing (Engelbrecht 1955:49)



3.7.3.5 'Nieuwe Staatsdrukkerij'. (1895-1896)

Die kontrak vir die nuwe 'Staatsdrukkerij'(hierna Staatsdrukkery) is in 1895 met die laagste tenderaar, W.S. Geerts aangegaan, vir die bedrag van £20 940.

Die openbare deel van die gebou het 'n ruim kantoor vir die publiek, kamers vir die direkteur, 'n kantoor vir die voorman en 'n versendingslokaal ingesluit. Die tegniese deel was ingedeel in 'n settery, 'n drukkery, 'n litografiese drukkery en graveerlokaal, 'n papierkamer, 'n masjienkamer, 'n bindery, 'n brandkluis en linieerkamer. Daar was ook 'n solderruimte wat geskik geag is vir bergplek. Ruimte is op die terrein gelaat vir die bou van 'n bewaarderswoning.




Fig. 3.37: Die finale sketsplan van die Staatsdrukkery: met Kochstraat (Bosmanstraat) aan die oostekant; Vermeulen- suid en 'n onbekende straatjie wat nie meer bestaan nie, aan die westekant. In die noordoostelike hoek is die bewaarderswoning. (TABA S2/20). Skaal aangedui, geen noordpunt, maar wel straatname vir oriëntasie.

Na deeglike oorweging is besluit om elektriese masjinerie te installeer vir die drukkery sowel as die bindery. Die lewering en installasie moes deur die firma Gebrs. Delfos & Co. waargeneem word, teen 'n bedrag van £6 203. Hierdie installasie is in 1896 begin en is waarskynlik in 1897 voltooi. 'n 'Ijzeren Stoomschoorsteen' is deur die firma Thos. Begbie & Co. Ltd. vervaardig en geïnstalleer. Die koste hiervoor was £311.

Die volledige 'Bestek en Voorwaarden' word nog in die argief aangetref (PW 167 227) waarby twee tekeninge hoort waarvan die nommers nie op die bestek genoem word nie, maar ons kan met redelike sekerheid aanneem dat S2/20 (Fig.3.36) een hiervan was.Die datum op hierdie bestek is 1895. Die gebou is in 1896 voltooi en was reeds gedeeltelik in gebruik geneem in daardie stadium (TAB ZAR 141).




Fig. 3.38: Die Staatsdrukkery vandag, aansig Bosmanstraat.
Foto: Outeur, 1999.

Hierdie gebou, wat as staatsgebou uiteraard moes inpas in die stedelike geheelbeeld en die oorhoofse kultuurstelling, is duidelik van meet af aan ontwerp as nutsgebou en daarom is die detailwerk veel eenvoudiger as in die openbare geboue. Heelwat minder sandsteen-detailwerk word byvoorbeeld gebruik, en sou ook volgens die bestek beperk word tot die straataansigte. Nadere ondersoek het egter getoon dat die eenvoudige sandsteen vensterbanklysies en wigvormige sluitstene en patroon bo-om die boogvormige vensters deurlopend gebruik is. Ongelukkig is die Staatsdrukkery van vroeg af met gereelde tussenposes verbreek en verbou sodat veral die oorspronklike administratiewe gedeelte aan Bosmanstraat se kant, se interieur vandag redelik onherkenbaar is.

In die drukkery en masjienkamer is indrukwekkende staalkolomme en dakstruktuur gebruik, wat duidelik die werk is van iemand wat goeie navorsing moes gedoen het oor die tipe aktiwiteite en masjinerie wat hier gebruik sou word. Die hoë ruimtes is goed verlig en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geventileer en word vandag nog vir die oorspronklike doel benut.

In kultuurverband is dit interessant dat hierdie nutsgebou nie soos die belangrike regeringskantore (Paleis van Justisie, Raadsaal en Compol) simmetries ontwerp is met sentrale ingang nie. Die een ingang was volgens die oorspronklike sketsplan op die hoek geleë, (tiperend vir Wierda se nutsgeboue, kyk Fig.3.44) en die ander is op die nuttigste toegangsposisie vir personeel vanaf die straat na die drukkery geplaas. Uiteindelik is slegs hierdie dubbeldeur as ingang behou.

Die enigste deel van die kompleks wat heeltemal verdwyn het, is die opsigtershuis, wat vir latere aanbouings gesloop is. Die gebou wat bly bestaan het, is 'n besondere stukkie industriële argitektuur wat Wierda en sy Departement se beskouings uitstekend oordra: nutsargitektuur kan nog steeds 'n positiewe bydrae tot die stedelike beeld maak, deur dieselfde stedeboukundige patroon van randbebouing deur te voer en van dieselfde boumateriale gebruik te maak.




Fig. 3.39: Staatsdrukkery, binnehof: gedeeltelike oosaansig van westevleuel. Foto: Outeur, 1999.




Fig. 3.40: Die vuurherd in die ruimte waar die direkteur se kantoor oorspronklik was. Foto: Outeur: 1999.
Die nutskarakter van die gebou spreek uit die eenvoud van hierdie vuurherd in die deftigste ruimte in die gebou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.7.3.6 'Landdrost-, Post- en Telegraafkantoren', Potchefstroom. (1895-1897).

Die 'Landdrost-, Post en Telegraafkantoren' wat op Potchefstroom gebou is, is, hoewel uit dieselfde materiale gebou en met ooreenkomstige detaillering, nie tipies Republikeins nie. Tipies vir die platteland, is dit kleiner in skaal as sommige van die ander negentiende-eeuse regeringsgeboue in Transvaal, maar behou dit die nodige waardigheid.




Fig.3.41: Potchefstroom se 'Landdrost-, Post en Telegraafkantoren'. (Picton-Seymour 1977:358).

Die gebou is ontwerp deur H. C. Luitingh, 'n Nederlands-opgeleide argitek wat as plaaslike opsigter onder Wierda gewerk het, en hier ook as resident-argitek optree (Kuijers 1982:4). Miskien verklaar dit waarom die gebou se vernaamste aansig nie volgens die gebruiklike vyfindeling (kyk 3.7.3.2) ontwerp is nie.Wierda self stel die 'Bestek en Voorwaarden' op (PW 167 210). Die bouer was C.W. Hudson en die hoeksteen is op 6 Julie 1895 deur die magistraat, Dirk Tom, gelê. Die terrein is geleë 'aan het Marktplein' (PW 167 210) en by die ingebruikneming, spreek Paul Kruger die dorp toe vanaf die trappies (Picton-Seymour 1977:180). Die gebruik van sandsteen in die fasade dui op die belangrikheid van hierdie openbare gebou (kyk 6.7) in die republikeinse opset.

Die klein, maar indrukwekkende sandsteengebou is geplaas as fokuspunt van die dorp, verteenwoordigend van die regering en om te front aan die markplein. Dit wil voorkom asof hierdie een van die min geboue is waar Wierda se beheer nie heeltemal toereikend was nie, aangesien die uiteindelike boukoste amper dubbel soveel was as wat aanvanklik begroot is. Die aanvanklike tenderbedrag in 1895 is £8 500. Departementele beramings en tenders was gewoonlik redelik akkuraat, maar in 1896 word £3 550 ekstra uitbetaal aan

die bouer vir 'moeijelijkheden', en in 1897 nog £2 005-4s-7d 'onvoorziene moeijelijkheden', sodat die totale bedrag uiteindelik £14 055-4s-7d beloop (TAB ZAR 141 ). 'n Deel van hierdie onvoorsiene uitgawes, was dieper uitgrawings en 'meerdere fundeeringen.'




Fig. 3.42: Luitingh se werktekeninge vir Potchefstroom se 'Landdrost- Post en telegraafkantoren' (TABA S2/122). Skaal en noordpunt aangedui.

Die verskillende ruimtes in die gebou: die hofsaal, landdroskantore, polisiekantore, kantore vir die siviele kommissaris en belastinggaarders en pos-en telegraafkantoor; is in die laer ruimtes om 'n hoë sentrale, oorkoepelde portaalruimte gegroepeer (TAB ZAR 141). Die hiërargie van ruimtes is so duidelik ontleed en ingespan in die bepaling van die vormgewing van hierdie plattelandse regeringsgeboutjie.Die gebou moes onder een dak al die regeringsfunksies, én nutsfunksies huisves en ook 'n duidelike verteenwoordigende kultuurstelling maak namens die regering.




Fig. 3.43: Die snit toon die majestueuse sentrale binneruimte aan wat ontwerp is om as spil van aktiwiteit te dien.

### 3.7.4 SAMEVATTING.

Die ooreenkoms tussen hierdie geboue word gevind in die deurlopende gebruik van die basiese sisteem van aaneenskakeling, integrasie en skakering (Kaufmann 1966:11)-(kyk 3.5:38), asook deurgaanse gebruik van sandsteen en rooi Kirknessbaksteen en geverfde sinkdakke met ventilators wat soms verder verryk word deur smee-ystertraliewerk en -filiale. Sandsteenfiliale en uitdruklike kroonlyste verryk die daklyne verder. Sandsteen detailwerk soos lyste en sluitstene is algemeen en stoepe word van grys leiklipplate gemaak. Vensters word ritmies en soms in pare, op gelyke afstande geplaas.

Die volumetriese vyfindeling kom voor in die fasades van die Artilleriekaserne en die Staatsmodelskool en indien die gietyster-reënwaterpype as fasade-indeling gereken word, ook by die Compolgebou, waar dit dan net op die oppervlak is.

Met die uitsondering van die 'Manschappen Kaserne' (Artilleriegebou) wat van meet af aan 'n integrerende deel van die Artillerieterrein uitgemaak het, en die 'Offisiers- en onderoffisiershuise in Artillerieweg (kyk bespreking 3.7.3.3) is al die geboue tot op die straatgrense beplan en gebou. Die voordeur kon dus direk vanaf die straat bereik word. (By die Staatsmodelskool is daar 'n heininkie voorsien - rede onbekend, maar waarskynlik die veiligheid van die kinders.)

Die twee verteenwoordigende geboue is op sentrale as geplaas ('Nieuwe Kantoorgebouw', 'Potchefstroom se Landdrost-, Post en Telegraafkantoren') met 'n sentrale ingang terwyl die ingange van die Staatsdrukkery op die nuttigste posisies geplaas is vir publieke toegang.

## 3.8 DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT BEDRYFSINGESTELDHEID.

Wierda word van meet af aan as die enigste hoof van die Departement aangestel, wat beteken dat hy in totale beheer is. Sy titel is dan ook aanvanklik 'Gouvernements Ingenieur en Architect' (Rex 1974:372). Hy ontwerp, en hy is ten volle verantwoordelik vir al die geboue, paaie, brûe, bestek (of hoeveelheidslyste) en spesifikasies. Dit is opmerklik dat hy die Departement bestuur sonder 'n geskrewe stel bouverordeninge, waaruit afgelei kan

word dat hy die planne, ook van die streekskantore, persoonlik sou nagaan. Dit blyk 'n bomenslike taak te gewees het en soms slaag hy nie heeltemal daarin om ten volle beheer uit te oefen nie, soos by die Artilleriery (kyk3.7.3.3) en die 'Potchefstroom se Landdrost-, Post- en Telegraafkantoren'.

Selfs die klerke in sy Departement werk onder hom, en hy stel self die jaar se vooruitbeplanning, asook die 'balansstaat' op van wat tot stand gekom het in die Departement, (waarskynlik darem met die klerke se hulp) (TAB ZAR 141). Hierin word 'n volledige beskrywing van elke gebou gegee, asook 'n volledige uiteensetting van boukoste. 'Ekstra's' word duidelik beskryf en gemotiveer.

Hierdie stelsel van totale beheer was slegs moontlik in die redelik beperkte omvang van die 'Publieke Werken' se bou-aktiwiteite. Die regering was nie ryk nie, en daarom word net die nodigste geboue gebou. Aan kwaliteit ontbreek dit nie, en waarskynlik was die idee om op hierdie wyse oor die jare, dorpe met stedebou en -argitektuur van gehalte daar te stel.





Fig. 3.43a: Tipiese dakvorms en .ventilators

I. Staandak van sink met gewelente: Staatsmodelskool, Staatsdrukkery, Artilleriery.
Staandak van sink met wolwe-ente: Staatsartilleriekaserne, Artilleriery.

II Mansard-dak van sink: Compol, Potchefstroom 'Landdrost-, Post- en telegraafkantoren'.
In albei gevalle is kantversierings saam met die mansard-dak gebruik.

III Afgeplatte sink koepel: Potchefstroom 'Landdrost-,Post- en telegraafkantoren'. Waarskynlik geskoei op die voorbeeld van die Ou Raadsaal met soortgelyke koepel in koperplaat. Later word 'n soortgelyke koepel op die Paleis van Justisie gebruik.

a. regop ventilator: Staatsmodelskool, Staatsartilleriekaserne.
b. Groot ventilator: Staatsmodelskool en Staatsartilleriekaserne.
c. Gewone driehoekventilator: Staatsdrukkery.
d. Ronde ventilator: 'Nieuwe Kantoorgebouw', Artilleriery, 'Potchefstroom Landdrost-, Post- en telegraafkantoren' en ander verteenwoordigende staatsgeboue.

Wat materiaalgebruik aanbetref, speel beskikbaarheid 'n bepalende rol. Transvaalse sandsteen en Kirknessbaksteen (die klei was goed en volop) was goeie boumateriale en plaaslik bekombaar. Sink was lig en maklik om te vervoer. Vir deure is beukehout verkies

(PW 167/227) wat waarskynlik ingevoer moes word en dan per ossewa aangery is na Pretoria. Heel gou het Wierda dus die plaaslike inheemse houtsoorte leer ken, want vir Compol se vensters word kiaathout voorgeskryf (PW 169/377).

Die aanpak van die Departement is kontekstueel en individueel in terme van gebruike wat na vore gebring word deur die gebruik van detail soos hoekingange (kyk 3.9; 6.6) en die verhouding van die materiale tot mekaar (kyk 6.7). Onder leiding van Sytze Wierda, is daar binne die bestek van 'n paar jaar 'n hele aantal geboue met uiteenlopende gebruike ontwerp. Die ooreenkoms tussen geboue soos die Paleis van Justisie, Ou Raadsaal, Nuwe Goewermentsgebou en Artilleriebarakke is in die materiaalgebruik en kenmerkende vyfdelige fasadebehandeling (Holm en Viljoen 1993:25) van fasades wat volumetries geïnterpreteer behoort te word (kyk 6.6). Holm en Viljoen (1993:23) voer tereg aan dat Wierda se bydrae tot die Suid-Afrikaanse argitektuur hoofsaaklik konseptueel is, maar peil waarskynlik nie die ware rol van die detail nie.

Ongelukkig bestaan daar nie meer volledige reekse sketsplanne en werkstekeninge met kommentaar in die Transvaalse Argief nie. Dikwels bestaan daar maar slegs een plan of aansig per gebou.

'n Belangrike aspek van Wierda se ontwerpe is die plasing van die geboue, om te front aan die belangrikste plein of straat (kyk Fig.3.51). Volgens die gebruik van die tyd, oriënteer hy nie na die son nie. Hy verstaan egter wel die impak van die klimaat en maak daarvoor voorsiening deur stoepe (byvoorbeeld oos- en westekant, Staatsmodelskool) en ventilators wat verbind is met kanale in die mure met verstelbare sierroosters in die vertrekke en hoë geventileerde dakruimtes.

## 3.9 WIERDA SE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT KULTUURSTELLING.

President Paul Kruger en sy Volksraad het besef dat die witgekalkte grasdakgeboutjies om Kerkplein, in der waarheid 'n diplomatieke verleentheid vir die Republiek was en dat geen land 'n onderhandelingstryd met die pronkerige, Victoriaanse Brittanje kon aanknoop met 'n gebrek aan verteenwoordigende geboue nie (Holm en Viljoen 1993:15). Waardigheid was vir die President 'n baie belangrike doelwit (Holm en Viljoen 1993:17). Dit was ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Fig 3.44: Braamfontein poskantoor (bo) en Jeppestown poskantoor (onder) – die 'Publieke Werken' se enigste gestandardiseerde poskantore, wat steeds elkeen uitkenbaar bly aan afsonderlike detailafwerking. Poskantore, as nutsgeboue, se ingange word op die hoeke geplaas (Norwich 1986: 94,139).

belangrik dat nuwe regeringsgeboue die sin vir waardes van die volk moes weerspieël, om so die aansien van die nuwe Republiek na buite te help opbou en vestig.

Sytze Wierda het homself met die lot van die Republiek en die ideale van sy leiers vereenselwig en het deur die idealistiese en entoesiastiese aanpak van sy werk, die lede van sy personeel sodanig geïnspireer dat hulle as landsburgers en deel van die nasionale geheel opgetree het. Heelwat van hulle was teen 1899 genaturaliseerde landsburgers (CCS 283 706/01) en die meeste van hulle het aan die Republiek se kant aan die oorlog deelgeneem, as lede van die Hollanderkorps (I.B.B. 31 CD1553:37-39), soos uiteengesit in hoofstuk 4.

Van Wierda is verwag om behoorlike beheer oor die groeiende bou-aktiwiteite van die uitbreidende jong staat uit te oefen, terwyl hy vir die patriargale 'Zuid Afrikaansche' regering met sy doelgerigte Staatspresident 'n gepaste argitektuur en stedeboukuns moes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vind, wat die regering waardig sou wees. Hy plaas daarom sy staatsgeboue frontaal, formeel en streng aksiaal op prominente plekke aan pleine of vistas, kordaat teenoor die wêreld met 'n gees van trots en standvastigheid (Holm en Viljoen 1993:64). Die Z.A.R.-styl sien daar meestal simmetries uit, met 'n sterk manlike voorkoms, in bewuste teenstelling met die nadruklik vroulike, asimmetriese Victoriaanse (Britse) geboue van dieselfde periode. Wat die formele staatsargitektuur aanbetref, het Wierda duidelik 'n helder-omlynde beeld voor oë, wat hy mettertyd ook aanpas by nutsargitektuur (kyk ook 6.6,7). In sy hoeksteenleggingstoespraak by die 'Staatsgebouw' of Raadsaal (Holm en Viljoen 1993:26), verwys president Kruger baie pertinent na die 'denkbeelden' van die argitek, wat betekenisvol is, aangesien dit daarop dui dat Wierda waarskynlik sy idees met die President bespreek het. Volgens Holm en Viljoen (1993:26) wys die portiek met sy balkon bo-oor byvoorbeeld op die aanwesigheid van die hoogste gesag in die land - veral as dit vergelyk sou word met 'n Wes-Europese keiserlike paleis. Wierda poog verder om deur middel van sy massabehandeling, klassieke strengheid, materiaalgebruik en aanwending van beeldhouwerk in al die regeringsgeboue die Volksraad se lewensbeskouing en ideale uit te beeld (Holm en Viljoen 1993:35).




Fig. 3.45: Wierda beeld die forsheid van sy regering uit deur sterk massabehandeling in die Paleis van Justisie. Die beelde wat die borswering moes versier en leeubeelde aan weerskante van die hooftrap het agterweë gebly. (TABA 20302) Op sigself beskou, skep die twee torings 'n kompetisie met die 'corps avant' van die middel-deel. In die geselskap van al die ander torings op die plein en veral die kerktoring, verander die geheelprent weer.

In teenstelling hiermee, word die ingange van nutsgeboue soos die poskantore (kyk Fig. 3.44) nie beklemtoon nie, maar op straathoeke geplaas vir toeganklikheid, soos by ander kommersiële geboue van die tyd. Terwyl die stedeboukundige patrone deurgevoer word, word detail dus aangepas.

Wanneer daar gekyk word na die boeke wat in die kantoor van die Departement 'Publieke Werken' teenwoordig was, afkomstig uit veral Duitsland (meer bepaald Pruise) en Frankryk, dan is daar een argitek wie se naam as moontlike rolmodel vir Wierda na vore tree: die Pruisiese argitek Karl Friedrich Schinkel, wat gedurende sy lewe en daarná 'n bepalende invloed op die Wes-Europese argitektuur uitgeoefen het.

### 3.9.1 Karl Friedrich Schinkel en Johann Gottlieb Fichte.

Die belang van die Pruisiese argitek, Schinkel (1781-1841), se bydrae word veral gevind in sy filosofie dat argitektuur die hoogste uitdrukkingsvorm van 'n beskawing verteenwoordig. Hy lewe hierdie credo uit en strewe daarna om sy omgewing te verryk deur noemenswaardige argitektuur te skep vir latere generasies. Sy bydrae en erkende sukses as hoofargitek van Pruise lê nie net in die ontwerp van die sogenaamde 'Hoof-monumente' (Pundt 1979:8) in Pruise nie, maar veral in die vorming van denke aangaande argitektuur in die daaropvolgende geslagte, en oor die volgende dekades.

Schinkel se boek, 'Sammlung Architektonischer Entwürfe' (1819) word in die negentiende eeu as die mees-bestudeerde standaardwerk oor argitektuur in Duitsland beskou (Pundt 1979:5) en word selfs in anderstalige lande wyd gelees en bestudeer vanaf die boek se verskyning, tot lank na die laaste uitgawe in 1873. Sy invloed geld in so 'n mate, dat sy studente hulle self met trots 'Schinkelschüler' noem. Dit sou nie vergesog wees om aan te neem dat 'n belese argitek van Europese oorsprong soos Wierda van hierdie boek moes kennis dra nie.

Op 30 September 1807 lewer die invloedryke Duitse filosoof, Johann Gottlieb Fichte (1762-1814) sy beroemde patriotiese lesing: 'Reden an die Deutsche Nation.' Teen hierdie tyd was Schinkel reeds een van sy profete en neem hy sy werke gereeld saam wanneer hy reis; veral die boek 'Die Bestimmung des Menschen'-(1800) (Watkin & Mellinghoff 1987:91). Fichte se konsep van morele roeping help Schinkel om sy visie, en meer in besonder sy kultureel-politiese aspirasies in terme van argitektuur vir Pruise, te formuleer (Watkin & Mellinghoff 1987:91). Sy idees is dus nie lukraak saamgestel nie, maar stewig gefundeer in die nasionaal-idealistiese kultuurpolitiek wat deur Fichte voorgestaan is.

Wat materiaalgebruik aan betref, het Schinkel gepoog om materiale en tegnologie sodanig

te bemeester dat sy artistieke- en kultuurpolitieke ideale nie aan bande gelê sou word nie. Hy is van vroeg in sy loopbaan beïnvloed deur die ongepleisterde baksteen-argitektuur van die middeleeuse Brandenburg en Oos-Pruise. Op sy Italiaanse reise word hy verder beïndruk deur die baksteen-argitektuur van Bologna en Ferrara en in 1816 ondersoek hy die Hollandse baksteenboutradisie onderwyl op reis in Nederland en Vlaandere. Gevolglik kan hy met reg 'n meester in die gebruik van baksteen en terra-cotta genoem word.



Fig. 3.46: Allgemeine Bauschule: Schinkel. (Hazlett 1989:117). Die natuurlike strewe na 'n sentrale ingang word hier opgeoffer aan strukturele konsekwentheid: die pilasters tussen die hoofdeure is deurlopend. Selfs die hoekpilasters wat gewoonlik beklemtoon word, verbreek nie die reëlmatigheid nie. Duitse argitekte onder wie Gilly en Schinkel, volg hierin die Franse revolusionêre argitekte na (Kaufmann 1966:117). Die rasionele speel hier 'n groot rol. Wierda verkies egter die Baroksisteem van aaneenskakeling, integrasie en skakering.

Die hoogtepunt van sy baksteen-argitektuur is die 'Allgemeine Bauschule' in Berlyn (1831-1835). Schinkel was op sy besoek aan Engeland in 1826 wel beïndruk deur die utilitarisme van die baksteen- en gietyster nywerheidsargitektuur daar, maar het hom sterk uitgespreek teen die totale gemis aan estetiese waarde daarvan (Carter 1980:31).

### 3.9.2 Schinkel se invloed op Sytze Wierda

Dit is bekend dat Schinkel in die huis van die Gropius-familie geloseer het (Carter 1980:28) en 'n sterk invloed uitgeoefen het op argitek Martin Gropius (1824-1880), een van die argitekte wie se werk herhaalde male voorkom in '*Architectonische Studien-Blätter*', een van die reekse boeke wat stellig deur Wierda en sy argitekte as naslaanwerke gebruik is (kyk 3.5). Volgens Pundt (1979:8) het hy ook 'n sterk invloed op latere argitekte soos Walter Gropius (1883-1969 en familie van Martin Gropius) en Peter Behrens uitgeoefen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit word hier gestel dat Wierda self op direkte wyse ook deur sy werke en geskrifte beïnvloed kon gewees het. Hierdie direkte invloed is hipoteties van aard, terwyl die indirekte invloed deur die destydse algemene professionele klimaat en opleiding sonder enige twyfel bestaan.

Daar bestaan verder 'n sterk ooreenkoms tussen Schinkel se posisie in Pruise aan die begin van die negentiende eeu en Wierda se posisie in die Z.A.R. teen die einde van dieselfde eeu. Beide bevind hulle in 'n paternalistiese staat, wat, bedreig deur 'n mag van buite, 'n opwelling van patriotisme binne die grense tot gevolg het. In Schinkel se geval, deurleef Pruise aanvanklik die bedreiging deur Napoleon, en verloor dan in 1807 by Tilsit die helfte van sy grondgebied aan Frankryk (Carter 1980:22). Sowel Schinkel as Wierda, word as hoof van openbare werke in hulle lande aangestel met vetoreg oor alle ontwerpwerk en met volle beheer oor hul departement se finansies.

Die goeie verstandhouding en wedersydse respek wat bestaan het tussen Bismarck en President Paul Kruger (Van der Walt 1977:376), bevestig die vermoede verder dat òf President Kruger, òf Staatsekretaris Leyds die Z.A.R. se 'Publieke Werken' Departement kon geskoei het op die lees van die uiters effektiewe Duitse stelsel. Dit is trouens bekend dat Staatsekretaris Leyds gemoeid was met die vorming van meer as een staatsdepartement (Van Niekerk 1985:44-50).

Wierda se belesenheid moes uiteraard sy stylkeuse beïnvloed het. Sy gebruik van ongepleisterde baksteenoppervlakke is, alhoewel in ooreenstemming met Nederlandse boutradisie, tog nader aan die vrye variasie op die Renaissance-tema in rooi baksteen en klip, wat eie is aan Schinkel se latere werk, byvoorbeeld in sy huis vir T.C. Feilner in 1828.

Net soos Schinkel in die negentiende eeu in Pruise deur sy kapasiteit as toesighoudende beampte oor alle staatsbouwerk, verseker het dat daar 'n vaste styl vir openbare geboue gevestig word, het Wierda 'n deurlopende styl vir die Z.A.R. geskep (kyk 3.9.3).

### 3.9.3 Die Departement se gevolglike kultuurstelling.

Hierdie kultuurstelling is die gevolglike afleiding van die ikonologiese of simboliese vertolking soos uiteen gesit in 1.2.

Sytze Wierda het verkies om die argitekte wat in sy Departement werksaam was, self op te lei, en so te verseker dat die groep as 'n sterk eenheid saamwerk. Dit beteken op kultuurpolitieke gebied dat 'n beduidende invloed uitgeoefen kon word om die land se beeld te vorm en versterk, deur die regte argitektuur en stedebou toe te pas. Dat hy geslaag het in sy doel om sy argitekte te inspireer met sy idealisme, blyk uit die groot aantal van hulle wat met oorgawe die land en sy probleme hul eie gemaak het. Dit dui op die tipe moraliteit en patriotisme wat teen die einde van die agtiende eeu deur Frederik die Grote van Pruise bepleit is en aanleiding gegee het tot werke soos die uitbou van die teorie van etniese idealisme van Fichte (Tsanoff 1972:192) en Schinkel (Watkin & Mellinghoff 1987:61).

Paul Kruger en sy Staatsekretaris, dr. Leyds, het 'n soortgelyke politiese koers as Bismarck ingeslaan, heel moontlik met sy voorbeeld in gedagte. Hy het dit sy plig geag om teen die veranderende en onrustige weë van die samelewing, industrie en politiek van sy tyd, 'n vaste koers te stuur en konserwatiewe mikpunte na te streef, om uiteindelik sy groter doel te bereik (Evans 1998:-). Die nasionale styl van donkerkleurige baksteengeboue met kliplyste en -afwerkings (Hitchcock 1969:224) wat gedurende Bismarck se tyd in Berlyn opgerig is, lyk in der waarheid baie soos die Z.A.R. se geboue wat deur Wierda en sy span argitekte ontwerp is.

Wierda het verder ingesien dat die wese van sy opdrag meer as net akkommodasie behels het, en dat Pretoria mettertyd in 'n hoofstad moes omskep word. Gedurende dieselfde tyd was Berlyn besig om as nuwe hoofstad van 'n nuwe nasionale staat gevestig te raak na die Frans-Pruisiese oorlog. Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat Wierda, Berlyn, wat geskoei was op die voorbeeld van Hausmann se ontwerp van Parys, as voorbeeld gebruik het in sy visie van 'n hoofstad vir die Republiek. Wierda se Raadsaal, wat 'n hele straatblok beslaan, is in pas met hierdie konsep (Holm 1998:64). Die ontwerp het ook baie in gemeen met sy ontwerp vir die Amsterdam-Beursgebou kompetisie, wat deur H.P.Berlage gewen is en lyk of dit direk beïnvloed kon gewees het deur Paul Wallot se 'Reichstag'-gebou in Berlyn (1882).




Fig. 3.47: 'Reichstag'-gebou, Berlyn, (1882): Paul Wallot argitek. Hierdie foto is gevind in die Transvaalse Argief, wat aanduidend kan wees dat Wierda die foto as voorbeeld gebruik het. (TABA 4752).




Fig. 3.48: Wierda se 'Gouvernementsgebouw' of die Ou Raadsaal. (TABA 20303)




Fig. 3.49: Wierda se Beursgebou – ontwerp vir Amsterdam (Holm en Viljoen 1993:29).

Holm en Viljoen (1993:3-12) voer met oortuiging aan dat Wierda Paul Kruger se standpunt van nougesette wet en orde ('Eendragt Maakt Macht') teenoor die gewilde popularisme van sy voormalige politieke teenstander, Stephanus Schoeman, stel deur hiërargiese orde en aaneenskakeling in stedebou te handhaaf. Omdat stadsbeplanning nie 'n aparte dissipline was nie, is aaneenskakeling met buiteruimtes net so belangrik geag as die gebou self. Hoe veral Pretoria verder sou ontwikkel met Wierda aan die stuur, bly 'n ope vraag, maar dit lyk waarskynlik dat 'n plaaslike interpretasie van die Berlyn/Parys-patroon sou ontwikkel het.





Fig. 3.50: Tipiese filiale.
**a**: Staatsmodelskool: sandsteen-filiale verbind met sandsteenbande en dekklip op borswerings.
**b**: Artilleriery-huise: 'n enkele sandsteen-filiaal per huis druk die Z.A.R. se stempel af.
**c**: Staatsdrukkery: Die boonste deel van die filiaal in hierdie nutsgebou is van terra-cotta gemaak, en in plek van 'n sandsteen-kroonlys word 'n baksteenkorbeel gebruik.

Dit wil voorkom asof die verskeidenheid van detail in die argitektuur wat deur Wierda en sy Departement geskep is miskien in die verlede geringgeskat, of misgekyk is deur navorsers. Hy verseker intussen deur die stedelike hiërargiese orde wat hy daarstel (kyk 6.5) en argitektoniese kultuurstelling wat hy ook hiërargies implementeer (kyk ook 6.6 en 6,7) dat die stad logies en harmonieus verder moet ontwikkel. Om die stadskern is die mees verteenwoordigende geboue, wat ook die meeste beelde en torings het en grotendeels uit sandsteen bestaan, met rooi baksteen as aksent (kyk Fig.3.48). Soos wat 'n mens verder van die stadskern weg beweeg, word die verhouding baksteen tot sandsteen meer en die geboue eenvoudiger, alhoewel die patrone dieselfde bly. Langs belangrike roetes soos Van der Waltstraat, word die belangrike openbare gebruiksgeboue, soos die Staatsmodelskool geplaas, wat duidelik ook 'n mate van 'n verteenwoordigende rol gehad het (kyk Fig.6.2).





Fig.3.51: Verteenwoordigende geboue word meestal sentraal op openbare ruimtes geplaas en is ontwerp volgens die vyfindeling. By nutsgeboue word die ingang meestal op die straathoek geplaas.

Wierda skep vir die Republiek 'n deurlopende boustyl wat bestaan het uit sandsteen- en rooi baksteengeboue, gewoonlik volgens die vyfindeling wat volumetries aangewend word en tot op die erfgrense gebou is, met uitdruklike kroonlyste en sierlike daklyne en ventilators. Hier word duidelik onderskei tussen belangrike openbare staatsgeboue wat simmetries om 'n as, met duidelike torings en baie sandsteen ontwerp is en nutsgeboue waar die ingang dikwels op die hoek van die straat geplaas is (byvoorbeeld die Braamfontein- en Jeppestown poskantore), en waar heelwat minder sandsteendetail gebruik word (kyk 6.7, bespreking van materiaalgebruik as deel van kultuurstelling). Dit is duidelik dat hy 'n ryk, maar homogene stadsbeeld voor oë gehad het.





Fig.3.52: Z.A.R. toringspitse. **a**: Paleis van Justisie; **b**: Gereformeerde kerk; **c**: Groote kerk; **d**: Ou Raadsaal; **e**: Rissikstraat poskantoor; **f:** Artilleriebarakke.

Die tekstuur van die torings is soortgelyk aan die noord-Duitse argitektuur in 3.3, 3.16 en 3.17 en skep 'n interessante,kantagtige stad-silhoeët waarin deursigtigheid 'n belangrike rol speel. Die toringspitse van die verteenwoordigende geboue (a en d) en kerke (b en c) het meer detail en tekstuur en is ook hoër as dié van die poskantoor (e), 'n nutsgebou.Die Artilleriebarakke se toring is stomp en relatief eenvoudig.





Fig. 3.53: Tipiese vensters. (nie volgens skaal).
**a**: 'Nieuwe Staatsgebouw': hout skuiframe in sandsteen omranding.
**b**: Staatsmodelskool: sandsteenraam (tussenstyl en kalf) met houtswaairame in houtsubraam.
**c**: Staatsdrukkery: hout skuiframe. Slegs sandsteen sluitstene, vensterbank, en lysie bo venster.
**d**: Artilleriery: hout skuiframe met slegs 'n enkele sandsteen sluitsteen, vensterbank en buitehoeke.
**e**: 'Potchefstroom Landdrost-, Post- en telegraafkantoren': houtraam in sandsteengebou.

## 3.10 SAMEVATTING.

Wierda het as leier van die Departement, hom inderdaad met die strewe van die Z.A.R. vereenselwig. Die hipotese wat gestel is in 3.1 is dus juis bevind.

Hy het sy personeellede in so 'n mate besiel en gemotiveer met hierdie ideale, dat die meeste van hulle as landsburgers van die Z.A.R. genaturaliseer is en as sodanig opgetree het.

# HOOFSTUK 4: DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902).

## 4.1 INLEIDING.

'Die vasstel van die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die Departement', is die subprobleem wat in hierdie hoofstuk behandel word. 'Voor die besetting van Pretoria is die Departement reeds grootliks deur die oorlog gestrem; daarna is die Departement tot niet gemaak', volgens die gestelde hipotese.

Die invloed wat deur die oorlog op die Departement uitgeoefen is, hang af van die invloed wat die oorlog gehad het op die individue binne die Departement. Elke werknemer se lot word dus so vér moontlik nagegaan, ook ná die tot niet gaan van die 'Publieke Werken' Departement, na die oorgawe van Pretoria op 5 Junie 1900.

## 4.2 AGTERGROND.

Lord Alfred Milner se vrees, dat Afrikaner-nasionalisme die strategiese Britse posisie in Suidelike Afrika bedreig, het direk aanleiding gegee tot die tweede Anglo-Boereoorlog (Pretorius 1998:11). Sy diplomatieke strategie was uit en uit daarop gemik om 'n stryd oor die Uitlander-vraagstuk met die Z.A.R. uit te lok. Die vraagstuk moes as voorwendsel dien om in die regering van die Z.A.R. te kan ingryp (Pretorius 1998:11). Nadat onderhandelinge tussen die regerings van Brittanje en die Z.A.R. in Bloemfontein misluk het (Mei 1899) was die Boereleiers van nuuts af oortuig dat hulle nie op Chamberlain en Milner kon peil trek vir 'n regverdige onderhandelingsproses nie.

Die Britte was nie gewoond aan sterk teenstand in Afrika nie. In Januarie 1899 het die Britse en Egiptiese regerings byvoorbeeld 'n gesamentlike protektoraat oor die Soedan afgekondig (Pakenham l997:690). Op 8 September 1899, stuur Brittanje 10 000 troepe na Suid-Afrika, sodat hul mag op die republikeinse grense op 22 000 te staan sou kom. 'n Britse ultimatum is opgestel, maar teruggehou totdat die troepe in posisie sou wees. Na die mislukte Bloemfontein-konferensie tussen Paul Kruger, Pres. M.T. Steyn (wat die verrigtinge gereël het) en Lord Milner, stel Staatsprokureur J.C. (Jan) Smuts 'n vurige vlugskrif 'Eene Eeuw van Onrecht', op. Hierin doen hy in die gebruiklike Nederlandse skryftaal van die tyd 'n beroep op die Boere:'.. *stoor u niet aan de mannen als Milner, Rhodes, Chamberlain en selfs niet aan de Britse Rijk, maar klem u vast aan*

*de God onzer voorvaderen, en aan de gerechtigheid die soms langzaam handelt, maar nooit sluimer of vergeet!'* (Böeseken 1983:91).

Met die inhoud van hierdie vlugskrif in gedagte, rig Kruger en sy Volksraad op 9 Oktober 1899 'n ultimatum wat 48 uur van krag was, aan Groot-Brittanje. Die ultimatum is op 10 Oktober in Londen ontvang en met spot bejeën: op 11 Oktober 1899 breek die Tweede Anglo-Boereoorlog uit.

Europese lande het die oorlog met belangstelling en 'n soort afwagting bejeën. Alle oë was gerig op die suidpunt van Afrika (Pakenham 1997:690-1).

## 4.3 DEPARTEMENTELE BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE OORLOG.

Met die naderende opmars van Lord Roberts, is al hoe meer burgers opgeroep na die slagveld. Omdat dit nie prakties sou wees vir alle amptenare om hulle poste meteens te verlaat nie, is 'n amptelike lys opgestel waarvolgens persentasiegewys vasgestel is hoeveel amptenare per regeringskantoor afgestaan mag word om te gaan veg.

Die amptelike persentasie vir die 'Publieke Werken' Departement was, volgens Van Vreden (1955:94), vyftig persent van die 110 amptenare wat teen die uitbreek van die oorlog daar werksaam was. Van hulle het 57 aan die begin van die vyandighede reeds toegetree tot die stryd.

Teen 30 April 1900, het die Waterleiding- en Verligtingsmaatskappy in Pretoria, op een Britse onderdaan na, heeltemaal ontbind op aandrang van die 'Commissie re hersiening Britsche Permitten'. Wierda en sy Departement neem in die krisis ook die werk van hierdie maatskappy oor. Sy assistent in hierdie taak is Van Wijngaarden, 'n ingenieur in die Departement. Teen Mei 1900 het nuwe oproepbevele vanaf die fronte Pretoria bereik, sodat slegs die mees onmisbare amptenare in Pretoria moes agterbly (Van Vreden 1955:89,94).

Dit is bekend dat Wierda tot met die Britse oorname van Pretoria op sy pos gebly het (Holm en Viljoen 1993:64) en nie in die oorlog geveg het nie.

## 4.4 DIE BRITSE DEPORTASIEBELEID.

President Paul Kruger het Pretoria op 29 Mei 1900 verlaat, en op 5 Junie 1900 is die stad aan Lord Roberts oorhandig. Generaal Louis Botha het van Lord Roberts en sy troepe soortgelyke beskerming vir vrouens en kinders verwag as wat die Boeremagte vroeër in die oorlog aan die inwoners van Ladysmith gegee het (Ploeger 1990:20:23). Dit het egter nie gebeur nie.



Fig. 4.1: Lord Roberts (Engelbrecht 1952:73).

Op 20 Junie 1900 is die 'Government Relief Committee' in die lewe geroep, waaronder die gesinne wat in die stad oorgebly het, afgesny is van voorrade. Die bevolking in die stad het boonop voortdurend toegeneem, as gevolg van vlugtende gesinne van die platteland wat 'n heenkome gesoek het. Hierop besluit die Britse owerhede om voeding te staak, en laat weet generaal Botha dat die behoeftige gesinne per trein na hom gestuur word, sodat hy hulle kan onderhou. Die vrouens en kinders van Z.A.R.-burgers is in oop veetrokke na die Boerelinies in Barberton, Middelburg en Lydenburg gestuur (Ploeger 1990:20:24-20:36).

Teen Junie 1900 besluit Lord Roberts om die nie-genaturaliseerde werknemers van die N.Z.A.S.M. te deporteer en op 22 Junie word die Nederlandse regering deur sy konsuls

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in kennis gestel dat ongeveer 1 400 N.Z.A.S.M.-amptenare en hulle gesinne na Nederland teruggestuur word. Hierdie syfer het teen 26 Junie aangegroei na 1 300 mans en 1 700 gesinne.

Op 1 Junie, begin maj. R.M. Poore, die hoofprovoos van die Britse Militêre Hoofkwartier in Pretoria, 'n memorandum wat die Britse deportasiebeleid beskryf. Uitsetting het nou plaasgevind van alle vreemdelinge wat minder as vier jaar in die Republiek woonagtig was, met inbegrip van persone wat na die uitbreek van die oorlog Transvaalse burgerregte ontvang het (Ploeger 1990:23:27). Geen geregtelike ondersoek is toegelaat in verband met die deportasie van vreemdelinge nie en min of geen rede was goed genoeg om op hierdie lyste te beland. Die indruk ontstaan dat daar nie veel aandag gegee is aan die nasionaliteit van die uitgesettes nie, want daar kom Hollanders, Dene, Swede, Amerikaners, Franse, Duitsers, Russe en selfs gebore Transvaalse burgers op hierdie lyste voor. Volgens Ploeger (1990:24:37) is meer as 5 600 vreemdelinge van verskillende nasionaliteite in die tydperk vanaf Julie 1900 tot April 1902 gedeporteer. Die meeste van hulle was oorspronklik in Pretoria en Johannesburg woonagtig. Onder andere is privaat-argitek W.J.de Zwaan byvoorbeeld gedeporteer, sonder enige gegewe rede.

As amptelike rede aan die buitewêreld is aangegee, dat die Britse regering dit gebiedend noodsaaklik geag het om, om militêre redes, 'indigent persons and suspicious characters' te deporteer (Ploeger 1990:24:43). Nie een van die gedeporteerdes sou toegelaat word om gedurende die oorlog terug te keer nie en die Britse Hoë Kommissaris wou ook geen gedeporteerdes in die Kaapkolonie toelaat nie.

## 4.5 DIE HOLLANDERKORPS.

Dr. H. Coster, die voormalige Staatsprokureur, belê aan die begin van September 1899 'n vergadering met 'n aantal prominente Nederlanders om te besluit hoe hulle in geval van vredesbreuk aangewend kan word ter verdediging van hulle aangenome land. Dit gee aanleiding tot 'n massa-vergadering op 14 September 1899 in die Caledoniese saal, wat deur 800 Nederlanders en oud-Nederlanders bygewoon is. Op hierdie vergadering verduidelik B.G.V. de Witt Hamer (Kaptein in die Hollanderkorps) dat alle genaturaliseerde en stemgeregtigdes onvoorwaardelik opgeroep mag word. Hulle besluit daarop om 'n 'Hollanderkorps' te stig, waarby 'n paar Belge ingesluit is (Van Vreden 1955:8-11).

'n Formele brief aan die Staatsekretaris het hierdie 'vrywiliger troep' verbind tot 'mede te werken tot het handhaven van de onafhankelijkheid van de land' (SSR 13356/99).

Die korps het uit twee afdelings bestaan: 'n 'Afdeling Garnisoendiens' en 'n 'Afdeling Velddiens'. Garnisoendiens is verrig deur amptenare wat posisies beklee het wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het om front-toe te gaan. Hulle is gebruik om spoorlyne en ander belangrike strategiese punte in Pretoria te bewaak. Die 'Afdeling Garnisoendiens' onder leiding van J. M. De Bruijn het 'n ledetal van 300 gehad, en het voortbestaan tot met die inname van Pretoria deur die Britse troepe, op 5 Junie 1900.

Die 'Afdeling Velddiens' onder kaptein B. G. Versélewel de Witt Hamer het 'n ledetal van 150 gehad wat in vyf pelotons ingedeel is, onder luitenante (Dr.) H.J. Coster, C.G.de Jonge, J.C. Goldman, R.W.Nijenes en Klaas van Rijsse (Ferreira 1977:6-14).

Die Hollanderkorps het net aan een veldslag deeigeneem: die slag by Elandslaagte naby Ladysmith, op 21 Oktober 1899. Die Boeremagte met Hollanderkorps inbegrepe is verslaan en menige is as krygsgevangenes weggevoer (Ferreira 1977:12-14). Die slag was besonder bloedig, daar die Britse ruitery die vlugtendes agterna gesit, en met hulle lanse doodgesteek het. Volgens Pretorius (1998:14) het 46 van die Hollander Vrywilligerkorps op hierdie dag gesneuwel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Fig. 4.2: Lede van die Hollanderkorps voor die slag van Elandslaagte (Mc Fadden 1999: 38)

Generaal P.J. Joubert en Generaal J.H.Schoeman* het die Hollanderkorps en Duitse Kommando hierna beskuldig van onbekwame deelname en wou hulle nie weer toelaat om 'n eenheid te vorm nie. Nietemin kom sowat 80 Nederlanders en oud-Nederlanders teen die einde van November 1899 by Ladysmith byeen om die Hollanderkorps te laat herleef. Nadat hierdie, en ander pogings misluk het, sluit sommige van hulle aan by die vreemdelinge-legioen onder leiding van kol. G.H.A.V. de Villebois Mareuil. Die legioen is later deur 'n Rus, kol. E. Maximoff, aangevoer (Ferreira 1977:209,210). Sommige oud-Hollanderkorpslede het ook as enkelinge, of in klein groepies by die Boerekommando's aangesluit om daar verder te veg (Ferreira 1977:210).

Die gesindheid van die lede van die Hollanderkorps kom duidelik na vore uit hierdie stukkie geskiedenis: dat hulle, selfs na beskuldigings van Generaal Joubert, nog met oortuiging aan die oorlog deelgeneem het, om hulle aangenome land te probeer help bevry van Britse regering.

* Na Lincoln Schoeman, Hartbeespoort: (nasaat van Genl. Schoeman).
Dit is waarskynlik dat hulle met hul opleiding in die boubedryf minder bedrewe met die geweer en perd was as die boerebevolking. Die Nederlanders was ook nie die plaaslike veldlewe of -klimaat van kleins af gewoond, soos die boerseuns nie.

## 4.6 LOTGEVALLE VAN WERKNEMERS VAN DIE DEPARTEMENT GEDURENDE EN Ná DIE OORLOG.

Hierdie lys is (deur die outeur) saamgestel uit inligting wat versamel is in die Staatsargief en uit ander bronne soos aangedui. Waar biografiese inligting ontbreek, is dit volgens die wete van die outeur nie in die Transvaalse argief beskikbaar nie

Klaas van Rijsse: (Argitek). Luitenant van peloton V, Hollanderkorps, nie in aktiewe stryd betrokke nie (Ferreira 1977:192). Word in 1900 in Brussel as gedeporteerde regeringsamptenaar uitbetaal. (GZR 7368/00 61 deel 1).
Oorlede in die dorpie Velp, Nederland.

Jan Hendrik Hollenbach: (Argitek: kyk 3.3). Hy was 'n lid van die Hollanderkorps, peloton V, maar nie in aktiewe stryd betrokke nie.
Oorlede in Ermelo, 1914 (Ferreira 1977:184).

Herman Cornelis Luitingh: (Argitek) Veg as Luitenant-adjudant onder Genl. J.C. Smuts, word by Frederikstad in 1901 gewond en as krygsgevangene na Indië gestuur.
Na die oorlog word hy aangestel as die stadsingenieur van Potchefstroom. Oorlede in Potchefstroom in 1936 (Ploeger 1994:89).

Jan Brink Wijers: (Argitek) Hollanderkorps, afdeling garnisoendiens.
Na die oorlog: vennoot, Kraan en Wijers (Ploeger 1990:148). Oorlede in Pretoria, 1953 (Ploeger 1989:233).

Jan Hendrik Rutgers: (Tekenaar). Hy is gewond by die slag van Elandslaagte en word daarna in 1900 in Brussel uitbetaal as gedeporteerde regeringsarnptenaar (GZR 7368/00 61 deel 1).

Gerrit Heijink: (Tekenaar, later argitek). Lid van Peloton V, gevange geneem by Elandslaagte, krygsgevangene op St. Helena (Ferreira 1977:183).
Werk vanaf 1908 vir D.P.W., tot met aftrede. Oorlede in Pretoria, 1945 (MHG 4635/45).

Simon Pieter Lindhout: (Tekenaar) Gewond by die slag van Elandslaagte en gevange geneem, krygsgevangene op St. Helena (Ferreira 1977:186).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na die oorlog in diens van firma Kraan en Wijers, Pretoria. Oorlede in Pretoria, 1932 (Ploeger 1994:87).

Jan Hendrik Breijer jr.: (Tekenaar) Lid van Peloton IV, word vermis na die slag van Elandslaagte (Ploeger 1989:37).

Hendrik Siemerink: (Tekenaar) Hollanderkorps, nie in aktiewe stryd betrokke nie (Ferreira 1977:190)
Werk teen 1903 vir die D.P.W. (PWD 99 DE 1680), en woon later in Port Elizabeth (Ploeger 1989:194).

Johannes Willem Theijssen: (Tekenaar) Lid van die Hollanderkorps, nie in aktiewe stryd betrokke nie (GZR 7368/00 61 deel 1). Word in 1900 in Brussel uitbetaal as gedeporteerde regeringsamptenaar (SS R6162/96). Hy bly in Nederland, waar hy as hoof van polisie aangestel word (Ferreira 1977:190).

Jan G.P. Basslé: (Tekenaar) Gewond by die slag van Elandslaagte en daarna 'n krygsgevangene op St. Helena.
Oorlede in Nederland, datum onbekend. (Ploeger 1989:17).

Ernst Boursse:(Tekenaar) Word in 1900 in Brussel uitbetaal as gedeporteerde regeringsamptenaar (GZR 7368/00 61 deel 1).

Joseph Giselaire: (Tekenaar) Word in Augustus 1900 gedeporteer met sy vrou en vier kinders. As rede word aangegee dat hy as gevaarlik beskou word, aangesien hy 'n militêre kamp by 'Waterval' help ontwerp het (Ploeger 1990:24:38,39).

Charles Ferdinand Obermeyer: (Hoofopsigter). geen oorlogsrekords nie.
Werk teen 1903 saam met Wierda in 'n praktyk in Lovedaystraat, Johannesburg (Rex 1974:437).

Jan Willem van de Stadt: (Argitek, dan hoofopsigter).geen oorlogsrekords nie. Word in 1900 in Brussel uitbetaal as gedeporteerde regeringsamptenaar (GZR 7368/00 61 deel 1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Johannes Gijsbertus Kraan: (eerste opsigter) Tree na die oorlog in vennootskap met J.B. Wijers in Pretoria. Oorlede in Pretoria in 1932 (Ploeger 1994:82).

Jacobus Coenraad Klasing: (Opsigter) Lid van die Hollanderkorps, peloton V (Ferreira 1977:185).
Word in 1900 in Brussel uitbetaal as gedeporteerde regeringsamptenaar (GZR 7368/00 61 deel 1). Oorlede in Pretoria in 1911 (Ploeger 1994:79).

Johannes Cornelis Gerritsen: (Opsigter). Hollanderkorps peloton I, gewond en gevange geneem by die slag van Elandslaagte. Krygsgevangene op St. Helena (Ferreira 1977:182).

F.T. Huijsse: (Opsigter). Hollanderkorps, peloton IV. Nie in aktiewe stryd betrokke nie (Ferreira 1977: 184).

Uit hierdie lys is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die mense selfs na deportasie of krygsgevangeneskap, steeds burgerskap van hulle aangenome volk verkies het.




Fig.4.3: Skanskopfort, een van die vier forte wat na die Jameson-inval deur Wierda en 'n hoogs geheime kommissie om Pretoria gebou is Hierdie projek was van so 'n hoogs-geheime aard dat alle dokumente daaromtrent voor die inname van Pretoria vernietig is (Engelbrecht 1952:54). Die forte is vanweë hulle geheime aard nie in die Z.A.R. se lys van geboue (Tabel 1) ingesluit nie en word hier ingesluit vir volledigheid en om te wys hoe doelmatig elke fort ontwerp is, in teenstelling met die meerderheid Britse forte (kyk Fig.5.3).




Fig 4 4 Klapperkopfort, die mees suidelike van die vier forte om Pretoria.Die forte is elkeen volgens die topografie ontwerp om in die landskap in te smelt. Die ander twee was Wesfort en Wonderboomfort. Saam was die koste van die vier forte £ 145 000. In die verdediging van Pretoria was dit nie so geslaagd nie, aangesien daar nooit 'n skoot uit gevuur is ter verdediging van die hoofstad nie. (Engelbrecht 1952: 54)

## 4.7 SAMEVATTING.

Die Tweede Anglo-Boereoorlog het 'n vernietigende invloed op die Departement gehad. Die hipotese is korrek bevind, aangesien die werking van die Departement 'Publieke Werken' voor die besetting van Pretoria reeds deur die oorlog gestrem is, deur die betrokkenheid van individue by die Hollanderkorps. Na die besetting van Pretoria het die Departement uiteraard heeltemaal tot niet gegaan aangesien die Britse magte nou in bevel was van die stad. Die personeel was in hierdie stadium meestal gedeporteer, in krygsgevangenskap, of steeds vegtend.

Die vernietiging van die Departement 'Publieke Werken' was tweërlei, aangesien die Departement eerstens as institusie tot niet gemaak is met die inname van Pretoria. Die Departement is egter ook simbolies tot niet gemaak saam met die Z.A.R., deur die verwydering van die Z.A.R-wapen van die Ou Raadsaal (kyk 5.1) en die inname van die hoofstad. Die werknemers sou nie heraangestel word nie - so is die kundigheid van die Departement meteens verlore. Die Departement 'Publieke Werken' is met ander woorde met wortel en tak uitgeroei.

# HOOFSTUK 5: DIE BRITSE ERA: 'TRANSVAAL COLONY' (1901-1910).

## 5.1 INLEIDING.

'Om die 'Public Works Department' se oogmerke met betrekking tot kultuurstelling en bedryfsingesteldheid vas te stel', is die subprobleem wat in hierdie hoofstuk behandel word. 'Die Brits-koloniale siening stel die bepalende kriteria maar word gaandeweg deur persoonlike inisiatiewe verryk', volgens die gestelde hipotese.

Om 'n maatstaf te kan stel vir vergelyking, word die Departement ondersoek op nagenoeg dieselfde wyse as wat gebruik is vir die 'Publieke Werken' Departement in hoofstuk 3, onder dieselfde hoofde.

Die 'Public Works Department' het in 1901 ontstaan, terwyl die Anglo-Boereoorlog nog aan die gang was - wat op sigself tekenend is van die selfversekerdheid van die Britse Imperialiste van die tyd. Aan die hoof van die Departement is 'n militêre man geplaas: H.Fowke, Lieut.-Col., R.E., met die titel 'Director of Public Works' (PWD 324 CA 239/03). Aan hom is die taak opgedra om 'n nuwe Departement te begin opbou. Een van die heel eerste opdragte wat uitgereik is, is 'n opdrag aan 'n beeldhouer, om die 'Royal Arms' in plek van die Z.A.R. se wapen aan te bring op die 'Staatsgebouw', wat nou herdoop is na die 'Government Building'. Die koste hieraan verbonde was £ 70, en die opdrag is uitgereik op 13 Junie 1901, dus direk na die oorname van Pretoria (PWD 1: 395/01).

### 5.1.1 AGTERGROND.

Koningin Victoria het op 22 Januarie 1901, tydens die oorlog gesterf. Die nuwe eeu word dus met 'n andersdenkende heerser in die Britse ryk, Koning Edward VII, ingegaan. Terwyl die oorlog aan die gang was, het daar ook op tegnologiese gebied belangrike vooruitgang in die wêreld plaasgevind, soos die ontwerp van die eerste vliegtuig deur die Wright-broers in Amerika, die vervaardiging van 'n lugskip deur graaf Ferdinand von Zeppelin in Duitsland en die beskrywing van alfa- en beta-strale deur Ernest Rutherford in Engeland. In 1901 stuur Guglielmo Marconi radio-telegrafiese seine oor die Atlantiese oseaan (Böeseken 1983:138,9). Die twintigste eeu begin dus as 'n opwindende tegnologiese era vir die Westerse beskawing, terwyl die Z.A.R. steeds in 'n onafhanklikheidstryd gewikkel is, in hierdie stadium kwalik bewus van die wêreld daar buite.



Fig. 5.1: Lord Alfred Milner, Britse Imperialis aan die roer van sake in die 'Transvaal Colony' na die oorlog. Hy wou die hele kolonie verengels (Joyce 1981:12).

### 5.1.2 DIE BRITSE KOLONIALISASIEBELEID.

Milner het die daarstelling van 'n Suid-Afrikaanse regering wat die Britse oppergesag en –strewes simpatiek gesind sou wees en dus lojaal sou saamwerk, as sy doel beskou (Spies 1986:220). Hy moes dus doeltreffende bestuursapparaat ontwerp wat sou voldoen aan die burokratiese eise van die tyd.

Op ekonomiese vlak moes die Suid-Afrikaanse landbou en nywerheid, wat veral die goudmynbedryf beteken het, ontwikkel en georganiseer word om onverwerkte grondstowwe vir handelsmiddele aan die Britse ryk te voorsien. Op strategiese vlak, moes die vlootbasis by Simonstad, bastion op die seeroete na Indië, uitsluitlik tot beskikking van die Britse vloot staan.

'n Groep jong Oxford-gegradueerdes (Milner se sogenaamde 'Kindergarten' van wie Herbert Baker een was) het 'n belangrike rol in Milner se administrasie van die voormalige Boererepublieke gespeel. Milner het in 1903 aan drie oud-Boeregeneraals, L. Botha, J.C. Smuts, en J.H. de la Rey setels in die Wetgewende Raad in die Transvaal aangebied, maar hulle wys dit van die hand (Spies 1986:222).

Daar bestaan min twyfel dat Milner se kultuur-imperialisme groot aanstoot gegee het en 'n heftige reaksie onder die Boere tot gevolg gehad het. Hy wou waarskynlik probeer om die Afrikaner-nasionalisme (kyk 4.2) teen te werk, maar versterk dit eerder. Engels het die onderrigmedium aan skole geword, met 'n imperialistiese inslag in die leerplanne, en hoërskole word geskoei op die lees van die 'British Public Schools' (Spies 1986:223). Die idee was ook om mettertyd Britse tradisies by Suid-Afrikaners te laat posvat.

Een van sy prioriteite was ook 'n hervestigingsprogram waarvolgens hy armblankes bywoners van die Staat probeer maak het, Engelssprekende immigrante op die platteland probeer vestig het en ná 1905 die stigting van lokasies vir stedelike swartmense aanbeveel het (Spies 1986:224).

Teen Julie 1904 het die Britse regering aangekondig dat 'n verteenwoordigende bestuur ingestel sou word wanneer Milner die land in 1905 sou verlaat. Ná 'n verkiesing het 'Het Volk'-party met Louis Botha as Eerste Minister in Februarie 1907 in Transvaal aan bewind gekom (Böeseken 1983:140). Die Britte het geglo dat hy die beliggaming is van versoening en samewerking (Spies 1986:225).

'n Oorlog tussen die Europese magsblokke het al hoe meer onafwendbaar begin lyk en Brittanje het hom teen 1908 al sterker by die Frankryk/Rusland alliansie geskaar. Suid-Afrika was dus van lewensbelang vir die Britse ryk vanweë sy strategiese ligging en unifikasie het 'n dringende prioriteit geword (Spies 1986:226). Suid-Afrika se grondwet was dus die gevolg van talle kompromieë en onversoenbare teenstellings wat nie oorbrug kon word nie, omdat dit binne 'n jaar opgestel moes word (Böeseken 1983:140).

## 5.2 HERBERT BAKER SE ROL AS RAADGEWER IN VERBAND MET DIE VORMING VAN DIE 'PUBLIC WORKS DEPARTMENT'.

Op versoek van Lord Milner skryf Herbert Baker op 1 Maart 1901 'n brief vanuit sy praktyk in Adderleystraat, Kaapstad, waarin hy voorstelle in verband met die aanstelling van 'n 'Government Architect' en die vorming van die 'Public Works Department' se argiteksafdeling maak (CS 4 437/01). (Kyk bylaag B).

Herbert Baker noem die moontlikheid van twee afdelings binne die argiteksdepartement, vir argitekte en bourekenaars, maar hy adviseer daarteen. Hy stel in sy brief voor dat die argiteksdepartement eerder baie prakties gerig moet word en voeg daarby, dat 'n hoofargitek wat bevoeg is om 'n afdeling te organiseer en die besigheidsinsig daarvoor het, nie die artistieke kwalifikasies, of tyd sal hê om ware argitektuur te skep nie. Hy stel dus voor dat groter en veral meer monumentale geboue deur jong, talentvolle argitekte buite die Departement ontwerp moet word en dat slegs veranderinge, verbeteringe, onderhoud en minder belangrike geboue en nutsgeboue binne die Departement gedoen moet word.

As voorvereiste vir die pos van departementshoof stel hy 'n Britse opleiding voor en doen verder aan die hand dat die 'Royal Institute of British Architects' gevra moet word om 'n geskikte kandidaat uit te soek, verkieslik iemand wat die 'District Surveyors'-eksamen geslaag het. Volgens hom, sou kennis van Engelse bouverordeninge ook noodsaaklik wees vir die opstel van nuwe bouverordeninge, met die hulp van plaaslike assistente vir hulle kennis van plaaslike toestande.

Hy noem 'n paar plaaslike argitekte wat in Londen opgelei is en moontlik gevra kan word of hulle in die pos sou belang stel, of, meer waarskynlik, sou belang stel om waar te neem totdat 'n geskikte persoon in Brittanje gevind kan word. Die lys sluit Leck, John Beck, Emley en Stucke in. In die brief erken hy dat hy hulle nie almal ken, of van hulle werk gesien het nie, maar op hoorsê en die feit van hulle Britse opleiding, die aanbevelings doen.

Aan die einde van die brief stel hy voor dat daar in die Transvaal, soos in New York en Boston, 'Art Commissions' geskep word om beheer uit te oefen oor die estetiese en artistieke gehalte van geboue, monumente en fonteine wat deur die privaatsektor opgerig

word.

Daar is nie gehoor gegee aan al Herbert Baker se volledige voorstelle nie, maar die deel van sy voorstel wat klaarblyklik belangrik geag is, is die voorstel dat die 'Government Architect' deur die R.I.B.A. gekies moet word, en die 'District Surveyors' eksamen moes geslaag het. W.E. Davidson, assistent-sekretaris van die Administrateur van Transvaal (lord Kitchener) noem hierdie voorwaardes weer in 'n nota aan die 'Director of Public Works,' lt.kol. Fowke (CS 28 3706/01).

Klaarblyklik het Klaas van Rijsse aansoek gedoen om weer in die Departement aangestel te word en het hy sy vorige salaris (£750 per jaar) as aanduiding van vergoeding genoem. Fowke en Davidson stem in 'n reeks notas ooreen dat geen argitek wat sy sout werd is vir minder as £1 000 per jaar sal werk nie (CS 28 3706/01). Sy nasionaliteit sou op hierdie tydstip ook teen hom tel.

Herbert Baker se raad in verband met die toekenning van monumentale en groter openbare geboue aan privaat argitekte is geïmplementeer - sy eie staatsopdragte sluit geboue soos die Presidensie, die Pretoria stasiegebou en die Uniegebou in.

## 5.3 STRUKTURERING EN WERKWYSE VAN DIE DEPARTEMENT.

Die struktuur van die 'Public Works Department' is vasgestel vanaf 1 Januarie 1902 en was as volg: (I.B.B.band 31 CD 1553:36,37).

**'DIRECTOR OF PUBLIC WORKS'** = Die persoon in beheer van die Departement.
(Hy doen verantwoording aan die 'Colonial Secretary'.)

Sy eie personeel bestaan uit:
1 Hoofklerk. ('Secretary of Public Works').
6 Klerke.
1 Boekhouer.
13 Boekhou-klerke.

**AFDELINGS IN 'PUBLIC WORKS'**:
a) 'Superintending Government Architect.
b) 'Chief Inspector of Roads and Bridges'.
c) 'Registrar of Crown titles'.
'Estates Officer'.
'Chief Accountant'.
'Chief Clerk' (PWD 458 23/03).
d) 'Hydraulic Engineer'.
e) 'Electrical Engineer'.
f) 'Mechanical Engineer'.

In hierdie opset is die 'Director of Public Works' die verantwoordelike persoon. Sy verantwoordelikhede sluit dus al die pligte van die verskillende afdelings onder hom in (PWD 458 23/03, II:1). Sy assistent word die 'Secretary of Public Works' genoem en tree in sy afwesigheid namens hom op.

Die 'Superintending Government Architect' was direk verantwoordelik aan die 'Director of Public Works' en hy was verantwoordelik vir die bestuur van die argitektuur- en bourekenaarafdelings van die 'Public Works Department'. Sy pligte sluit dus die uitvoer en kontrole van ontwerp en gedetailleerde beramings vir geboue, voorbereiding van afmetings, hoeveelheidslyste, spesifikasies en meetwerk vir hoeveelhede in. Daarby was hy vir enige ander tegniese dienste soos aan hom opgedra deur die direkteur, alle inspeksiewerk op terreine, asook finale sertifikate verantwoordelik (PWD 458 23/03, II:2-3).

Volgens die 'Imperial Blue Book' van Maart 1903 (I.B.B.Band 31, CD1553:37), is die departementshoof in daardie stadium bygestaan deur 23 personeellede.

Herbert Baker se aanbevelings is dus hier nie gevolg nie, aangesien hy beslis nie ten gunste was van aparte argiteks- en bourekenaarsafdelings nie.

Tweede in bevel van die afdeling, was die 'Assistent Architect' wat as die 'Superintending Government Architect' se assistent moes optree en in sy afwesigheid namens hom moes handel. 'n Groep poste met die misleidende titel, 'District Engineers' word volgende gelys. Hierdie mense was verantwoordelik vir die opstel van beramings en hoeveelheidslyste in die distrikte waarin hulle aangestel is. Hulle moes ook oor bouwerk toesig hou, spesifikasies opstel en finale meetwerk doen (PWD 458 23/3, II:4). Onderhoud van regeringsgeboue in hulle streek was ook elkeen se verantwoordelikheid, asook die verkryging en vervoer van materiale na bouterreine. Elke distriksingenieur het onder hom 'n assistentingenieur, en genoeg klerke, boekhouers, stoormanne en tekenaars gehad om die gebied te bedien (I.B.B.band 31,CD1553:38).

Soos dit gewoonlik met 'n bewindoorname gaan, is alles herstruktureer om die nuwe beleidmaker te pas. Die 'Transvaal Colony', soos die vorige Z.A.R. nou bekend gestaan het, is vir administratiewe doeleindes van die Departement in vier hoofdistrikte verdeel. Hierdie distrikte was weer as volg onderverdeel in subdistrikte:

*Johannesburg-distrik:* Heidelberg, Krugersdorp, Potchefstroom en Christiana.
*Standerton-distrik:* Ermelo, Wakkerstroom (Voorheen Marthinus- Wesselstroom).
*Middelburg-distrik:* Lydenburg, Barberton.
*Pretoria-distrik:* Pietersburg, Rustenburg en Zeerust (I.B.B.band 31, CD1553:38).

'n Dokument getiteld 'General Instructions for the Preparation of Designs and Plans' (PWD 458 23/03,XV) stel algemene ontwerp- en tekenreëls vas – 'n maatreël waarsonder so 'n groot en uitgebreide reeks kantore seer seker nie sou kon funksioneer nie. Die enigste ontwerpvoorskrifte wat uitgesonder word in hierdie dokument, is ekonomie en effektiwiteit. Verder word daarop klem gelê dat slegs klein werke en geboue in die distrikskantore ontwerp mag word, maar steeds onderworpe is aan goedkeuring van die 'Government Architect'.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wanneer die tekenvoorskrifte ontleed word, dui dit primêr op 'n poging om 'n effektiewe, ekonomiese stelsel in werking te stel. In paragraaf (c) (PWD 458 23/03:1) word daar onomwonde gestel dat 'All unnecessary labour should be avoided'. Nadruk word daarop gelê dat titels, noordpunte en skale so eenvoudig moontlik gehou behoort te word en dat geen detail onnodig herhaal moet word nie. Verder word klem gelê op duidelikheid, sterk kontraste en genoeg afmetings en koördinate.




Fig. 5.2: Klerksdorp skool ; (PWD 328 268/04) Geteken deur P. Eagle en E. Mc Donald Armstrong ; Hoofargitek : W.Bevan. Geen noordpunt. 10 Maart 1904.

Wanneer tekeninge uit hierdie tydperk aan hierdie voorskrifte gemeet word, kan 'n mens nie anders as om te wonder waarom die teorie in die praktyk so swak toegepas is nie. Tekeninge sonder skaalaanduiding, noordpunt, voldoende afmetings en titels is aan die orde van die dag en van kontras is daar meestal geen sprake nie.

Een van die uitvloeisels van die Industriële Revolusie in Brittanje was 'n grootskaalse massavervaardiging van bouprodukte, wat per katalogus regoor die Britse ryk geadverteer is en dan bestel is. Die Britse leër het onder andere in sy fortifikasiestelsel van massaproduksie gebruik gemaak (kyk Fig. 5.3).

'n Nuwe tydsbesparende ontwerpontwikkeling wat in hierdie tyd die lig sien, is die 'tipe-plan' vir nutsgeboue soos skole, poskantore en kleiner hospitale. Vyf verskillende

poskantoortipes is byvoorbeeld ontwerp om in twee-en-veertig dorpe geplaas te word (I.B.B.,band 31, CD 1553:40). Die idee is dat die ontwerp telkens aangepas word om op elke terrein te pas. In so 'n geval kan die dorpsomgewing- en argitektuur nie juis 'n rol speel in die bepaling van die ontwerpselemente nie.




Fig. 5.3: 'n Ronde 'Rice'-blokhuis : vooraf vervaardig uit gegalvaniseerde gebuigde sinkplaat. Volgens 'n ontwerp van Maj. S.R.Rice, Royal Engineers. Die meerderheid van die amper 8 000 forte wat deur die Britse troepe gebou is, was van hierdie tipe. (Hattingh en Wessels 1999:42).

Die plaaslike Britse owerheid het besondere hoë eise gestel aan die 'Department of Public Works' in die jare direk na die oorlog. Waarskynlik het die Administrateur nie besef watter stremming hy op 'n nuwe Departement plaas, wat skielik geboue moes voorsien vir 'n magdom nuwe departemente wat elkeen sy eie vereistes stel, in 'n onontwikkelde land, wat sopas 'n verwoestende oorlog deurgemaak het nie.'n Tekort aan personeel-befondsing was daar blykbaar nie, want die personeel het in die begin met rasse skrede toegeneem. Aan die begin van Januarie 1902, bestaan die Departement uit agtien personeellede, teen Junie 1902 is daar vier-en-vyftig personeellede en teen 31 Desember het die getal aangegroei tot honderd-vyf-en-vyftig (PWD 72 1176/03). Hierdie getal sluit al die afdelings in.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Indiensneming van Britse oud-soldate was vir die Imperiale regering baie belangrik. Na vredesluiting in 1902, moes elke departement op n spesiale vorm aantoon hoeveel Britse oud-soldate daar in diens is en in watter poste (PWD 31 5161/02).

Aan die einde van die oorlog is daar 'n beraming gemaak van die bouwerk wat benodig sou word om die nuwe regering te akkommodeer. Behalwe vir die verwaarlosing en skade van die oorlog, is daar ernstige leemtes aangevoel op die gebied van opvoeding, myne, tronke en polisie, asook behuising vir die groot aantal regeringsamptenare wat benodig is in al die nuwe poste wat geskep is. Hoë boukoste (2,25 maal dié van Brittanje) is aan hoë lone en vervoerkoste van materiale toegeskryf (PWD 31 1563/02).

Voor die koms van die eerste 'Superintending Government Architect', gedurende 1901 het ene J.B. Nicholson sy naam as 'Acting Government Architect' geteken (PWD 1 139/01). Volgens (PWD 1 179/01) was hy in werklikheid ongekwalifiseerd en 'n tipe bou-inspekteur en is hy afgedank om plek te maak vir C. Donnelly as distriksingenieur in Johannesburg (CS 18 2145/01). Die eerste 'Superintending Government Architect' was William Bevan, (A.R.I.B.A.) wat op 1 Desember 1902 by die Departement in diens getree het. Saam met hom is agt Britse tekenaars uitgesoek om poste in die argiteksafdeling in te neem. Voor sy koms is die werk gedoen deur 'n groep tekenaars wat plaaslik in diens geneem is en volgens die 'Imperial Blue Book' (band 31,CD1553:39) totaal ontoereikend was om die groot hoeveelheid werk op hande baas te raak. Saam met Bevan se koms, is 'n bourekenaarsafdeling in werking gestel. Die personeel vir die bourekenaarsafdeling was ook almal in Engeland gewerf, waar die beroep toe pas in 'n nuwe professie begin ontwikkel het.

**'SUPERINTENDING ARCHITECT'S STAFF'** (CS 265 2772/03).

| | 1902-1903 | | 1903-1904 | |
|---|---|---|---|---|
| 'Supt.Govt.Architect'. | | £ 1 200 | | £1 200 |
| 'Asst. Architect'. | | £ 480 | | £ 600 |
| | | | | |
| 'Chief Draughtsman'. | | £ 500 | | £ 500 |
| '2nd.Class draughtsman'. | 2@ | £ 440 | 5@ | £ 440 |
| '3rd.Class draughtsman'. | 1@ | £ 400 | 4@ | £ 380 |
| | 5@ | £ 360 | 2@ | £ 360 |
| 'Tracers'. | 1@ | £ 275 | 1@ | £ 290 |
| | 2@ | £ 260 | 1@ | £ 275 |
| | 3@ | £ 245 | 3@ | £ 260 |
| | | | | |
| 'Quantity Surveyor'. | 1@ | £ 900 | 1@ | £ 900 |
| | 1@ | £ 650 | 1@ | £ 650 |
| 'Asst.Quantity Surveyor'. | 1@ | £ 500 | 1@ | £ 500 |
| | 1@ | £ 380 | 1@ | £ 460 |
| | | | 1@ | £ 400 |
| | | | 1@ | £ 360 |
| 'Abstracting Clerks'. | 4@ | £ 320 | 3@ | £ 340 |
| | | | 1@ | £ 320 |
| | | | 1@ | £ 280 |
| 'Surveyor's Clerk'. | | | | £ 245 |
| 'Shorthand Writer and Typist'. | | | | £ 245 |




Fig. 5.4: Ingang na die Pretoria Dieretuin: ontwerp deur William Bevan: September 1903 (PWD 114 4774/03). Z.A.R. Staatsmuseum (Wierda) in die agtergrond (TABA 20309). Hierdie ingang kom konteksloos en uit skaal voor langs die bonkige massa van die Z.A.R.se museumgebou wat kort tevore na die oorlog deur die 'Public Works Department' voltooi moes word.

William Bevan se kontrak van drie jaar het in November 1905 verstryk. Volgens die oorspronklike ooreenkoms kon die regering hom 'n permanente aanstelling (CS 592 3550) na hierdie tydperk aanbied, maar het verkies om dit nie te doen nie (CS 592 3550). Die rede vir hierdie ongewone stap was klaarblyklike onregverdige bevoordeling van sy vriende binne die Departement, soos beskryf deur G.Sharp in sy bedankingsbrief, waarin hy aanvoer dat Bevan se voortrekkery en afkrakery van sekere individue die Departement duur te staan kom in terme van goeie werkers (GOV 61 GEN 351/04). Een van die mense wat in hierdie proses in die slag gebly het was die 'Assistant Government Architect', R.D. Mackenzie, wat in Augustus 1902 aangestel is, en in Maart 1904 bedank as gevolg van 'debility and nervous depression' (PWD 188 1069/04) na 'n lang siekverlof in 1903 (PWD 160 7388/03).

Bevan self was blykbaar ook nie met alles in die Departement tevrede nie, want op 19 Oktober 1904 skryf hy 'n uitgebreide en baie ongelukkige brief aan die 'Secretary for Public Works', met verwysing na die 'Late Director of Public Works' wat handel oor die uitgee van projekte aan privaat argitekte. Hy noem Baker, Massey & Sloper by name en sluit die brief as volg af: '*...but the fact of the Government placing important works in other hands would deprive me of the kudos (sic) I have a right to expect from any work undertaken by me on behalf of the Government'* (PWD 340 1790/04).

Thomas Tyrwhitt (A.R.I.B.A.) volg in 1904 vir R.D. Mackenzie as 'Assistent Government Architect' op, (PWD 202 1686/04) en in 1905 word hy aangestel as hoofargitek in die plek van William Bevan ( CS 592 3550). Hy bly aan die roer van sake tot met sy bedanking in Februarie 1907. Tyrwhitt was 'n bekwame ontwerper en sy latere werk is wyd in Britse- en oorsese publikasies gepubliseer (R.I.B.A.:N004132). Dit is dus waarskynlik dat die werk in die 'Public Works Department' vir hom nie 'n voldoende uitdaging was nie, aangesien sy vernaamste bydrae in die tyd die standardisasie van skole was – 'n taak wat hy nietemin met groot welslae uitgevoer het (R.I.B.A.:N004132).

Patrick Eagle, wat in Augustus 1903 aangestel is as 2e klas tekenaar, (PWD 140 GEN 616/03) volg Thomas Tyrwhitt op as hoofargitek van die Departement, 'n pos wat hy tot in 1912 beklee.

Die 'Department of Public Works' se argiteksafdeling van 1901-1910 word nie gekenmerk

deur sterk of deurlopende hoofskap nie. Miskien lê die rede hiervoor in die koloniale beleid, wat kundige Britte van kolonie na kolonie laat trek het om so die Britse Ryk te help opbou (kyk 5.6: Oman en Morris). Avontuurlustige jong Britte het hierdie geleentheid aangegryp om die wêreld te sien, maar uiteindelik het hulle tog weer na hulle vaderland teruggekeer en moes die volgende kandidaat die taak voortsit (kyk 5.6: Tyrwhitt en Whitmore).

## 5.4 OPLEIDING

Opleiding van argitekte in die negentiende eeu in Brittanje is deur professor G.E.Pearse (1928:157) beskryf, met as voorbeeld die opleiding in die kantoor van Sir John Soane, wat vanaf 1784-1837 vyf-en-vyftig argitekte opgelei het.

Hy het voornemende leerjongens eers vir 'n proeftydperk ondersoek, deur hulle te toets in vryhandtekeninge en die uitteken van klassieke ordes, lyswerk en friese. Indien hierdie werk goed genoeg was, is 'n formele leerkontrak aangegaan vir vyf en 'n half jaar, waarin die leerjonge ses dae per week vanaf 9:00 tot 20:00 besig gehou is.

Hulle het eerstens begin met die opmeet van die plan van 'n huis en die berekening van oppervlakke. Hierna het die teken van tempels en die basis van perspektief-tekening gevolg, waarna die kandidaat na 'n bouterrein gestuur is om notas van die bouproses te neem. Vervolgens moes hy 'n kamer in die gebou teken. Terreinbesoeke in pare het hierop gevolg, waarna elke keer sketse gedoen is.

Leerlinge moes grootskaalse diagramme vir Sir Soane se lesings by die 'Royal Academy' teken, en dit daarna verklein vir die manuskripte van die lesings. Praktiese werk het ook opmetings, hoeveelhede, kosteberekening en toesighouding behels. Die gevolg van hierdie deeglike opleiding was veral 'n briljante standaard van tekenaarskap en, volgens Pearse, (1928:157) die destyds mees volledige en afgeronde opleiding moontlik vir 'n voornemende argitek.

Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie, dat die Industriële Revolusie juis in die negentiende eeu die bouprofessies en dus die argitekte, geweldig oorlaai het met werk, en 'n gevolglike verswakking in die standaard van bouwerk en dus waarskynlik ook in

opleiding, tot gevolg kon hê. Dit is ook waar dat die standaard van opleiding van kantoor tot kantoor gewissel het. Die 'Royal Institute of British Architects' wat in 1834 tot stand gekom het, het hierdie probleem aangespreek deur gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu 'n standaard kwalifiserende eksamen in te stel wat aan argitekte die gesogte 'Associate of the Royal Institute of British Architects' (A.R.I.B.A.)-titel besorg het.

Juis in die negentiende eeu word daar by die Britse argitektuur 'n geweldige leemte ondervind wat verdere ontwikkeling aanbetref. Op huishoudelike vlak ontwikkel die 'Arts & Crafts'-argitektuur ná 1850, maar die argitekte van nuwe openbare geboue gaan aan die nuwer ontwikkelinge op die Europese vasteland verby en ontwikkel 'n kil en presiese styl wat deur Kaufmann (1966:54) die 'Frozen Baroque' genoem word. Hierdie Britse argitekte, van wie Sir John Soane 'n belangrike eksponent was, was gewoonlik belangrike, gerespekteerde en invloedryke argitekte wat nie kon of wou breek met tradisie nie. Hulle werk dus met die aaneenskakeling, integrasie en gradering wat die basis van die Barokstyl vorm, maar verloor die plooibaarheid en uitdrukkingsvermoë daarvan (Kaufmann 1966:54,58).-(kyk ook 6.6).

Sommige argitekte in die Z.A.R., van wie die meerderheid waarskynlik Engelse argitekte aan die Witwatersrand, wou in Junie 1898 'n eie 'Architect's Association' op die been bring, maar as gevolg van die oorlog is die 'Transvaal Association of Architects' eers in 1902 gestig. Lord Milner was die Ere-President, en Mnr. E.B.J. Knox die Uitvoerende President. Die naam van die 'Association' verander reeds in 'n vroeë stadium na 'Transvaal Institute of Architects' (Cowin 1953:40) en teen 1907 werk die Instituut aan 'n registrasie-wetsontwerp wat in 1909 tot wet verklaar is.

Met die ontstaan van die 'Transvaal Association' in 1902, het die koloniale regering 'n komitee aangestel om tegniese onderrig in die kolonie te ondersoek. Dit lei tot die totstandkoming van die mynskool in Johannesburg ná sy verskuiwing vanaf Kimberley in 1904 (Van der Waal 1986:103). Die skool word in hierdie stadium die 'Transvaal Technical Institute' genoem (Herbert 1975:12) en die klem val aanvanklik op ingenieurskursusse, totdat plaaslike argitekte vrywillig aanbied om argitektuurkursusse aan te bied. Die klasse was slegs voorbereidend of bykomend tot die Transvaalse stelsel van vakleerlingskap wat op die Britse lees geskoei is (Van der Waal 1986:103). Die alternatief vir hierdie plaaslike opleiding was oorsese studie, soos wat Gerard Moerdijk en Gordon Leith in dié tyd gedoen

het.

Een van die vrywilligers wat klas gegee het aan die 'Transvaal Technical Institute'; wat in 1906 herdoop is na die 'Transvaal University College', was mnr Seton Morris (A.R.I.B.A.), wat in 1902 van Brittanje gekom het om in die 'Public Works Department' te werk. Volgens Herbert (1975:12) is hy een van die twee persone (die ander is E.W. Sloper) wat die fondament vir argitektuur-opleiding in Transvaal gelê het.

Hierdie mense was baie belangrik vir die ontwikkeling van en die opleiding in die argitektuur as beroep in die Transvaal, al sou hulle nie hulle lewens hier slyt of dit hulle taak maak om grootse argitektuur te skep nie. Die vorming van die Instituut en die opleiding van jong argitekte is immers 'n onmisbare deel van die beroep.

Die nuwe 'Public Works Department' is dus beman deur 'n groep Britte wat waarskynlik 'n tekenopleiding van hoë standaard gehad het.

## 5.5 BOEKE WAT DEUR DIE DEPARTEMENT GEBRUIK IS.

Die boeke hier onder gelys is saam met dié van die 'Publieke Werken' Departement in die kantore van die huidige Departement Openbare Werke opgespoor. Daar kan dus nie aangeneem word dat hierdie lys volledig sou wees nie, en soos in die 'Publieke Werken' se geval bestaan daar geen inventaris nie. Die feit dat hierdie boeke in Engels geskryf is maak dit nog meer waarskynlik dat hierdie versameling waarskynlik nie volledig is nie. Hierdie boeke is nie met die Departement 'Publieke Werken' se stempel gemerk nie, maar met 'n 'Public Works'-stempel uit later jare. Dit lyk dus waarskynlik dat hierdie ou boeke in die koloniale tyd in die kantoor aanwesig was en eers later gemerk is. Die ingesteldheid van die Britse Departement kan in 'n mate afgelei word uit die bestaande boeke:

BELCHER, J. (A.R.A.) & M.E. MACARTNEY. 1891. *Later Renaissance architecture in England*, Vol.I, II. London: B.T. Batsford.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



CROSS, A.W.S. (F.R.I.B.A.) & K.M.B. CROSS. 1907. *Practical Notes for Architectural Draughtsmen. Technical Schools and Science Buildings.* Series II. Westminster: Technical Journals Ltd.

Heelwat notas uit hierdie versameling is verlore: waarskynlik was dit 'n gewilde gebruiks-joernaal.





Fig. 5.5: Twee bladsye uit '*Practical notes for Architectural Draughtsmen*: plate 1, 8 (Cross, 1907). Ondersoek het getoon dat groot dele uit hierdie handleidings waarskynlik gebruik is vir die meubels in die 'Science Block' (Chemiegebou) by die 'Transvaal University College' (vandag die Universiteit van Pretoria).

EBBETTS, D.J. 1879. *Examples of decorative wrought ironwork of the 17th and 18th centuries.* London: B.T.Batsford.

Skaaltekeninge van alle groottes hekke, skermroosters, sierroosters, panele en balustrades word in die boek uitgebeeld.

GOTCH, J.A. (F.R.I.B.A.). 1894. *Architecture of the Renaissance in England*, Vol.I,II. London: B.T. Batsford.

Bekende Renaissance-geboue in Engeland word deur middel van foto's, tekeninge en details geïllustreer.




Fig. 5.6: Ebbetts: *Wrought Ironwork*, waarskynlik as voorbeeld gebruik by 'Boys High School', Pretoria.

*Portfolio containing twenty-four plates to accompany volume on Cabinetwork and Joinery.* Edited by P.N.Hasluck.

*Portfolio containing twenty-four plates to accompany volume on Carpentry and Joinery.* Edited by P.N. Hasluck.
Hierdie twee portfolios bestaan uit duidelike, gekleurde detailtekeninge wat sekerlik handig sou wees in 'n destydse tekenkantoor. Ongelukkig kon die boeke wat daarby hoort nie gevind word nie.

*Portfolio of plans of British Colonial, American and Foreign Hospitals, Convalescent Institutions, Nurses homes and Medical School buildings.* 1893. London: Churchill.

PRENTICE, A.N. (A.R.I.B.A.). 1893. Renaissance *Architecture and ornament in Spain.* London: B.T.Batsford.

SMITHMEYER & PELZ. 1898. *Monographs of American Architecture issued in connection with the American Architect and Building News, Part VI: The Library of Congress, Washington D.C.* Boston.

TANNER, H.Jr. (A.R.I.B.A.). 1902. *English Interior Woodwork of the XVI, XVII and XVIIIth Centuries.* London: Batsford Holborn.

*'The Builder Album' of Royal Academy Architecture.* 1892. London: The Builder.
Die merkwaardige album is ingedeel in openbare geboue en inrigtings; kerke en kapelle; huishoudelike argitektuur; dekoratiewe ontwerp en tekeninge van antieke en bestaande werk. Werke van Britse argitekte sluit onder meer Tulloch, Chisholm, Sedding, Percival, Stokes, Webb en Newton in. 'Design for a Townhouse': een van die vroegste geboue van Herbert Baker, word ook geïllustreer.

*'The Builder Album' of Royal Academy Architecture.* 1893 . London: The Builder.
In hierdie uitgawe verskyn 'n nuwe afdeling by die bogenoemdes: Besigheidspersele en kantore.

*'The Builder Album' of Royal Academy Architecture.* 1895. London: The Builder.
Bailie Scott kry heelwat aandag in hierdie uitgawe.

*'The Builder Album' of Royal Academy Architecture.* 1896. London: The Builder.
Ernest Newton, Aston Webb, Townsend, Charles Spooner en E.S. Prior se werk word onder andere in die uitgawe behandel.

TRIGGS, H.I. 1888. *Formal Gardens in England and Scotland.* Part I,II. London: Batsford.

TRIGGS, H.I. & H. TANNER (A.R.I.B.A.). 1901. *Some Architectural works of Inigo Jones (series of measured drawings and other illustrations).* London: B.T. Batsford.
Hierdie boek is voorin gemerk met die naam 'J.E. Knight' 1901 (of 1907).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*W.O. Pattern Book nr. 2. Drawings and Specifications of Pattern Articles to be adopted in War Department Works and Buildings*. 1892-1898. British War Office.

Elke moontlike faset van bouwerk is in hierdie tipe handleiding vervat. Die doel van die publikasies was standardisasie met die oog op kostebesparing. Details vir skole, howe, hospitale en al die geboue wat die meeste voorgekom het in die Britse kolonies, word duidelik uiteengesit.





Fig. 5.7: Twee bladsye uit *W.O. Pattern Book, No. 2. 1892-1898.*
p.185: Desks and seats for infant schools, en p.198: Doors (internal), Officers' Room.

Wanneer hierdie lys boeke ontleed word, val dit op dat die boeke uitsluitlik in Engels geskryf is en dat die meeste daarvan Brits van oorsprong is. Die afdeling se Britse argitekte kyk dus in hierdie stadium in die geskiedenis nie veel wyer as na hulle eie geskiedenis of die van hulle kolonies, of vorige kolonies, nie. Die praktiese inslag is ook opvallend. Heelwat teken-handleidings kom voor en uit die gehawende toestand daarvan is dit duidelik dat hulle heelwat gebruik is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.6 SPESIFIEKE LOOPBANE BINNE DIE 'PUBLIC WORKS DEPARTMENT'.

**NOTA**: Navorsing oor die verloop van hierdie mense se lewens en die ontplooiing van hulle loopbane is spesifiek as aanloop tot hierdie studie gedoen om die struktuur en ontwikkeling van die Departement, sowel as die stand van opleiding te peil, en is georden volgens datum van aanstelling. Biografiese inligting wat hier kortkom, is nie in Suid-Afrikaanse argiewe beskikbaar nie, aangesien hierdie mense meestal Britse burgers was wat weer na hulle geboorteland teruggekeer het.

ARGITEKTE

Bevan, William. (A.R.I.B.A.) (1865-1945).
'Superintending Government Architect', aangestel op 1 Desember 1902 (I.B.B. CD 1553:39) teen 'n salaris van £1200 per jaar. (CS 592 3550). (Wierda se salaris was £850 per jaar).

Bevan doen sy vakopleiding in sy pa, John Bevan (1843-1904) se praktyk in Bristol en voltooi dit in 1882. Hy werk as assistent vir 'Hull Corporation Architects', daarna in die 'War Office Design Branch' en later in 'LCC Architects' Department'. Hy begin in 1892 in Cardiff 'n eie praktyk. Hy reis ook na Nederland en slaag sy kwalifiserende eksamen in 1902 (R.I.B.A. rekord N005839).

Bevan bring agt tekenaars, waarvan sommige gekwalifiseerde argitekte, saam uit Engeland (I.B.B. band 31 CD 1553:39).

Sy woonadres in Pretoria was Esselenstraat 110, Sunnyside (PWD 251 4928/04).

Hy dien op 2 Maart 1905 onder protes sy bedanking in, wat in November 1905 in werking tree. Hy het gehoop op 'n vaste aanstelling met pensioenvoordele soos wat normaalweg sou volg na die eerste drie jaar aanstelling. Waarskynlike redes vir hierdie behandeling word uiteengesit in 5.3 (CS 592 3550).

Hy behaal die titel F.R.I.B.A. (Fellow, R.I.B.A.) by sy terugkeer na Brittanje, in 1905 (R.I.B.A. N005839).

Op 7 Junie 1910 skryf hy 'n brief aan lord Gladstone waarin hy homself voorstel as 'n 'Consulting architect to the provinces' vir die nuutgestigte Unie van Suid-Afrika. Hy verwys na ondervinding in 'n praktyk in Westminster en in Kanada (GG 742 13/58). Later werk hy as 'Chief Government Surveyor' in Jamaika.

Mackenzie, Randal D.( - )
Doen in Februarie 1902 aansoek om 'n pos as assistent-argitek in die Johannesburgse streekkantoor. Donnelly, die distriks-ingenieur bied hom 'n pos aan teen £360 per jaar, waarop sy destydse hoof laat weet dat die salaris te laag is (PWD 23 662/02).

Hy word in September 1902 in Pretoria aangestel en teen Junie 1903 is sy salaris £480 per jaar en hy doen aansoek om 'n huislening van £2 250 (PWD 98 3778/03). Teen hierdie tyd is sy titel reeds 'Assistant Government Architect' en wanneer hy van 10 November tot 9 Desember 1903 siekverlof neem, is sy salaris reeds £650 per jaar (PWD 160 7388/03). Sy vorige ondervinding het twee jaar, tot in 1893 ingesluit in sy pa, J. Russell Mackenzie se praktyk in Aberdeen, Skotland. Hy het ook twee jaar lank in die praktyk van Street Wilson (A.R.I.B.A.) in Durban gewerk en altesaam agt jaar in die 'Natal Government Railways' se tekenkantoor in Pietermaritzburg (PWD 23 662/02).
Hy bedank op 19 Maart 1904 en beveel 'die seniortekenaar' (Tyrwhitt) as sy opvolger aan. In sy bedanking gee hy die rede aan as 'n harttoestand, maar in die mediese sertifikaat wat aangeheg is, gee die dokter die rede aan as 'debility and nervous depression' (PWD 188 1069/04). Dit lyk waarskynlik dat hy een van hoofargitek Bevan se 'slagoffers' kon gewees het, aangesien sy vorige werkgewers hom in hulle getuigskrifte as "'n uiters knap, bestendige en betroubare werknemer" voorgestel het.

Tyrwhitt, Thomas (1874-1956).

Thomas Tyrwhitt is as eersteklas tekenaar aanbeveel deur Webb & Bell, 'architects to the Crown Agents' en hy word op 31 Augustus 1903 aangestel teen 'n aanbevole salaris van £500 per jaar, vir die gewone driejaar-kontraktydperk (PWD 140 GEN616/03).
Hy het sy opvoeding ondergaan by 'Lancing College' en 'Worcester College', Oxford. Daarna het hy 'n leerling geword van Sir Aston Webb (1849-1930) van 1892 tot 1895, waarna hy sy assistent was tot in 1898. Hy woon 'Architectural Association'-klasse by en slaag die A.R.I.B.A eksamen in 1899. Hy reis ook in Duitsland. Hy ontvang die R.I.B.A. silwer medalje vir sy tekenwerk in 1898. In 1901 begin hy 'n eie praktyk in Westminster en praktiseer daarna in Hong Kong van 1902 tot 1903 (R.I.B.A.rekord N004132).
Op 6 April 1904 teken hy sy naam as 'Assistent Government Architect' (PWD 202 1686/04).
Hy word deur Bevan in sy bedankingsbrief van Maart 1905 as 'n waardige opvolger aanbeveel (CS 592 3550). Wanneer hy in 1919 om F.R.I.B.A. aansoek doen, sluit hy 'n baie indrukwekkende lys in van al die werk wat hy in die Transvaal gedoen het. Hy noem onder meer 40 skole, 'n hele klomp poskantore en nog ander regeringsgeboue soos die Sentrale Gevangenis in Pretoria en die geboue by Weskoppies. Daarby is ook 'n brief van die destydse direkteur van opvoeding aan lord Selborne (28-02-1907) ingesluit, waarin hy erkenning gee aan Tyrwhitt se bydrae ten opsigte van die standardisasie van skole-tipes

wat, volgens hom, sowat 'n 50% besparing in boukoste meegebring het (R.I.B.A. :N004132).

Tyrwhitt verlaat die 'Department of Public Works' op 28 Februarie 1907 en keer terug na Londen. Verdere werk sluit die 'Indian Memorial Gateway' by die 'Royal Pavilion' in Brighton in (R.I.B.A :N004132).

Eagle, Patrick James (ook Piercy genoem) (1875-1932).

Eagle is saam met Tyrwhitt, Soames en Whitmore deur Webb & Bell, argitekte van die 'Crown Agents' aanbeveel en gevolglik aangestel. Hy is aanbeveel as tweedeklas tekenaar en as sodanig aangestel teen 'n salaris van £440 per jaar en vir die gebruiklike driejaar-kontraktydperk (PWD 140 GEN 616/03).

Eagle het nooit by die R.I.B.A. geregistreer of 'n eksamen afgelê nie, gevolglik is daar minder oor hom bekend. C.L.Steel kla in sy brief aangaande Bevan dat Eagle 'n vriend van Bevan is, en gevolglik onregverdig bevorder is. Hy is as hooftekenaar aangestel in Tyrwhitt se plek toe hy Mackenzie opgevolg het, (GOV 61 GEN351/04) waarna hy hom eers as 'Assistant Government Architect', en in 1907 as 'Superintending Government Architect', opvolg. Hy behou die pos tot in 1912 (Walker:1995).

In 1909 stel die departement vir Eagle en Willem de Zwaan, wat op daardie tydstip 'n bekende Pretoriase argitek was, aan as paneel om Herbert Baker se voorstelle vir die Uniegebou se planne te beoordeel. Hulle aanbeveling, in 'n streng vertroulike verslag, was dat 'n alternatief tot die huidige ontwerp oorweeg behoort te word (Keath:173,176).

Hy ontwerp onder andere die 'Boys High School' (1909) (Engelbrecht 1955:25) en 'Transvaal University College' (Ou Lettere-gebou, U.P. 1910) in Pretoria (Pretorius 1983:37).

Na die Eerste Wêreldoorlog begin hy 'n privaatpraktyk (Walker:1995).

Whitmore,Sidney Wallace (1867/8- ).

Whitmore is deur Webb en Bell as tweedeklas tekenaar aanbeveel (PWD 140 GEN 616/03). Hy verlaat Southampton in November 1903 op die 'Gascon' (CS 232 845/03) en word aangestel teen £440 per jaar met die gebruiklike driejaar-kontrak.

Hy behaal die titel 'L.R.I.B.A' (Licentiate R.I.B.A.) in 1912, op vier-en-veertigjarige ouderdom, nadat hy reeds twintig jaar lank as argitek gefunksioneer het. Sy getuie by die geleentheid se adres is in Suffolk, waaruit afgelei kan word dat hy weer in Engeland woonagtig was (R.I.B.A. Nomination Papers L v.27:2147).

Oman, William Campbell (1875- ).

Oman is op aanbeveling van Sir Aston Webb as tweedeklas tekenaar aangestel en verlaat Southampton op 1 November 1902 aan boord van die 'Saxon', met 'n driejaar-kontrak teen 'n beginsalaris van £440 per jaar (CS 174 14832/02).

Hy is in Glasgow gebore en is opgelei by die 'Mayo School of Art' in Lahore (1893), die Architectural Association-Skool en die 'L.C.C. School of Arts & Crafts'. Hy werk as assistent vir William Isaac Chambers in 1896 en ook vir Allan Ovenden Collard (1861-1928). Hy slaag die 'Royal Institute' se eksamen in 1902 in Londen (R.I.B.A. N005859). Sy woonadres in 1903 is Minnaarstraat, 127 A (PWD 138 6236/03).

Hy begin in 1905, na afloop van sy kontraktydperk, 'n privaatpraktyk saam met J.L. Peddie. In 1907 keer hy terug na Londen as gevolg van die na-oorlogse geldskaarste in die Transvaal.

Oman behaal die titel F.R.I.B.A. in 1915 en werk in Singapoer (1909-1922), onderneem dan 'n lang reis deur Indië en werk weer in Singapoer van 1924-1929. Hy het baie hoë professionele aansien geniet (R.I.B.A.:N005859).

Morris, Henry Seton (1869-1915).

Henry Morris is as tweede klas tekenaar aangestel en verlaat Southampton op 1 November 1902 aan boord van die 'Raglan Castle' (CS 174 14832/02).

In Januarie 1903 bedank hy uit sy pos, ten spyte daarvan dat hy sy reisgeld moes terugbetaal weens kontrakbreuk (CS 232 845/03). Hy verlaat die 'Public Works Department' dus in Mei 1903 om in Johannesburg te praktiseer (CS 265 2772/03). Hy voer as rede vir sy bedanking aan dat hy in Johannesburg heelwat geleentheid sou hê om ontwerpwerk te doen (CS 232 845/03).

Morris sluit in 1903 aan by die 'Transvaal Institute of Architects' en dien van 1904 tot 1907 op die Raad van die Instituut (R.I.B.A.:N007207). Hy bied ook vrywillig klas aan by die 'Transvaal Technical Institute' (kyk 5.4). Morris beteken dus heelwat vir die ontwikkelende beroep in die Transvaal.

Hy doen sy opleiding as leerjonge onder William James Wilcox (1838-1928) in Bath, van 1885 tot 1890. Daarna werk hy as assistent by John Phipps (1835-1897), in 'H.M. Works' (1892-1898) en die 'War Department' (1898-1902). Hy werk ook vir 'n tyd lank saam met Baillie Scott, die bekende 'Arts & Crafts'- argitek.

Morris slaag sy A.R.I.B.A. eksamen in 1909 in Londen en word in 1911 aangestel as 'Consulting Architect to the Government of Burma'.

Hy sterf in 1915 op 45-jarige ouderdom in Rangoon, Burma (R.I.B.A.:N007207).

Soames, G.A. ( - ).

Soames was werksaam in Londen ten tye van sy aanbeveling deur Webb en Bell in Augustus 1903. Hy het die gewone kontrak onderteken met 'n driejaar-dienstydperk en drie maande kennis tydperk. Sy aanstelling was as derdeklas tekenaar met die voorgestelde salaris van £400 per jaar (PWD 140 GEN 616/03).

Cormack, James Noble (1876- ).

James Cormack verlaat Southampton aan boord van die 'Saxon' op 1 November 1902 met 'n aanstelling as derdeklas tekenaar (CS 174 14832/02). Hy kla in Februarie 1904 saam met Oman, Peddie, Strong en Armstrong by hoofargitek Bevan omtrent agterstallige betaling, waarop Bevan antwoord dat hulle almal behalwe Strong, later in die maand die geld saam met verhogings sal ontvang (PWD 324 CA275/03).
Hy doen aansoek en ontvang die titel L.R.I.B.A. in 1911 as 34-jarige, met sewentien jaar ondervinding. Op daardie tydstip was hy werksaam by die 'Public Works Department' se streekkantoor in Potchefstroom (R.I.B.A. nomination papers L v16 nr.1195).

Wilson, John Goddard (1881-1933).

Hy ontvang sy opleiding in die kantoor van Sir Aston Webb (1849-1930).
Wilson emigreer na die Transvaal om gesondheidsredes.
In 1923 kwalifiseer hy as 'A.R.I.B.A' .en in 1925 as 'F.R.I.B.A'.
Hy werk in die 'Public Works Department' van die Unie van Suid- Afrika in Pretoria en Kaapstad, tot met sy aftrede in 1927 as gevolg van swak gesondheid.
Sy pos ten tye van sy aftrede was 'Senior Assistant-Architect'.
In Maart, 1933 sterf hy (R.I.B.A. joernaal v.40, Mei 1933:600).

Steel, C.Lawrence ( - ).

Steel is aangestel as derdeklas tekenaar en verlaat Southampton op 1 November 1902 aan boord van die 'Saxon' (CS 174 14832/02).
Hy word genoodsaak om twee maande siekverlof te neem vanaf 23 Februarie tot 31 Mei 1903, as gevolg van 'malaria-typhoid' (PWD 82 2080/03).
Steel bedank op 28 Februarie 1904 na 'n dispuut tussen hom en Bevan oor verlof (PWD 168 113/04), waarna hy die reeds genoemde brief aan die 'Crown Agents' skryf

aangaande Bevan se onregverdigheid en bevoordeling van sy vriende in werkverband. In dieselfde brief vra hy ook vir 'n pos in Uganda (GOV 61 GEN351/04).

Peddie, John Laing ( - ).

Peddie is nog 'n derdeklas tekenaar wat op 1 November 1902 op die 'Saxon' uit Southampton gevaar het met 'n driejaar-kontrak en tweedeklas passasie ( CS 174 14832/02).

Hy was aangestel teen £360 per jaar, wat jaarliks kon vermeerder tot 'n maksimum van £440 per jaar (PWD 188 1044/04).

Nadat hy in Februarie 1904 saam met Cormack, Oman, Strong en Armstrong by Bevan gekla het oor agterstallige betaling en deur Bevan verseker is dat almal behalwe Strong terugbetalings en verhogings sal ontvang (kyk Cormack) reageer hy deur sy bedanking op 7 Maart 1904 in te dien ( PWD 324 CA 275/03).

Op 20 Mei 1904 verlaat hy die 'Public Works Department' om 'n privaatpraktyk te begin, nadat hy sy reiskoste wat £33 5s 5d beloop het, terugbetaal het (PWD 188 1044/04). Van 1905 tot 1907 werk hy in vennootskap met W.C. Oman.

Sharp, George Lister Thornton ( - ).

Sharp word aangestel in die plek van Seton Morris, as tweedeklas tekenaar (CS 232 845/03). Hy verlaat Brittanje op 18 April 1903 aan boord van die 'German' (CS 265 2772/03).

Teen 16 Julie 1904 is sy salaris £460 per jaar ( PWD 235 CA799/04).

Op 9 Desember 1905, vra hy om aan te bly in diens van die 'Public Works Department' na verval van sy termyn. Tyrwhitt teken die brief as hoofargitek, en Macphail as hoofingenieur (PWD 440 CE4230/05).

Armstrong, E.M'Donald ( - ).

Hy word aangestel as natrekker ('tracing clerk') en vertrek op 1 November 1902 op die 'Saxon' (CS 174 14832/02).

Strong, F.D. ( - ).

Strong is ook as natrekker aangestel en het saam met Armstrong die reis aangepak op die 'Saxon' (CS 174 14832/02).

Nadat die groep by Bevan gekla het aangaande agterstallige salarisse, (kyk Peddie en

Cormack) gee hy uitsluitsel dat almal behalwe Strong verhogings sou ontvang (PWD 324 CA275/03).
Alhoewel hierdie besluit tot Peddie se bedanking lei, (Steel bedank ook op dieselfde tyd) besluit Strong klaarblyklik om te bly, want in 1909 onderteken hy 'n tekening vir die hoofingenieur op daardie tydstip, C. Murray (DWG 8073).

Thomas, Ernest ( - ).
Thomas doen plaaslik aansoek en word op 6 Julie 1903 deur R.D.Mackenzie wat waargeneem het in Bevan se plek, aangestel vir 'n proeftydperk van 'n maand, teen £25 per maand.
Hy het praktiese opleiding ondergaan in die praktyk van 'Jon Simpson, Architect & Surveyor' in Manchester en Bolton. Daarby was hy in besit van 'n 'Honours Building Construction Certificate' en vyf jaar praktiese ondervinding in argitektuur, opmeetkunde en nivellering. Ten spyte hiervan is Bevan se kommentaar na die proeftydperk, dat hy net 'n goeie natrekker en nougesette tekenaar is en teen £260 per jaar aangestel word.

TEKENAARS, PLAASLIK AANGESTEL.

Hierdie tekenaars het almal plaaslik om poste aansoek gedoen en is in die Pretoriase kantoor aangestel. Daar is minder inligting omtrent hulle beskikbaar in die argief - dus kan daar afgelei word dat hulle nie 'n vormende rol in die Department gespeel het nie, maar slegs van ondersteunende hoedanigheid was.

Callis, A. Stanley: Distriksingenieur,Pretoria:1902/1903 (PWD 60 73/03).

Cotrill, G.E.St J.: Hy word direk vanaf die gevegsfront in Eshowe in November 1901 aangestel (CS 46 6247/01) maar bedank weer op 1 Mei 1902 om 'n privaatpraktyk te begin saam met F.Brown (PWD 29 1245/02).

Brown, F.: Begin waarskynlik in 1901 as tekenaar in die Departement werk, maar bedank op 1 Mei 1902 om saam met Cottrill 'n praktyk te begin (PWD 29 1244/02).

Laver, J.: Hy word in Mei 1901 tydelik as tekenaar aangestel teen 'n salaris van £450 per jaar. Laver was vanaf die myne-departement afkomstig (CS 14 1602/01). In 1906 word hy as 'Inspector of Works' genoem (PWD 480).

Tonkin, Wilfred.W.: Tonkin word op 7 Januarie 1902 aangestel as tekenaar teen £360 per jaar en hy aanvaar diens op 22 Januarie (CS 56 7486/01, CS 69 1598/02).
In November 1903 teken hy as Assistent-distriksingenieur vir die Pretoria-distrik die tekeninge vir die Pretoriase Dieretuin (PWD 114 4774/03).

Kenway, H.Cecil: Hy word in Julie 1902 aangestel teen £360 per jaar (CS 105 6943/02). In Oktober 1903 is sy salaris onveranderd en doen hy aansoek om 'n huislening van £1000 (PWD 98 3776/03).

Geers, Leo.M.: Geers word op 25 Julie 1902 aangestel as natrekker en junior-tekenaar (CS 119 8856/02). Hy word op 19 Februarie 1904 deur Bevan verplaas na die Standerton kantoor (PWD 325 94/04), waarskynlik 'n tydelike verplasing, want op 7 Oktober 1904 is hy weer 'n lid van die 'Chief Architect's Branch' (C20 5 CSC 123/04).

Lofts, C.T.: Hy word op 11 Augustus 1902 aangestel as tekenaar teen £360 per jaar (CS 121 9011/02).

Siemerink, Hendrik: Hy was een van die 'Publieke Werken' Departement se tekenaars en voordat hy deur die 'Department of Public Works' aangestel is, moes hy die 'Oath of Allegiance' teenoor die Britse regering aflê. Hy word op 14 Augustus 1902 aangestel, teen £360 per jaar (CS 113 8114/02) en word later verplaas na die Departement van die Distriksingenieur in Pretoria waar hy vra om as uitsondering toegelaat te word om privaatwerk in sy vrye tyd te doen (CS 220 216/03).

Sievwright, W.D.: Hierdie persoon word op 6 Augustus 1902 as junior tekenaar aangestel teen £300 per jaar (CS 119 8880/02), maar afgedank as klerk in 1904.

Parker,F.E.: Hy word op 1 September 1902 as tekenaar aangestel teen 'n salaris van £380 per jaar (CS 121 9041/02).

Webb, Aubrey E.: Hierdie tekenaar is in Augustus/September 1902 aangestel en is teen 26 November 1903 nog in diens van die Departement (PWD 160 7382/03).

MacDougall, Ewan: Hy word in April 1903 as tweedeklas tekenaar aangestel. Daar word van hom, en alle kandidate vanaf hierdie datum, verwag om 'n sertifikaat van mediese geskiktheid te verskaf (CS 314 5694/03).
Hy doen op 11 Junie 1903 aansoek om 'n huislening van £1000. Sy salaris was £440 per jaar (PWD 98 3788/03).

Laub, Torben H.: Hierdie tekenaar werk van April 1905 tot Mei 1908 vir 'Public Works' en doen volgens Eagle (MM 199 MM818/08) uitstekende werk. In Mei 1908 vra hy 'n oorplasing na die mynkantoor maar slaag nie in sy poging nie, omdat daar nie poste is in daardie stadium nie. Hy bly dus aan in 'Public Works' (MM 199 MM818/08).

Leith, G. Gordon: Hy is in November 1902 as 'Junior-tracer' aangestel in die distriksingenieurskantoor in Pretoria, teen 'n salaris van £10 per maand (CS 166 14174/02). Op 7 Oktober 1904 teken hy 'n dokument as lid van die 'Chief Architect's Branch' (C20 5 CSC 123/04). In 1905 neem hy verlof om te gaan studeer in London. Teen hierdie tyd was hy reeds 'n tekenaar (GOV 887 PS42/174/05). Volgens Beyers (1977:519) verwerf hy die A.R.I.B.A.-titel in 1908 en keer dadelik terug om as argitek vir die 'Public Works Department' te werk. Daarna is hy prominent in die privaatpraktyk.

TEKENAARS IN DIE DISTRIKSKANTORE: JOHANNESBURG:

Donnelly, C: Distriksingenieur in Johannesburg in 1902 (PWD 37 2578/02).
In die 'Transvaal Administration report' van 1905-1906 (PWD 480) teken hy sy naam as 'Acting Chief Engineer Building', en is verantwoordelik vir die opstel van die jaar se verslag van werk gedoen in die 'Department of Public Works'.

Wales, David V: Hy word op 1 September 1901 as hooftekenaar in Johannesburg aangestel (PWD 56 5022/02).
Hy het tevore in Street Wilson (A.R.I.B.A.) se kantoor in Durban gewerk. In Desember 1902 is hy nog in diens van 'Public Works' (Johannesburg) (PWD 23 662/02).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jackeman, S: Hy word op 1 April 1902 as tekenaar aangestel teen 'n salaris van £360 per jaar (CS 79 3148/02) en is op 7 Oktober 1904 'n lid van 'Chief Architect's Branch' (C20 5 CSC 123/04).

Brown, H.G: Brown word op 16 Junie 1902 teen £30 per maand as tekenaar aangestel (CS 98 5807/02).

Mackinney, Herbert W: Word in Augustus 1902 aangestel nadat hy tevore werksaam was in die Durbanse Ingenieursdepartement (CS 112 7979/02). Teen 7 Oktober 1904 is hy 'n lid van die 'Chief Architect's Branch'

La Gerche, A. R: Hierdie tekenaar was eers 'n S.A.C.-tekenaar ('South African Constabulary') wat in Julie 1904 oorgeplaas word (PWD 167 3/04).

Sercombe, S.N: Tekenaar in 1902, oud-soldaat (PWD 27 1918/02).

Clark, D.E.: Assistent-distriksingenieur in1902/1903 (PWD 60 73/03).

MIDDELBURG:

Watermeyer, V.M: Assistent-distriksingenieur in Middelburg, 1902,1903 (PWD 60 73/03), oorspronklik aangestel in Pretoria (CS 76 2759/02).

Krum, Thorold: Hierdie Noorweër word op 20 September 1902 deur assistent-distriksingenieur, V. M.Watermeyer aangestel teen 'n salaris van £360 per jaar (CS 151 12692/02, PWD 43 3276/02).

Harris, G.H.: Hy word in Februarie 1903 as tydelike tekenaar in Middelburg aangestel (PWD 72 1126/03).

STANDERTON:

Stokes,S.T: Distriksingenieur, 1902/1903 (PWD 60 73/03).

Hossack, J.A.: Sy aanstellingsalaris in Augustus 1903 as tekenaar in Standerton was £360 per jaar (CS 341 7214/03).

BARBERTON:

Hancock,J.S.: Assistent-distriksingenieur in Barberton 1902/1903 (PWD 60 73/03).

Storer,W.P.: Assistent-distriksingenieur in Barberton, Mei 1904 (PWD 220 2740/04), word verplaas na Middelburg, waarskynlik maak die kantoor op Barberton toe.

Oranje, P.: Hierdie tekenaar is as Z.A.R.-burger genaturaliseer op 2 Februarie 1900 (Pama 1983:159). Op 1 September 1903 word hy as tekenaar in Barberton aangestel met 'n 'married allowance' van 15%. Hy word beskryf as 'n goeie tekenaar wat op werke en paaie gewerk het in die Lydenburgse distrik, gekwalifiseer is in die boubedryf en vir die 'Royal Engineers' gewerk het (CS 392 10105/03).
Afleidings wat hieruit gemaak kan word, is dat hy reeds gedurende die oorlog trou gesweer het aan die Britse regering en so deportasie vrygespring, en werk gedurende die oorlog bekom het. Rex (1974:375) noem hom as tekenaar in die 'Publieke Werken' Departement.

ZEERUST
Shand, B.: Assistent-distriksingenieur in 1902/1903 (PWD 60 73/03).

CHRISTIANA
Corbet, A.R.: Assistent-distriksingenieur in 1902/1903 (PWD 60 73/03).

LYDENBURG
FitzGerald, Cecil H.: Assistent-distriksingenieur in 1902/1903 (PWD 60 73/03).

BOUREKENAARS.

Moore, Tommy ( - ).

Moore word aangestel as die 'Quantity Surveyor' teen 'n salaris van £900 per jaar (PWD 66 564/03) en vertrek op 15 Januarie 1902 uit Brittanje aan boord van die 'Gaika' (CS 1741 4832/03).

Op 30 Januarie 1903 vra hy dat erf nr.9 in Brynterion (ook 'Government Estate' genoem) aan hom toegeken sal word, om 'n huis op te bou (PWD 66 564/03).

Tommy Moore was verantwoordelik vir die stigting van die eerste vereniging van bourekenaars in Suidelike Afrika, die 'Transvaal Society of Quantity Surveyors' wat in 1905 gestig is en in 1908 tot die stigting van die 'South African Institute of Quantity Surveyors' gelei het (Harris 1953:40).

Belljohn, Harry (1874-1942).

Hy verlaat Engeland aan boord van die 'Raglan Castle' op 1 November 1902 met 'n aanstelling as 'Quantity Surveyor' (CS 1741 4832/03) teen £650 per jaar (PWD 96 3666/03).

Op 11 Junie 1903 doen hy aansoek om 'n huislening van £2 050 om 'n huis in Loopstraat te koop (PWD 96 3666/03).

Belljohn is in Cardiff volgens die vakleerling-stelsel opgelei by 'n firma van argitekte en bourekenaars. Volgens R.I.B.A.-rekords was hy opgelei as argitek. Die 'Department of Public Works' verplaas hom in 1908 na Potchefstroom as assistent-distriksingenieur. In 1911 word hy aangestel as distriksingenieur in Pretoria, en na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) word hy as distriksingenieur in Johannesburg aangestel . Uiteindelik word hy aangestel as 'Chief Engineer, Public Works Department, Union of South Africa', 'n pos wat hy behou tot met sy aftrede in 1929 (R.I.B.A.:biographical file).

Hy speel ook 'n aktiewe rol in die 'Transvaal Society of Quantity Surveyors' en later in die Tak van Suid-Afrikaanse Bourekenaars: hy was onder meer een van die verkose presidente.

Na sy aftrede in 1929, word hy aangestel as professor in argitektuur en bourekenkunde aan die Universiteit van Pretoria, en ook as deeltydse lektor in bourekenkunde aan die Witwatersrandse Universiteit. Hy beklee hierdie poste tot met sy dood in 1942 (R.I.B.A.: biographical file).

Puntis, Walter Ernest (1880-1944) (L.R.I.B.A).

Puntis word as bourekenaar aangestel in 1902, maar aanvaar eers diens op 29 November 1903. Sy drie jaar kontraktydperk is dus vanaf hierdie datum geldig (PWD 184 850/04). Sy aanvangsalaris was £320 per jaar, en op 11 Junie 1903, voordat hy in Pretoria aankom, doen hy aansoek om 'n huislening van £1 000 (PWD 98 3788/03). Die salaris wat hy hier ontvang, is dié wat aangegee word vir 'n 'Abstracting Clerk', terwyl sy pos as 'Quantity Surveyor' aangedui word (PWD 95 3502/03).

Hy was 'n stigterslid van die 'Transvaal Society of Quantity Surveyors' en later ook president van die Tak van Bourekenaars. Later was hy ook 'n geregistreerde lid van die 'Transvaal Provincial Institute of Architects'.

In 1912 word hy na 'Assistant Quantity Surveyor' bevorder, en na 'Chief Quantity Surveyor' in 1922. Na sy aftrede in Julie 1935, tree hy in vennootskap met vriende, en begin die firma Puntis, Babbs & Labden met kantore in Kaapstad, Johannesburg, Bulawayo en Salisbury.

Hy was aktief betrokke by die formulering van die 'Architects & Quantity Surveyors Act, 1927' en dien ook as lid van die Raad van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte waar hy in 1935 verkies is as president van die Raad.

Puntis sterf op 27 April 1944, in sy huis in Forest Town, Johannesburg (R.I.B.A.: N007455).

Adams, H.A. ( - )

Hy word as bourekenaar aangestel in Januarie 1903 (PWD 128 5658/03).

Op 11 Junie 1903 doen hy aansoek om 'n huislening van £1 000 nadat die Departement werknemers deur middel van 'n omsendbrief (CS 46 5502/03) verwittig het dat sodanige lenings beskikbaar is. Sy salaris was £320 per jaar (PWD 98 3788/03). Die salaris is dié van 'n 'Abstracting Clerk' (kyk 4.3).

Op 7 Julie 1903 doen hy aansoek om huweliksverlof, van 4-15 Augustus (PWD 108 4464/03).

Sy woonadres was Esselenstraat, Pretoria (PWD 178 547/04).

Springthorpe, Alfred William ( - ).

Hy aanvaar diens op 22 Desember 1902, maar arriveer eers op 22 November 1903 by die Departement (PWD 840 850/04).

Vanaf 5 Mei tot 6 Junie 1903 word hy na Warmbad gestuur om te herstel van disenterie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(PWD 92 3208/03).

Hy verdien 'n salaris van £340 per jaar in Maart 1904 wanneer hy weereens siekverlof neem weens disenterie (PWD 941 1172/04).

Volgens die salarisse wat aangegee word in 4.3, moes hy 'n 'Abstracting Clerk' gewees het.

ANDER PERSONEELLEDE VAN DIE BOUREKENAARSAFDELING.

Montagne Warne, W. (PWD 108 4464/03)

Simoncelli, A. (PWD 206 1941/04)

Stratton. Aanvaar diens op 19 November 1903 (PWD 184 850/04).

Wanneer die werknemers van die Departement ontleed word, is dit duidelik dat, op 'n paar onbenullige juniorposte ná, alle poste deur Britte wat in Engeland opgelei is beset is en dat die lojaliteit van die meerderheid beslis nie in die 'Transvaal Province' gesetel was nie, maar by hulle vaderland, Brittanje, sou gelê het. Veral in die argiteksgroep is hierdie stelling besonder duidelik, wanneer 'n mens in ag neem dat net vier van die groep vir 'n aansienlike tyd na hulle kontraktydperk verstryk het, in die land gebly het.

Eagle het in die Transvaal waarskynlik beter vooruitsigte as in Brittanje gehad, aangesien hy nie die 'Royal Institute' se eksamen afgelê het, of selfs net die titel L.R.I.B.A. bekom het nie. Wilson het ter wille van sy gesondheid gebly, tot met sy dood. Ons weet dat Sharp gevra het om nadat sy termyn in 1905 om was, verder aan te bly, en dat dit goedgekeur was. Hoe lank hy gebly het is nie bekend nie. Dit is seker dat Strong in 1909 nog in die Departement werksaam was. Van die bourekenaarsgroep, weet ons dat Moore ten minste tot in 1908 gebly het, en ook dat Belljohn en Puntis hier bly woon en werk het tot met hulle dood.

Die bydrae van hierdie mense moet egter nie net in die gebruiksgerigte en koste-effektiewe geboue wat hulle ontwerp en opgerig het, gesoek word nie, maar ook in wyer professionele verband. Die bydraes van mense soos Morris, Moore, Belljohn en Puntis tot die vorming van die institute vir argitekte en bourekenaars en die gevolglike professionele wetgewing is op sigself 'n noemenswaardige bydrae tot 'n aangenome land. Hierby moet dan nog Morris en Belljohn se toewyding aan die opleidingsproses van opkomende

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geslagte gevoeg word. Die verdeling van die oorspronklike beroep in die drie afsonderlike beroepe van argitek, ingenieur en bourekenaar is ook baie duidelik. Ten slotte is die vergoeding betekenisvol (tot 41%) gunstiger as in die vorige era.




Fig. 5.8: Die Z.A.R. Staatsmuseum deur Wierda beplan, moes na die oorlog voltooi word deur die Britte (Holm 1998:74).

## 5.7 NUWE WERK WAT IN DIE ERA IN DIE DEPARTEMENT GEDOEN IS.

### 5.7.1 INLEIDING.

Die 'Public Works Department' kom reeds in 1901, voor die vredesluiting, tot stand. Die eerste werk wat gedoen moes word, was die maak van opnames van die bestaande geboue en die evaluering van die toestand van elkeen. Daarby moes elke nuutgevormde koloniale regeringsdepartement voorsien word van kantoorruimte wat min of meer funksioneel sou wees. Die oorlog het ook nog die bou van 'n paar belangrike Z.A.R.-geboue onderbreek, wat nie net voltooi moes word nie, maar ook herstelwerk weens

oorlogskade nodig gehad het. Onder hierdie geboue tel die Paleis van Justisie, die Staatsmuseum in Boomstraat, waarvan die bouproses pas voor die oorlog begin het (SS O R8414/00) en die 'Nieuwe Kantoorgebouw' (1898) in Pretoriusstraat. Die eerste verslag van die werksaamhede van die Departement is trouens net 'n lys van herstelwerk en veranderings (PWD 31 1563/02).

Uit verdere lyste is die sogenaamde 'minor works' wat meestal klein aanbouings en verbouings, onderhoudswerk en tydelike geboutjies insluit, weggelaat.

**TABEL 2: 'PLANS PREPARED: January1st.-December 31st 1902'**

| DORP: | GEBOU: |
|---|---|
| Barberton | Extensive new Public Offices |
| Heidelberg | Extensive new Public Offices |
| Johannesburg | Bachelor Quarters for 300 officials. |
| | Government buildings. |
| | Government Post Office: extensive alterations. |
| Pretoria | Bacteriological Institute. |
| | Dispensary. |
| | Large number of houses for government officials & servants. |
| | Meteorological Institute. |
| | New Lunatic Asylum. |
| | New Police quarters & station. |
| | New Post Office. |
| | New Prison |
| | Veterinary Farm. |
| Volksrust | Extensive new Public Offices |
| TYPE PLANS: | 5 Different classes Post Offices (to build 42 post offices) |
| | 3 Different classes Cottage Hospitals (to build 22 hospitals) |
| | School types for 100; 150; 200; 300; 600 children, high schools & normal schools |

(I.B.B. Band 31 CD1553).

Uit hierdie lys wat in 1902 opgestel is, is dit duidelik dat daar 'n deeglike opname gemaak is van die bestaande geboue voordat daar 'n lys opgestel is van wat die Britse koloniale moondheid nodig geag het in hulle nuwe aanwins. Dit moet dus gelees word as 'n toekomstige lys, want die meeste van hierdie geboue sien eers veel later die lig. Waarskynlik is dit ook opgestel met die oog daarop om die owerhede te oortuig dat meer en beter-gekwalifiseerde personeel nodig was in die Departement.




Fig. 5.9: Rissikstraat poskantoor, (kyk Fig.3.15) met Tyrwhitt se ekstra vloer en toring.(Norwich 1986: 44).

In die volgende lys van werk, 'Blue Book Report on work done for six months ending 30th June 1903' (PWD 325 CA 16/04), word die werk reeds meer realisties voorgestel en word 'n uiteensetting ingesluit van die stadium van beplanning wat met elke projek bereik is.

Tabel 3 is 'n beknopte weergawe van bovermelde 'Blue Book Report' wat spesifiek vir die die doeleindes van hierdie studie deur die outeur gemaak is om 'n kompakte beeld van die periode se staatsargitektuur saam te stel, met geboue volgens alfabetiese orde in elke departement of tipe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# TABEL 3: 'LIST OF WORK: 30th JUNE 1903'.

| DEPARTEMENT/ GEBOU TIPE. | DORP/ SPESIFIEKE GEBOU. | STADIUM VAN VORDERING. |
|---|---|---|
| 'Government Offices' | Barberton. | Sketse is voorberei. |
| | Caledonian Hotel | Werk is begin. |
| | Laurenco Marques | Sketse is voorberei. |
| | Pietersburg : aanbouings | Tekeninge & berarnings is voltooi. |
| | Potchefstroom | Beramings vir aanbouings & verbouings. |
| Poskantore | Belfast: Huis vir Lynregter. | Tekeninge & beramings is gedoen. |
| | Johannesburg: Nuwe verdieping en toring aan poskantoor | Werktekeninge en beramings is gereed. |
| | Pretoria poskantoor. | Sketse en beramings is voltooi. |
| | Springs Poskantoor | Werktekeninge en beramings is gereed. |
| | Tipe 'A' poskantoor. | Werktekeninge, beramings, spesifikasie en hoeveelhede is gereed. |
| | Tipe 'B' poskantoor. | Soos vir 'A' |
| | Tipe 'C' poskantoor. | Soos vir 'A'. |
| | Tipe 'D' poskantoor. | Werktekeninge en beramings is gereed. |
| | Tipe 'E' poskantoor. | Soos vir 'D'. |
| Skole | Barberton | Sketse en beramings is gedoen. |
| | Belfast. | Ditto |
| | Carolina tydelike skool | Werktekeninge voltooi. |
| | Johannesburg: 'Girls' High School' | Sketse en beramings is gedoen. |
| | Johannesburg: Opvoedkundige personeel: kwartiere | Beramings. |
| | Onderwysershuise. | Beramings. |
| | Plaasskole: Tipe tekening. | Tekeninge voorberei. |
| | Pretoria: Tydelike Normaalskool | Beramings gedoen en **gebou opgerig**. |
| | Springs skool. | Beramings. |
| | Troyeville skool. | Beramings. |
| | Vereeniging | Sketse en beramings is gedoen. |
| | Warmbad | Ditto. |
| | Wysfontein skool. | Beramings. |

| DEPARTEMENT/ GEBOU TIPE. | DORP/ SPESIFIEKE GEBOU. | STADIUM VAN VORDERING. |
|---|---|---|
| Hospitale. | Boksburg hospitaal. | Werktekeninge en beramings word tans Voorberei. |
| | Johannesburg: Hospitaal vir dorpspolisie. | Beramings. |
| | Johannesburg: Laboratorium en kwartiere | Werktekeninge is voltooi. |
| | Johannesburg: Polisie-hospitaal. | Tekeninge en beramings is gedoen. |
| | Klerksdorp operasieteater. | Tekeninge is voorberei. |
| | Melaatse hospitaal. | Beramings. |
| | Pretoria., Apteek. | Tekeninge en beramings is gedoen. |
| | Tipe 'A' | Werktekeninge en beramings word voorberei. |
| | Tipe 'B' | ditto. |
| | Tipe 'C' 'Cottage hospital' | Beramings. |
| Polisiestasies en Aanklagkantore. | Boksburg. | Planne word tans geteken, beramings word ingestuur. |
| | Booysens barakke en aanklagkantoor. | Beramings. |
| | Brakpan, Springs, tronke. | Beramings. |
| | Breestraat. | Sketse en beramings word voorberei. |
| | Doornfontein. | Ditto. |
| | Ermelo polisiekwartiere. | Beramings. |
| | Johannesburg: Laboratorium. | Sketse en beramings word voorberei. |
| | Johannesburg: Stalle. | Beramings. |
| | Johannesburg: Z.A.R.P. barakke. | Beramings. |
| | Middelburg. | Tekeninge en beramings word voorberei. |
| | Pelgrimsrus. | Sketse en beramings word voorberei. |
| | Potchefstroom. | Sketsplanne is voltooi. |
| | Roodepoort. | Tekeninge, spesifikasies en hoeveelhede is voltooi. |
| | 'S.A.C. Charge offices'; tipe-planne. | Ditto. |
| | Schoongericht aanklagkantoor. | Beramings. |
| | Sunnyside. | Sketse en beramings word voorberei. |
| | Troyeville: Kwartiere. | Beramings. |
| Magistraatshof en-kantore. | Belfast. | Sketse is voorberei. |
| | Lydenburg aanbouings. | Tekeninge is voorberei. |
| 'Native Commissioners' hof en kantore. | Middelburg. | Beraming, spesifikasie, en hoeveelhede is voltooi. |
| | Pietersburg. | Planne en hoeveelhede is voorberei. |
| | Rustenburg. | ditto. |
| | Warmbad. | ditto. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| DEPARTEMENT/ GEBOU TIPE. | DORP/ SPESIFIEKE GEBOU. | STADIUM VAN VORDERING. |
|---|---|---|
| Openbare Biblioteek. | Pretoria. | Hoeveelhede en beramings vir vaste toebehore is voltooi. |
| Doeane Kantore. | Christiana. | Beramings gedoen en **gebou opgerig.** |
| Dieretuin-ingang. | Pretoria. | Tekeninge en beramings is gedoen. |
| Kranksinnige gestig. | Pretoria: Tydelike sale | Planne en beramings is gedoen. |
| | Nuwe administrasieblok.en kombuisblok. | Tekeninge, beramings, spesifikasies en hoeveelhede voltooi. Moet gekontrakteer word. |
| | Mans- en vroueblokke en oppassers se kwartiere. | Beramings, spesifikasies en hoeveelhede is voltooi. |
| Opsigterskwartiere. | Warmbad. | **Gebou voltooi.** |
| Huise vir plaaslike Magistrate. | Drie tipe-huise. | Beramings voorberei. |
| | Ermelo. | **Gebou voltooi** en beramings vir wysigings gedoen. |
| | Heidelberg. | Werktekeninge en beramings is gedoen. |
| | Lichtenburg. | ditto. |
| | Lydenburg. | Materiaallys voorberei. |
| | Potchefstroom. | Werktekeninge en beramings is gedoen. |
| | Pietersburg. | Word tans opgerig. |
| | Rustenburg. | Word tans opgerig. |
| | Standerton. | **Gebou voltooi** en beramings vir wysigings gedoen. |
| | Wakkerstroom. | ditto. |
| | Zeerust. | Werktekeninge/beramings gedoen. |
| Assistent-Magistraat Huise. | Boksburg. | Tekeninge gedoen. |
| | Carolina | Tekeninge gedoen. |
| | Christiana | Tekeninge gedoen. |
| | Klerksdorp | Tekeninge gedoen. |
| | Piet Retief. | Tekeninge gedoen. |
| | Ventersdorp. | Tekeninge gedoen. |
| 'Native Commissioners' Huise. | Pietersburg. | Tekeninge & beramings. |
| | Rustenburg. | ditto. |
| D.R.M.R. Huise. | Barberton. | Tekeninge en beramings voltooi. |
| | Heidelberg | ditto. |
| | Lydenburg. | ditto. |
| | Pietersburg | ditto. |

| DEPARTEMENT/ GEBOU TIPE. | DORP/ SPESIFIEKE GEBOU. | STADIUM VAN VORDERING. |
|---|---|---|
| Skoolinspekteurs-huise. | Rustenburg. | Tekeninge voltooi. |
| | Zeerust. | Tekeninge voltooi. |
| 'Maj. Stuart's House' | | Beramings gedoen. |
| Meteorologiese Direkteur : huis | | Beramings gedoen. |
| Tipe- huis vir twee onderwysers. | | Beramings, spesifikasie, en materiaallys voltooi. |
| Onderwyserskwartiere en 'kaffir huts'. | Pretoria. | Materiaallys voltooi. |
| Huis vir mediese beampte. | Pretoria, hospitaal. | Beraming. |
| Huis vir direkteur van tronke. | | Bouwerk begin. |
| Brynterion-huise. | Pretoria: Robson, Jameson, Moore, Isaac, Matthew, Col.Jackson, Burns-Begg, Col.-Secretary, Chief Justice, Solomon, Mason, (Judge) Bristowe. | Werktekeninge en beramings vir al die huise is voltooi. |
| Government veterinary farm. | | Sketse en beramings is voorberei. |
| Govt. Technical college. | | Ditto. |

---

Ongelukkig het die jaarlikse 'Blue Book Reports' van die 'Department of Public Works' nie almal plaaslik behoue gebly nie, en kon slegs die voorafgaande (Januarie-Junie 1903) (PWD 325 CA 16/04), en Junie 1905 - Junie 1906 (PWD 480) gevind word. Die volledige stel 'Blue Books' is waarskynlik in die 'Public Record Office' in Kew en inligting word tans slegs teen hoë koste deur hulle aan buitelandse wetenskaplikes **verkoop**.

Omrede die geboue reeds in die beplanningstadium gelys is, gee 1903 se lys ons 'n redelike akkurate idee van wat gebou is tot en met die volgende lys. Hierby is ook 'n lys wat Bevan aan die begin van 1904 opgestel het, voordat hy met verlof sou gaan: 'Work in Hand' -Januarie 1904 (PWD 324 303/03). Die lys van 1905/1906 word aangevul uit 'n lys van werk wat Tyrwhitt vir die 'Royal Institute', met sy terugkeer na Brittanje opgestel het (R.I.B.A.: N004132). Die grootste deel van die Departement se werk tot in 1907 word dus deur hierdie lyste gedek.

Net soos by tabel 1 in hoofstuk 3, is tabel 4 en 5 nuut-saamgestelde tabelle wat spruit uit oorspronklike navorsing wat gedoen is deur die outeur, hier om te bepaal watter werk in die periode gedoen is, maar ook hoe die koloniale stelsel geïmplementeer was. Geboue is binne die departemente, alfabeties georden.

## TABEL 4:

**'WORK IN HAND' (PWD 324 303/03):**

| DEPARTEMENT/ GEBOU TIPE. | DORP/ SPESIFIEKE GEBOU. | STADIUM VAN VORDERING. |
|---|---|---|
| Skole. | Boksburg (Tipe A) | Planne word hersien. |
| | Ermelo (Tipe C). | |
| | Lydenburg (Tipe B) | Planne word hersien, tenders moet gevra word. |
| | Middelburg (Tipe C) | Planne word hersien, tenders moet gevra word. |
| | Potchefstroom (Tipe A) | Planne word hersien, tenders moet gevra word. |
| | Rustenburg (TipeC). | |
| | Standerton (Tipe A) | |
| Hospitale | Dodehuis | Word opgerig. |
| | 'Native Hospital', Pta. | Tenders is ontvang. |

## TABEL 5:

## 'ANNUAL REPORT FOR THE YEAR ENDED 30TH JUNE 1906': PWD (PWD 480) / TYRWHITT SE LYS: 27 Februarie 1907 (R.I.B.A. N004132)

| DEPT., DORP, GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **SKOLE.** | | | |
| Avenue-skool: 400 kinders. | | 1906 | £ 15 per kind. |
| Bezuidehout Valley skool | ('D'-tipe) | Desember 1906. | £ 3 343 |
| Bloedstraat skool Pretoria. 150 kinders. | F. Corbishly. | September 1906. | £ 2 500 |
| Bloemhof skool. 100 kinders. | Sim & Mac Donald. | Desember 1905. | £ 1 080 |
| Boksburg skool. 400 kinders. | ('B'-tipe) | Maart 1907. | £ 5 450 |
| Booysens skool. 424 kinders. | J.M. Coull. | Julie 1906. | £ 5 255 |
| Brooklyn skool 150 kinders | F. Corbishly. | September 1906. | £ 2 715 |
| Burghersdorp skool 150 kinders. | | Plan wordgeteken:1906. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| DEPT.,DORP, GEBOU. SKOLE (Vervolg) | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| Burgher Right skool: Pretoria :340 kinders. | Lane & Branniff. | Mei 1906. | £ 7 171 |
| Christiana skool: 350 kinders. | Kilgariff & Hartop. | Augustus 1906. | £ 5 200 |
| Daspoort skool, Pretoria. 250 kinders. | | Januarie 1907. | £ 4 775-16s |
| Florida skool. 200 kinders. | ('D'-tipe) | Januarie 1907. | £ 3 037 |
| Germiston skool: 790 kinders. | | 1906 | £ 12 per kind. |
| Haenertsburg skool 100 kinders. | | Plan word geteken:1906. | |
| Hartebeesfontein skool 140 kinders. | L.M. Reid. | 1906. | £ 1 986 |
| Hospital Hill skool: 500 kinders. | T. Douglas. | Julie 1906. | £ 6 257-10s |
| Johannesburg.: Kleurlingskool, 450 kinders | | Plan word geteken:1906. | |
| Johannesburg: Kookskool | | Plan word geteken:1906. | |
| Mayville skool 150 kinders. | | Plan word geteken:1906. | |
| Mellville skool: 130 kinders. | | Augustus 1905. | £ 1 592 |
| Normaalkollege: Koshuis | | November 1905. | £ 2 600 |
| Normaal kollege Opsigtershuis, | | Plan wordgeteken:1906. | |
| Nylstroom skool 90 kinders. | Kelly, Anderson & Co. | November 1906. | £ 1 270 |
| Ottoshoop skool 80 kinders. | J. Schuman. | Augustus 1906. | £ 1 180 |
| Pietersburg skool 320 kinders. | | 1906/1907. | £ 4 500 |
| Pretoria.: 'Cookery School' | J. Smith. | September 1906. | £ 1 733 |
| Rustenburg skool: 200 kinders. | L. De Waard. | 1906. | £ 3 190 |
| South End skool, Pretoria. | R.J. Kroekel. | Januarie 1907. | £ 8 381 |
| Standerton-skool: 250 kinders. | | Oktober 1905. | £ 5 987 |
| Sunnyside skool150 kinders. | | Oktober 1906. | £ 2 500 |
| Saal, Sunnyside skool. | | Plan word geteken:1906 | |
| Troyeville-anneks: 200 kinders. Mayfair-anneks. 200 kinders. Jeppestown-anneks: 200 kinders. | Kelly, Anderson & Co. | September 1906. | £ 6 488 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| DEPT., DORP, GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| LAW DEPARTMENT | | | |
| Barberton: Huis,Plaaslike Magistraat, | | Julie 1907 | £ 2 950 |
| Bethal: Huis:Assistent-Magistraat, | Hunter & Thomson. | Word opgerig. | £ 1 105=tender |
| Boksburg: Aanklagkantoor | J.& R. Mc.Chlery. | Word opgerig. | £ 3 500=tender |
| Boksburg tronk | J.M. Coull. | 1906/1907. | £ 13 000 |
| Carolina: Hof en kantore. | Mr. Robertson. | September 1906. | £ 2 375 |
| Fordsburg: Aanklagkantoor | Mr. Douglas | Word opgerig. | £ 5 555=tender |
| Germiston tronk. | | Kontrak nog nie toegeken nie. | |
| Middelburg tronk. | Mac Donald & Thorpe. | 1906 | £ 9 689 (geskat) |
| Pietersburg tronk | Mac Donald & Thorpe. | 1906 | £ 9 689 |
| Pretoria.:Kranksinnige gestig, | Templar Bros. Johannesburg. | Junie 1907 | £ 104 000 |
| Pretoria : Huis: Plaaslike Magistraat. | | Augustus 1905. | £ 3 670 |
| Pretoria: Sentrale Gevangenis, | Prentice & Mackie | September 1906 | £ 109 815 |
| Pretoria: plaaslike tronk. | | Kontrak nie toegeken nie. | |
| Pretoria: tronk: huis vir D.G. | | Oktober 1906 | £ 2 000 |
| Roodepoort: Aanklagkantoor | | Tender nog nie toegeken nie. | |
| Roodepoort.:Polisiebarakke | | Tender nog nie toegeken nie. | |
| Rustenburg : Hof en kantore, | | Maart 1907 | £ 4 955 |
| Troyeville.: Aanklagkantoor | J.& R. Mc.Chlery. | Word opgerig. | £ 2 900=tender |
| Zeerust. Huis:Plaaslike Magistraat, | Osborne, Thomson & Co. | 1906 | £ 3 050 |
| NATIVE AFFAIRS DEPARTMENT. | | | |
| Fordsburg.Paskantoor, | Forsyth & Reid. | Word opgerig. | £ 19 000 |
| Germiston Paskantoor. | J.M. Coull. | Word opgerig. | £ 3 200=tender |
| Roodepoort.Paskantoor, | Pearce Bros. | Januarie 1906. | £ 1 045 |
| POSTAL DEPARTMENT. | | | |
| Benoni poskantoor. Tipe 'B'. | | Januarie 1907. | £ 1 720 |
| Bethal poskantoor. Tipe 'A'. | J. Mondt. | Augustus 1906. | £ 1 177 |
| Braamfontein. 'Postal Stores' | | Desember 1906. | £ 12 000 |
| Cleveland poskantoor Tipe 'A'. | A.& W. Frame. | Mei 1906. | £ 1 100 |

| DEPT., DORP, GEBOU. | AANNEMER. | KONSTRUKSIEDATUM. | BOUKOSTE. |
|---|---|---|---|
| **POSTAL DEPT.(vervolg):** | | | |
| Johannesburg Telefoon-sentrale | Forbes, Mackenzie & Co. | Maart 1906. | £ 18 000 |
| Knights poskantoor. Tipe 'A'. | | Desember 1906. | £ 1 160 |
| Oosrand poskantoor. Tipe 'A'. | J. & R. Mc Chlery. | Desember 1906. | £ 1 100 |
| Pietersburg poskantoor. Tipe 'C'. | W.S. Lampen | Januarie 1907 | £ 2 982 |
| Roodepoort poskantoor Tipe 'B'. | O' Reilly & Co. | Januarie 1906 | £ 1 455 |
| Vereeniging poskantoor. Tipe 'B'. | | Januarie 1907. | £ 1 634 |
| Witbank poskantoor. Tipe 'B'. | | Januarie 1907. | £ 1 912 |
| Zeerust poskantoor. Tipe 'B'. | | Desember 1906. | £ 2 300 |
| **AGRICULTURE** | | | |
| Bosbouershuis Ermelo | Hunter & Thomson. | Word opgerig. | £ 1 090=tender |
| Plaasgeboue Potchefstroom. | L. De Waard. | Word opgerig | £ 8 000=beraming. |

Die aannemers wat in hierdie lyste voorkom, is feitlik uitsluitlik Britse name wat nie voorheen vir die Z.A.R. gewerk het nie. Selfs firmas van Britse afkoms soos Kirkness en Munro kom nie hier voor nie, waarskynlik as gevolg van hulle vorige verbintenis met die Z.A.R.-regering. Slegs enkele klein plattelandse Nederlandse bouers wat waarskynlik onmisbaar was omdat daar niemand anders beskikbaar was nie, word wel gebruik. Dit is ook hoogs waarskynlik dat bouers die 'Oath of Allegiance' sou moes aflê voordat hulle vir die Britse regering werk sou kon doen, wat sommige oud-Nederlanders uit die aard van die saak nie sou wou doen nie.

Die Britte het, soos in al die Britse kolonies, hulle dit ten doel gestel om die infrastruktuur van die 'Transvaal Colony' so gou moontlik uit te brei en so ver moontlik te voltooi. Met behulp van die standaardisasie van geboue soos poskantore, woonhuise, skole, en hospitale en die gebruik van massavervaardigde produkte uit Brittanje wat nou met die spoorstelsel vervoer kon word tot op sentrale punte, was hierdie doelwit haalbaar en ekonomies ook moontlik.

### 5.7.3 BESPREKING VAN SOMMIGE GEBOUE UIT HIERDIE TYDVAK.

Om 'n verteenwoordigende beeld van die werk uit hierdie periode van die 'Public Works Department' te kan weergee, word daar voorbeelde van die mees algemene 'tipe-geboue', die poskantore en skole, ingesluit in hierdie lys. As voorbeeld van die vroeë militêre argitektuur, word die Militêre Klubgebou bespreek. Die latere argitektuur waar die argitekte met meer vryheid kon ontwerp, word verteenwoordig deur die 'Administration and hospital blocks: New Lunatic Asylum', die 'Transvaal University College: Arts block' en die geboue van 'Boys High School'.

Die metode wat hier gevolg word, is soos in hoofstuk 3, Panofsky se.waarnemings- en vertolkingshiërargie wat in 1.2 uiteengesit is.

#### 5.7.3.1 ROODEPOORT POSKANTOOR (1906).

Roodepoort se poskantoor is 'n tipiese voorbeeld en een in 'n reeks van 'Type B'-poskantore, wat in Tyrwhitt se tyd die lig sien. Ander 'Type B'-poskantore wat in sy lys aan die R.I.B.A. (Kyk TABEL 5) ingesluit is, is dié wat in Benoni, Witbank, Vereeniging en Zeerust gebou is.




Fig.5.10: Roodepoort Poskantoor (1906)
'Blue Book Report' (PWD 480).

Ongelukkig bestaan daar in die argief geen inligting, behalwe die 'Blue Book Report' van 1906, en 'n paar verwaarloosde detailtekeninge van die Roodepoortse poskantoor nie. Die 'Blue Book Report' (PWD 480) bevat slegs die lys (sien 5.7) met name, datum van voltooiing en kontrakprys, en 'n foto van die Roodepoort poskantoor.

Hierdie poskantoor is in Januarie 1906 deur die bouersfirma, O'Reilly & Co. teen 'n bedrag van £ 1 455 voltooi. Dit is interessant dat hierdie geboutjie die laagste voltooiingsprys het, van genoemde 'Type B'-poskantore. Verskil in fondamente en beskikbaarheid van arbeid en materiale kan moontlik hiervoor verantwoordelik wees.

Die geboutjie is huislik in karakter en sou as sodanig goed in die meeste woonbuurte inskakel. Die oorheersende 'Arts & Crafts'-karakter met swaairame in ruitpatroon, luike, luifels aan metaalsteune oor ingange, blootgestelde afvoerpype en wolwe-ent dak, word weerspreek deur die gladgepleisterde muurafwerking en sinkdakafwerking met smal dakoorhange. Dit is duidelik dat die hoofoorweging hier die verskaffing van die nodige akkommodasie teen die minimum boukoste was. Hierdie is dus 'n goeie voorbeeld van die gebruiksgerigte geboue wat veral in die vroeë Brits-koloniale tydperk die lig gesien het.

5.7.3.2 'TYPE-SCHOOLS': TROYEVILLE (1905)
'BURGHER RIGHT SCHOOL' (1906)- Pretoria.
'HOSPITAL HILL SCHOOL' (1906)- Johannesburg.

Hierdie drie skole word bespreek as voorbeelde van die 'Type-schools' wat oral in die 'Transvaal Colony' asof oornag verrys het, om Milner se program van verengelsing so gou moontlik werklikheid te maak. As koste-effektiewe akkommodasie vir funksionele en administratiewe doeleindes, het hierdie skole 'n belangrike funksie gehad. Alhoewel dit nie afgestem is op enige spesifieke Britse argitektuurperiode nie, straal hierdie skole tog 'n breë Engelse inslag uit. Of dit bewustelik gedoen is, is nie seker nie, aangesien Tyrwhitt nooit werklik afgesien het van die patrone van sy herkoms nie.Indien bewustelik, sou dit sekerlik op Milner se verengelsingprogram afgestem gewees het.

Troyeville-skool is die oudste van hierdie drie skole en is alreeds in 1903 beplan (PWD 325 CA 16/04) maar moes in 1906 van 'n anneks vir tweehonderd kinders voorsien word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA








Fig. 5.11: Troyeville skool, 1905.
(van der Waal 1986:146)

Fig.5.12: Mayfair skool,1905.
(Norwich 1986: 108)

Die skole is dikwels voorsien van 'n voorafvervaardigde kloktorinkie wat uit 'n Britse katalogus bestel en ingevoer is.

Kelly, Anderson & Company het Mayfair-, Jeppestown- en Troyeville-skole se soortgelyke annekse op dieselfde tyd gebou. So is 'n redelike besparing in die hand gewerk. Van der Waal (1986:147) wys daarop dat hierdie skole in voorkoms ooreenkom met dié in Krugersdorp en Potchefstroom. Hy wei ook uit oor die huislike karakter van die geboue, wat simpatiek staan teenoor residensiële omgewings. Alhoewel daar skaalgewys seker nie fout gevind kan word met hierdie geboue nie, is dit jammer dat elke gebou nie ontwerp is om in die omgewing waar dit moes staan, in te pas nie. Hierdie basiese 'Arts & Crafts'-'reël' wat telkens oortree word, stry teen die afgewaterde details wat dan uit konteks



Fig.5.13: 'Burgher Right School', Pretoria, 1906 ('Blue Book Report' PWD 480) By hierdie skool op die burgerregerwe aan die westekant van Pretoria is die gewone kloktoring (kyk 5.11,12) nie aangebring nie.

gebruik word. Té hoë fondamentmure word byvoorbeeld gevind by die Troyeville-skool, sodat die ingangstrap aangeplak voorkom.Die Burgher Right-skool in Pretoria, moes voorsiening maak vir driehonderd-en-veertig kinders, en is in Mei 1906 teen £ 7 171 deur

Lane & Branniff voltooi. Eweneens is die Hospital Hill-skool vir vyfhonderd kinders in Johannesburg twee maande later, deur T. Douglas teen £ 6 257-10s voltooi (PWD 480).




Fig. 5.14: 'Hospital Hill school', Johannesburg, 1906, (Blue Book Report PWD 480). Hier is die voorafvervaardigde kloktorinkie weer aanwesig.

Alhoewel hierdie skole funksioneel was, het hulle mettertyd opgeneem geraak in groter en gesiglose voorstedelike skole. 'n Sprekende voorbeeld hiervan, is Brooklyn-skool wat, ontdaan van details soos luike en ventilator, in vreemde kleure geverf, vandag onherkenbaar lyk.

### 5.7.3.3 MILITêRE KLUBGEBOU (1902). (nou 'South African Military College')

Lord Roberts het na 'n hoër terrein gesoek om sy soldate heen te verplaas aangesien die artilleriebarakke gou te klein was vir die Britse troepe en Pretoria nog in malaria-gebied geleë was. 'n Terrein by Roberts Heights (later Voortrekkerhoogte en nou Thaba Tshwane) is vir die nuwe kamp uitgesoek.

Die eerste permanente gebou op die terrein was die militêre klubgebou waarvan die hoeksteen in 1902 deur lord Kitchener gelê is. Die gebou, aanvanklik die 'South African Garrison Institute' genoem, is bedoel as ontspanningsentrum vir die Britse troepe (Engelbrecht 1955:107). Fondse vir die oprigting van die gebou is bekom uit die wins wat die militêre kantiene gedurende die oorlog in Pretoria gemaak het. Hierdie geld het regtens

aan die Britse troepe behoort, maar aangesien elke soldaat net drie sjielings en vier pennies sou kry indien die geld verdeel word, het Kitchener self besluit om die geld te gebruik om 'n klubgebou op te rig (Nongquai 1947:3).




Fig.5 15: Militêre Klubgebou, Roberts Heights . 1902. (TABA 22924)

Die gebou is uit rooi sandsteen gebou deur die 'Royal Engineers' en die kontrakbedrag was om en by £ 20 000 (Nongquai 1942:953). Stoeprelings en -versierings asook die trappe, vensterrame en ander bou-onderdele is in tipiese Victoriaanse tradisie, massa-vervaardig en beïnvloed die voorkoms van die gebou.

Alhoewel die klubgebou die eerste gebou op Roberts Heights was, is die konteksloosheid van die gebou met betrekking tot sy omgewing opvallend. Waarskynlik was meesterbeplanning nie belangrik geag in militêre konteks nie en wou die Britte net 'n gebou vir die manskappe se ontspanning daarstel.

Die dorp òm die gebou en sy gronde het asof onafhanklik daarom gegroei sodat die geheel vandag nog uit 'n stedeboukundige standpunt moeilik te begryp is. Dit wil dus voorkom asof daar nie in daardie stadium aan hierdie aspek aandag gegee is nie.

5.7.3.4 'NEW LUNATIC ASYLUM, PRETORIA : ADMINISTRATION AND FEMALE HOSPITAL BLOCKS'(1907).

Die 'New Lunatic Asylum' is een van die eerste projekte wat deur die argitekte van die 'Public Works Department' aangepak is. In die heel eerste 'List of plans prepared' van 1902,(TABEL 2) noem Bevan hierdie kompleks. Die oudste argiefplanne dateer ook uit sy tyd en is met terreinuitleg en dreinering gemoeid.

In die 'Blue Book Report' van 1906 (PWD 480) is 'n blokplan ingesluit, wat die grootte en omvang van hierdie projek illustreer (kyk Fig. 5.16). Dit wil voorkom asof Eagle 'n groot aandeel aan die beplanning moes gehad het, aangesien hy heelwat van die oorblywende tekeninge as hoofargitek onderteken. Tyrwhitt noem egter die 'Administration and Female Hospital Blocks' in sy lys aan die R.I.B.A. as sy ontwerpwerk (R.I.B.A.: N004132) (TABEL 5). Hierdie geboue is in Junie 1907 deur die Johannesburgse bou-aannemers, Templar Brothers, teen 'n kontrakprys van £ 104 000 voltooi.





Fig. 5.16: Uitleggplan : 1906 uit 'Blue Book Report' PWD 480.
Hierdie volledige uitlegplan toon weereens geen noordpunt nie.
Die uitleg van gelokaliseerde geboue met lang gange toon ooreenkoms met die tipies Britse uitleg van die tyd met gelokaliseerde afdelings verbind met lang isolasiegange (pawiljoen-konsep, kyk Fig.5.17) uit die P.W.D.boekery.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Fig. 5.17: Derbyshire 'Royal Infirmary, U. K.'
(*Hospitals and Asylums of the World*, 1893 – kyk 5.5)




Fig 5.19: Volskaalse
deurdetails
(TABA 2/1448 (1-32))




Fig. 5.18: 'University Hospital, Halle, Germany'. Uit 'Portfolio of plans', *Hospitals and Asylums of the world*, 1893. Afdeling: 'Pavilion Hospitals'.




Fig. 5. 20: Plan: eerste vloer , 'Female Hospital Block'. (TABA 2/1456 (5)). Die uitleg is soortgelyk aan die in die '*Hospitals and Asylums of the world*'.(Kyk Fig.5.18)




Fig. 5.21: 'Half-inch detail of recreation hall'.
TABA 2/1448 (1-32)




Fig. 5.22: 'Administration and Female Hospital Blocks': 1906
(Blue Book Report PWD 480). Hierdie gebou lyk baie op dié wat Tyrwhitt later jare in Brittanje ontwerp het. Stylgewys het hy nooit enige aanpassing gemaak nie.

Die vooraansig van hierdie geboue, herinner sterk aan die rye spits gewels met erkers van W.R. Lethaby (1857-1935; Britse Arts & Crafts-argitek) se ontwerpe. Die verhoudings van die gewels/erkers en die houtbeplanking op die gewels, skep ook 'n indruk van landelike Tudor-argitektuur, maar die oorwegende gevoel van dakvensters in spitsdakke, uitgesproke skoorstene, siersteenmure met pleisteromranding om vensters, swaairame met klein ruitverdelings, erkervensters en blootgestelde afvoerpype is dié van Britse negentiende-eeuse 'Arts & Crafts'-argitektuur. (Die toring in die agtergrond is in 1903 deur William Bevan ontwerp en pas duidelik nie by die spitsdak-komposisie nie) (kyk Fig. 5.22).

Wanneer daar egter na die beskikbare detail-uitlegtekeninge gekyk word (kyk Fig. 5.19,21) tree 'n mate van verwarring in, veral wanneer die interieurontwerp krities beskou word. 'Arts & Crafts' details word met sterk klassieke houtpaneelwerk en 'Art Nouveau'-vuurherde afgewissel.

Oorwegend, is alle detailwerk duidelik Brits van oorsprong en kan teruggevoer word na die argitekte se afkoms en hulle beskikbare biblioteek van patroonboeke. Die uitleg van die sale en die terrein, kan teruggevoer word na 'Hospitals and Asylums of the World' 1893 (kyk 5.4), spesifiek die afdeling wat handel oor 'Pavilion Hospitals', (kyk Fig. 5.17,18).

5.7.3.5 'TRANSVAAL UNIVERSITY COLLEGE (T.U.C.): ARTS BLOCK' (1912). (Tans die 'Ou Lettere'-gebou, Universiteit van Pretoria).

Die tekeninge vir die Ou Lettere-gebou is in 1909 in die 'Public Works Department' gedoen onder leiding van Patrick Eagle, hoofargitek. Tenders is in Januarie 1910 gevra en is uiteindelik toegeken aan J.J. Kirkness.Dit is opmerklik dat Kirkness wat voorheen vir Wierda gewerk het, nou weer aanvaarbaar is. Die tenderbedrag was £ 32 056. Op 3 Augustus 1910 is die twee hoekstene, een in Engels en een in Nederlands, deur die destydse Goewerneur-Generaal, burggraaf Gladstone, onthul (Pretorius 1983:37).

Teen Januarie 1912 was die gebou volledig toegerus en gemeubileer en was die 'Science Block' alreeds ver gevorder. Met die uitleg van die nuwe universiteitsterrein vind daar duidelike vooruitbeplanning plaas en lyk dit asof Eagle 'n mate van toekomsvisie inspan. Dit is opvallend dat hierdie polities belangrike geboue was in die tyd, aangesien daar volgens Pretorius (1983:37) heelwat hoogwaardigheidsbekleërs teenwoordig was by die hoeksteenlegging waar generaal Smuts die wens uitgespreek het dat die T.U.C. vir Suid-Afrika so belangrik sal word, as wat Oxford vir Engeland is. Eagle kry hier dus in 'n mate 'n kans tot kultuurstelling, wat sy voorgangers nie gehad het nie. 'n Soortgelyke geleentheid word aan hom gegun wanneer hy die vooraanstaande 'Boys High School' wat in 1909 in gebruik geneem is, ontwerp (Engelbrecht 1955:225). Die planne en aansigte vir die universiteitsgeboue moes in Februarie 1910 aan die 'Colonial Secretary', Jan Smuts, vir goedkeuring voorgelê word. Aangesien die boukoste van die Ou Lettere en die Ou Chemieblok saam alreeds £ 47 000 bedra het, het hy ingestem dat die Chemieblok gepleister mag word ( LD 777 2505/09). Die U-vormige grondplan het 'n noordelike en suidelike vleuel en twee ingange aan die oostekant wat volgens Pretorius (1983:37) oorspronklik vir mans- en damestudente afsonderlik bedoel is. Die gebou is uit Transvaalse sandsteen gebou (Oberholster 1972:305) met leiklip uit die Warmbadse omgewing in die ingangsportaal en trappe (Pretorius 1983:38). Pretorius beskryf ook die Oregon-den vloere in die klaskamers en die houtwerk van 'Burmese teak'.

Die gebou word volgens Oberholster (1972:305) in die kader van die laat Franse Renaissance-boustyl geplaas. Ofskoon die kloktoring bepaald Renaissance in karakter is, kom dit nie ooreen met die styl van die res van die gebou nie en was dit waarskynlik 'n massavervaardigde item uit 'n katalogus.




Fig.5.23: 'Transvaal University College : Arts block' (Ou Lettere) 1912. (Engelbrecht 1952 : 90).

Alhoewel die Ou Lettere-gebou 'n soort kalm, standvastige waardigheid uitstraal, bestaan die gebou by nadere ontleding uit 'n verskeidenheid van bou-elemente uit verskillende tydperke, wat op skilderagtige wyse bymekaar gevoeg is (kyk Fig. 5.23). Oorwegend egter, is die Romaanse element van oordekte kloostergange en swaar verhoudings. Eagle vertolk dit verder op die 'Arts & Crafts'-manier van sy geboorteland, met verskillende gewelvorme, swaar steunbere, korbele, sponningsboë en gekapte klip-muurafwerking.Die openinge in die vorm van serlianas op die gewels (hier neig hy na die Renaissance) is lomp in verhouding. Hierdie prentjie voltooi hy met 'n rooi kleiteël-dak wat ongelukkig in die jare twintig deur 'n haelstorm verwoes is en vervang is met die huidige leiteëldak (Pretorius 1983:38). Beide hierdie afwerkings is ook in pas met die 'Arts & Crafts'-gedagte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Fig.5.24: 'Arts Block': Detail Dakkonstruksie.
(TABA 2 /1556 (1-84) ).Snitte is gekies en gepresenteer volgens die voorbeeld van Belcher, (kyk Fig.5.25).





Fig.5.25: Detailsnit uit Belcher: *Later Renaissance architecture in England* 1891 (kyk 5.5). Dit lyk waarskynlik dat Eagle hierdie boek uit die boekery as voorbeeld gebruik het .




Fig. 5.26: 'Science Block': ook deur Eagle, in die gesamentlike begroting en duidelik die kleiner deel daarvan. 1910 geteken. (TABA 2/1557 (4) ).




Fig.5.27: 'Arts Block' ; detail binne-beplanning.(TABA 2/1556: 1-84) Hierdie is een van vele grootskaalse detailaansigte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Fig. 5.28: 'Arts Block': Detail binne-beplanning
(TABA 2/1566 (1-84) ).

## 5.7.3.6 'BOYS HIGH SCHOOL'. (1909) (AANVANKLIK 'PRETORIA COLLEGE' GENOEM)

Die 'Boys High School' word in 1901 in die 'Staats Modelschool' gestig, met mnr. C. D. Hope as hoof. Mnr. H.W. Atkinson volg hom in 1902 op as hoof. Nadat sy opvolger, mnr. J.F. Acheson in 1905 die leisels by hom oorgeneem het, begin besprekings vir die nuwe gebou se planne, eers met Tyrwhitt, en later met Patrick Eagle van die 'Public Works Department', aangesien die 'Staats Modelschoolgebou gou te klein was. Tradisioneel was daar ook nie ruimte gelaat vir sportgronde by Z.A.R.-skole nie, omdat gimnastiek as voldoende liggaamlike opvoeding beskou is en in die leerplan ingesluit was. In die nuwe Britse stelsel was 'n skool sonder sportvelde as onaanvaarbaar gesien, en 'n nuwe, groter terrein moes dus bekom word.

Dit wil voorkom asof die bou van hierdie spogskool vir driehonderd seuns 'n belangrike projek in die Departement was, want daar word duidelik heelwat tyd daaraan afgestaan, en dit is opvallend dat Eagle blykbaar ook nie aan bande gelê word wat begroting aanbetref nie. In 'n brief van die 'Colonial Secretary', Jan Smuts, gedateer 19 Junie 1907, word die rojale begroting van £ 32 000 toegestaan, met dien verstande dat 'n soort van post-matriek aangebied sal word in die skool. Hierdeur kon die bou van 'n universiteit vireers uitgestel word. Uiteindelik was die boukoste volgens die huidige skoolargivaris mnr. Wilken, omtrent £ 46 000. Die hoeksteen is op 11 Julie 1908 deur die goewerneur, Graaf

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Selborne gelê, en die gebou is in 1909 in gebruik geneem (Engelbrecht 1955:225). Die post-matriek is nooit aangebied nie, aangesien daar van die begin af te veel skoliere ingeskryf het om dit toe te laat.





Fig. 5.29: Die oorspronklike terreinplan, soos aangebied in die skoolprospektus, 1909. Dit is insiggewend dat die plan geteken is met die noordpunt wat na onder wys. Die skaal dui Kaapse voet in terme van Engelse duim aan.

Dit is duidelik dat hierdie geboue nie bestem was as 'n deursnee-skool, soos die 'type-schools' wat reeds bespreek is nie, maar as 'n skool vir seuns van vooraanstaande ouers, op die Britse lees van skole soos Eton geskoei. Die skool het dan ook uitgebreide gronde, 'n deel van die oorspronklike plaas Elandspoort, reg langs die Universiteitsgronde. Die grond vir hierdie skool, 'n meisieskool ('Girls High School') en die 'Transvaal University College', is almal op dieselfde plaasdeel, geskenk deur H.Struben, op voorwaarde dat hierdie drie instellings tweetalig sou wees. 'Boys High' was tot in 1925 amptelik tweetalig.

Die argitek plaas die geboue teen die noordelike hang van die Waterkloofheuwel, met 'n beduidende uitsig in daardie rigting. Miskien het Milner/Baker se Imperiale noordwaartse toekomsblik hier 'n invloed gehad, met die eerste universiteitsgeboue, wat toe reeds beplan was, in die uitsig ingesluit. Dit lyk in elk geval asof die grootliks noordelike oriëntasie nie 'n klimaatsoorweging was nie, maar 'toevallig' gebeur het, saam met die ligging van die heuwel. In die koshuisuitleg is oriëntasie duidelik nie juis in ag geneem nie.

Nog 'n beduidende feit van die eerste uitleg (kyk terreinplan, Fig.5.29) is die lukrake plasing van die sportvelde, kombuistuin en geboue ten opsigte van mekaar.




Fig. 5.30: 'Boys High' vandag : die hoofgebou. Foto: Outeur.

Interessant genoeg, gebruik Eagle hier die rooi siersteen (in Engelse verband) en geel sandsteen-kombinasie wat die Z.A.R. vroeër as handelsmerk gehad het, maar met 'n rooi/grys skalie plint wat op vensterbankhoogte eindig, en 'n rooi kleiteël-koepel oor die hoofingang. Eagle kòn hier moontlik bewustelik besig gewees het om 'n poging aan te wend tot visuele versoening tussen die twee kulture, om die aanvanklike tweetaligheid van die skool uit te beeld deur middel van sy materiaalgebruik. Die koepel se teëls is in later jare na 'n haelstorm met grys leiteëls vervang. Die duidelike reghoekige hoofmassa van die hoofingang herinner sterk aan die Von Brandisplein-hooggeregshof, en die terugwykende kurwe en simmetrie van die hoofgebou roep die Uniegebou se ontwerp voor die gees. Die planvorm van die skoolgebou herinner sterk aan die sogenaamde 'Butterfly-plan' van die Britse 'Arts & Crafts.'

Die geheel bly uitgesproke Engels in karakter, met iets van Robert Adam (1728-1792) se neo-Palladianisme in die middeldeel van die hoofgebou, en 'n herhaalde palladiaanse

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Fig. 5.31: Hoofgebou: grondvloerplan. Oorspronklike uitleg.





Fig. 5.32: Hoofgebou : eerstevloer plan . Oorspronklike uitleg.

venstermotief (kyk Fig.5.30). In die vleuels kom 'n vermenging van Barok- en Renaissance-elemente met tipies-Engelse erkers voor. Die sandsteendetails soos die balustrades en kapitele is dikwels rudimentêr, in vormgewing sowel as detail. Die sandsteen, soos die gevormde wigstene in die boë, eindig dikwels vlak met die baksteenwerk. So is die vensterbanke byvoorbeeld ook nie van die nodige drup voorsien nie. Alleen die heel smalste venstertjies is van aparte sandsteenlysies voorsien, hier met gestileerde 'Secession' atlante, wat by die groter vensters op die hooffasade onder 'n deurlopende lysie gebruik word, maar dan minder gestileerd. Die vreemde skerp hoek van die timpane maak eers sin wanneer dit vergelyk word met die eindgewels aan die hoofgebou, wat dieselfde helling het. Daar is 'n argitektoniese verwysing na Tyrwhitt se 'New Lunatic Asylum' en die waarskynlike gesamentlike voorbeeld deur Lethaby (kyk Fig. 5.22).

Agter hierdie vleuels, is daar twee binnehowe met 'n kloosteragtige, rustige atmosfeer (kyk Fig.5.33) wat 'n belangrike onderdeel van die gebou uitmaak en oorspronklik toegang verleen het tot die skoolsaal (kyk Fig.5.34), wat helaas afgebreek is in 'n poging tot vooruitgang. Hier in die binnehowe en agter die hooffasade, verval Eagle in 'n huislike, 'Arts& Crafts'-styl (kyk Fig.5.35). Die oordekte loopgang om die binnehof word begrens deur 'n arkade van die rofgekapte, maar reghoekige skalieklip van die plint. Die eenvoudige endgewel met swaairame aan die agterste vleuel, versterk hierdie indruk. Die gebruik van sandsteen is ook beperk tot 'n deklys en vier wigstene om 'n luginlaat. Die saal was volgens foto's in die skool se eie argief, oordek met 'n tonnelgewelf en was as sodanig 'n besondere stuk skoolargitektuur (Fig.5.34).




Fig. 5.33: Die binnehowe by 'Boys High': kloostergange in gekapte klip. Foto: Outeur, 1999.




Fig. 5.34: Foto vanaf die oostekant geneem in die oorspronklike skoolsaal: 'Boys High', Pretoria. (Foto: Skoolargief).



Fig.5.35: Oostelike gewel van die agterste (suide-) vleuel van die hoofgebou verskil totaal in karakter van die noordelike vleuel. Foto:Outeur, 1999.

Ons het hier met 'n argitektoniese teenstelling te doen. Aangesien die ingang en fasade sterk simmetries om 'n as beplan is, sou dit logies wees om die saal te swaai sodat die hoofingang van die saal vanuit die portaal is, en die saal van die agterkant af binnekom. Plangewys sou 'n mens logieserwys ook die kleedkamers en trappe nader aan die ingangsportaal soek, òm dieselfde as gerangskik, met die klaskamers verder weg.

Nog 'n teenstelling word gevind wanneer die ou biblioteek van binne, en dan van buite, bestudeer word. Hierdie ruimte is oordek met 'n tonnelgewelf (binne) wat 'n baie aangename ruimte skep. Van buite sien 'n mens egter die hoofkoepel met klein koepels daarnaas.




Fig.5.36: 'Rissik House', een van die twee oorspronklike koshuise (uit skoolprospektus 1909).

Aan weerskante van die hoofgebou, is die eerste twee koshuise, 'Rissik House' (vernoem na Johann Rissik, 1857 -1925) en 'Solomon House', wat uit dieselfde materiale gebou is, maar eenvoudiger in detail, en gevolglik meer huislik in karakter is. Eagle gebruik hier in 'Boys High' ook slegs die swaairaamvensters met klein ruitverdelings van die Britse 'Arts & Crafts'-beweging. Die meeste van die oorspronklike houtvensters is later vervang met staalrame in 'n hout-subraam. Die oorwegend- Engelse inslag van die geboue is ook duidelik wanneer die oorvloed van prominente skoorstene beskou word. Die koshuise is dubbelverdieping-strukture, wat, gesien die grootte van die terrein, moeilik verantwoordbaar lyk, maar moontlik gedoen is om die geboue meer opvallend en imposant te maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Fig.5.37: Plan van die oorspronklike twee koshuise. (Skoolprospektus 1909).

By die aankoms van 'n nuwe leerling by hierdie skool, sou hy dadelik verdwerg voel deur die fasade van die hoofgebou, wat gelig is bo die plaveiselvlak en redelik onverbiddelik bo hom uittroon. Wanneer so 'n kind die moed bymekaar geskraap het om teen die graniettrappies op te klim en deur die poort van dubbele Tuskaanse kolomme onder die swaar Palladiaanse fronton te loop, het hy hom deur die voordeur in 'n kleinerige, skemer voorportaal met lae plafon begewe, waarvan die enigste natuurlike beligting, die twee klein venstertjies aan weerskante van die voordeur is. Hierdie vensters bevat die skoolwapen in loodglas, en kan dus nie oopmaak nie.

Hiervandaan was daar twee uitweë, na een van die twee gange aan weerskante van die portaal, of vooruit, met trappies op, na die deure wat sou lei na die sy-ingang van die saal. Die gange se plafonne is, vreemd genoeg, hoër as die van die voorportaal, maar smal, sodat leerlinge in groepe nooit hier sou draal nie. Ruimtelike verligting is in sig, waar die buitedeur aan die einde van hierdie gang lei na die oordekte suilegang rondom die binnehof, wat werklik 'n aangename ruimte is en vroeër, voor verbouings, waarskynlik menige seun laat talm het.

Die saal kon vanaf die westelike binnehof, deur 'n enkele, ongemaklik geplaasde deur bereik word, of deur die deure in die voorportaal, wat op 'n uiters ondienlike plek, aan die kant van die saal binnegekom het. Van die bestaande foto's in die 'Boys High' argief, is dit duidelik dat hierdie saal 'n baie aangename, intieme atmosfeer gehad het (kyk Fig.

5.34). Hierdie ruimte onder die tonnelgewelf sou seker 'n sterk eenheidsgevoel kon aanwakker en 'n nuwe leerling soos een van die span laat voel.

Dit is duidelik dat hier op 'n ietwat onnadenkende wyse omgegaan is met beskikbare ruimte. Meer kreatiewe ruimtegebruik kon die belewenisvlak van gebruikers verryk het.

### 5.7.4 SAMEVATTING.

Wanneer daar samevattend na hierdie groep geboue gekyk word, is die deurlopende gebruik van Engelse boupatrone opvallend, van die tipe-poskantore en –skole tot die meer inspirerende werk aan die einde van die dekade. Die begrotings is ooglopend ruimer en die opdragte meer besielend ná 1905, maar geen nuwe argitektoniese interpretasie vloei daaruit voort nie.

## 5.8 DIE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT BEDRYFSINGESTELDHEID.

Die afleiding van die Departement se oogmerke met betrekking tot bedryfsingesteldheid en kultuurstelling word gedoen volgens die ikonologiese (simboliese) vertolkingsmetode uiteengesit in 1.2.

Die 'Public Works Department' is van meet af aan duidelik gestruktureer met 'n helder militaristiese/administratiewe struktuur, terwyl die kolonie opgedeel is in bepaalde distrikte met funksionele distrikskantore.

Brittanje was in hierdie era van om en by 1900 'n militêr-georiënteerde nasie. Die feit word weerspieël in die opstel van die 'Public Works Department' Die 'Director of Public Works' wat in essensie die hoof is van die Departement en verantwoordelik is vir die administrasie, word uit die militêre geledere aangestel. Die eerste 'Director' is H. Fowke, Lieut-Colonel R.E. (PWD 324 CA 239/03). Hy stel in 1903 Captain R.N. Harvey, D.S.O., R.E. aan as sy sekretaris, (PWD 87 2660/03) en hy word later deur hom opgevolg. Dit is betekenisvol, dat hierdie pos met ander woorde nie toevertrou is aan iemand in 'n bouprofessie nie. Dit wil dus voorkom asof die hoofdoel van die Departement, veral in die oë van die Britse regering, was om as gladwerkende, funksionele eenheid diens te doen en die kolonie so

gou doenlik van die nodige geboufasiliteite te voorsien.

Die stelle administratiewe reëls wat opgestel is, was nie plaaslik opgestel nie, maar was afkomstig van die koloniale topstruktuur in Brittanje. Dit is duidelik dat hierdie reëling om praktiese redes ingestel is, aangesien reëls in al die Britse kolonies identies was, wat verplasing van amptenare minder ontwrigtend sou maak. Dit spreek vanself, dat die sentrale bestuur van die kolonies ook baat sou vind by hierdie eenvormige stelsel.

In die tekenkantoor moes die 'General Instructions for the Preparation of Designs and Plans' (PWD 458 23/03 XV) as maatstaf gebruik word. Behalwe die tekenreëls wat hoofsaaklik gemik was op tydbesparing en koste-effektiwiteit, is patroonboeke, soos die '*War Office Pattern Book Nr. 2*' (kyk 5.5) gebruik vir die standaardisasie van details en die spesifikasie daarvan. Hierdie is 'n duidelike kostebesparende maatreël, wat nie net ontwerp- en tekentyd spaar nie, maar massaproduksie van gespesifiseerde items in die hand werk en ook die oprigting, onderhoud en sloping van (standaard-) geboue versnel.




Fig.5.38: 'House Type B' Bevan hoofargitek.




Fig.5.39: 'House Type F' Eagle hoofargitek. Oriëntasie is in hierdie huise totaal onbelangrik.

Standaardisasie van geboue was dus die volgende stap in die koste- en tydbesparingsproses. Huise, skole en hospitale word byvoorbeeld volgens grootte en koste in 'Tipes' verdeel. Hierdie proses is klaarblyklik baie belangrik geag.Standaardisasie van funksionele en goedkoop geboue gaan saam met standaardisasie van mense se funksies

en voorsiening van goedkoper arbeid. Die Direkteur van Onderwys, J.L.Adamson, getuig op 28 Februarie 1907 in gloeiende terme in 'n brief aan die 'Royal Institute of British Architects' (R.I.B.A.:NOO4132), aangaande Tyrwhitt se bydrae om skole in die Transvaal te standaardiseer. Hy noem daarby 'n besparing van soveel as vyftig persent in oprigtingskoste.

Spesialisasie van beroep is 'n verdere ontwikkeling van hierdie tydvak. Om die bouproses so goedkoop as moontlik te maak, word daar van meet af aan met die opstel van die Departement, 'n bourekenaarsafdeling ingestel. Hierdie nuwe beroep was in daardie stadium selfs in Brittanje nog deur argitekte beoefen wat in die rigting wou spesialiseer. Teen 1905 word die lys van bouwerk wat departementeel gedoen is, ook nie meer soos in vorige jare deur die 'Superintending Government Architect' opgestel nie, maar deur die 'Chief Building Engineer'. Die meer praktiese, struktuurgerigte deel van die bouproses word algaande meer in die domein van die 'Building Engineers' geplaas en die argitek se rol word mettertyd heelwat verskraal.

## 5.9 DIE DEPARTEMENT SE OOGMERKE MET BETREKKING TOT KULTUURSTELLING.

Baker se raad van 1901 aan lord Milner het daarvoor gesorg dat jong, begaafde ontwerpers van privaatfirmas soos hyself, die voorreg gehad het om die kultuurstelling van die Britse Imperiale regering uit te beeld wanneer hulle aangestel is om die room van die departementele opdragte uit te voer. Baker was saam met Lionel Hitchens, die 'Colonial Treasurer', deel van Milner se 'Kindergarten' by Stonehouse en het lewenslank met hom vriende gebly (Keath 1992:119). Hy was dus nie so gebonde aan begrotings as die ander argitekte nie en kon sy besondere gawe om simbolies betekenisvolle argitektuur in moeilike politieke situasies te skep, ten volle uitleef in projekte soos die 'Government House' (voltooi in 1906). Hy kon selfs voldoen aan sy 'Arts & Crafts'-ingesteldheid, deur gepaste meubels te ontwerp en te laat maak (Keath 1992:119) waardeur die beoogde beeld oorgedra kon word aan besoekers aan die Goewerneur se woning.

Die Departement se eie argitekte het aanvanklik net die heel pragmatiese afdeling van gebruiksargitektuur gehanteer. Die gevolg van argitektuur wat alleen afgestem is op die funksionele aspek van die samelewing, word hier duidelik in die Departement wat 'n

tegniese afdeling word wat net koste-effektiewe argitektuur vir funksionele en administratiewe funksies veskaf. Die argitektuur word weldra 'n byna ondergeskikte neweproduk van die bedryfsaspek, en ontwerpverskraling tree gevolglik in. Hierdie ontwerpverskynsel is waarskynlik 'n gevolg van die tipiese Victoriaanse dualiteit in die destydse Britse samelewing. Volgens Gramsci (1996 Vol.II:262) was die hoogste opvoedkundige strewe van die Britse skole vòòr die Eerste Wêreldoorlog, die vorming van 'gentlemen' wat goedgebalanseerde, besadigde mans moes wees met uiterste selfbeheersing, sedelike volharding en dissipline, wat hulle self tot die beskikking van die gemeenskap stel.'*English education aimed not so much at cultivating the mind, as at enriching it with wide knowledge,as at developing character, at preparing an aristocratic class whose moral superiority was instinctively recognised and accepted by those of lower rank. Higher university education.......was reserved for the sons of the great aristocratic or wealthy families......The great majority, had to content themselves with an education that, though undoubtedly good, was primarily technical and vocational and prepared them for those nonmanagerial jobs.......in industry,commerce and public administration*' (Gramsci 1996 Vol.II:262). Volgens hierdie beginsel is Baker en die 'Kindergarten' gereken as 'gentlemen' terwyl die staatsargitekte deel van die massa was, wat vir die massa moes bou, en daarom van massavervaardiging en tipe-argitektuur gebruik moes maak. Daar was nie 'n enkele man van aristokratiese afkoms by die 'Public Works Department' werksaam nie.

Dit volg daarom ook dat die argitekte meer ontwerpvryheid begin geniet nà 1905 en die vertrek van Milner uit die Transvaal (kyk 5.1.2). Vanaf 1906 word groter projekte aan die Departement toevertrou. Aanvanklik, soos by die 'Lunatic Asylum'-(Tyrwhitt) word suiwer Britse patrone gebruik, maar later, nader aan Uniewording, veroorloof Eagle homself groter vryhede, ook met aansporing van leiers soos J.C. Smuts wat klipafwerking vir die 'Arts-Block' vereis het (LD 777 2505/09) en raak in die proses meer kontekstueel.

Hoewel die begrip *lewensikluskoste* destyds nog onbekend was, is die geboue ontwerp om redelik lank te hou en onderhoudskoste gevolglik laag te hou.




Fig. 5.40: 'Government House', Pretoria: Herbert Baker. ('Blue Book Report' PWD 480).

## 5.10 SAMEVATTING.

Die gestelde hipotese, dat die Brits-koloniale siening die bepalende kriteria stel en dan gaandeweg deur persoonlike inisiatiewe verryk word, is korrek bevind. Die Britse Imperiale regering stel vir die koloniale departemente 'n bedryfspatroon vas wat die ingesteldheid aanvanklik bepaal. Wat kultuurstelling aanbetref, was Milner, wat die Brits-koloniale regering se verteenwoordiger was, daarvoor verantwoordelik dat die Departement nie die geleentheid daartoe sou kry nie. Nà sy vertrek het die Departement se argitekte wel groter vryheid begin geniet, maar die tydperk tot Uniewording was waarskynlik te kort om tot volle wasdom te kom.

Die administratiewe benadering het 'n blywende impak op die Departement Openbare Werke gehad.

# HOOFSTUK 6: VERGELYKING VAN DIE BYDRAE VAN DIE VROEë NEDERLANDSE EN BRITSE ARGITEKTE IN TRANSVAAL SE OPENBARE ARGITEKTUUR.

## 6.1 INLEIDING.

'Om 'n vergelyking te tref tussen die bydraes wat die Nederlandse en Britse werke-departemente ten opsigte van kultuurstelling en bedryfsingesteldheid gemaak het', is die subprobleem wat in hierdie hoofstuk uiteengesit word. Die gestelde hipotese lui: 'Wierda se Departement het 'n Europese argitektuur en -stedebou in Pretoria geïnisieer. In die Britse era is dit grotendeels vervang deur die Britte se koloniale administrasiestyl.'

## 6.2 DIE ROL VAN DIE HOOFARGITEK IN DIE 'PUBLIEKE WERKEN' DEPARTEMENT GESIEN TEENOOR DIE ROL VAN DIE HOOFARGITEKTE IN DIE 'PUBLIC WORKS DEPARTMENT'.

Die verskil in die twee Departemente word in der waarheid verpersoonlik deur die rolle wat die hoofargitekte daarin vertolk het.

Wierda, as hoofargitek van die 'Publieke Werken' Departement was die beleidmaker en onbetwiste artistieke, administratiewe en opvoedkundige leiersfiguur in sy Departement, wat alle aspekte van die bouproses, bou- en onderhoudskoste ingesluit, beheer het. As sodanig het hy as 'Gouvernements Ingenieur en Architect' 'n onmiskenbare stempel afgedruk op die werk wat in die 'Publieke Werken' gedoen is. Hy stel byvoorbeeld die Noord-Europese baksteentradisie in Pretoria bekend, wat as gevolg van genoeg, geskikte klei vir siersteen, vandag nog voortbestaan. Sy insette het aan die 'Publieke Werken' Departement 'n leierskapsrol in argitektuur, stadsbeplanning en ingenieurswese besorg. Dit het ook nie net vir ontwerp gegeld nie, maar vir spesifikasie, kontrakadministrasie en tegnologiese ontwikkeling (Holm 1998:66). Hy was argitek, stadsontwerper, ingenieur, bourekenaar en projekbestuurder in een persoon.

In die Britse 'Public Works Department' is die hoofargitek nie toegelaat om beleidmakend op te tree nie, en hy word dus 'n beleiduitvoerder wat aan 'n streng administratiewe stelsel

onderhorig is. Die spesialisasie-beleid veroorsaak boonop dat sy taak verskraal word tot 'n ontwerper van nutsgeboue, wat geen beheer het oor koste of die uitvoering van bouwerk nie. Die ingenieurs-, bourekenaars- en opleidingsfunksies word die argitek ontneem en aan ander persone toegeken. Streng teken- en ontwerpreëls ontneem die hoofargitek verder van inisiatief en stel as't ware 'n koloniale patroon van bouwerk vas. Wanneer Eagle teen die einde van die koloniale tydperk wel ontwerpgeleenthede kry, is hy nog deurdrenk van suiwer Britse boupatrone en ingesteldhede.

## 6.3 DIE BEDRYFSTELSEL VAN DIE TWEE DEPARTEMENTE TEENOOR MEKAAR GESTEL.

Die bedryfstelsel van die twee Departemente het wesenlik van mekaar verskil. Wierda se Departement het op die manier van 'n individualistiese, Europese studio met 'n artistieke leiersfiguur gefunksioneer, terwyl die 'Department of Works' die destyds kontemporêre industriële produksielyn wat op standaardisasie en herhaling gebaseer is, in Brits-koloniale argitektuur verwesenlik het.

Wierda se stelsel van totale 'maestro' was waarskynlik slegs moontlik in die redelik beperkte omvang van die 'Publieke Werken' se sober begroting. Dit was wel moontlik om stedebou en argitektuur van gehalte daar te stel deur kontekstueel en individueel te ontwerp, maar hierdie proses sou baie jare neem om te voltooi. Waar hy wel moes delegeer (byvoorbeeld Artilleriery) vind 'n afname in gehalte plaas.

Daarenteen verskaf die gladwerkende, funksionele Brits-koloniale Departement die Transvaal in die minimum-tyd met die nodige geboue teen die minimum kapitaalkoste. Dit sluit standaardisasie van die stelsel, sowel as die produk en selfs die 'mensmateriaal' in en dit is duidelik dat die hoofoorweging hier nie soseer die estetiese oorwegings is nie. In stedelike verband kom hierdie geboue dikwels konteksloos voor, aangesien elke gebou nie ontwerp is volgens die terrein waarop dit staan nie.

Die verskil in opleiding van tekenpersoneel is aansienlik, aangesien Wierda seker maak dat hy met 'n homogeen-opgeleide personeel werk, terwyl die Britte van 'n wye verskeidenheid opleidingsagtergronde afkomstig is (kyk 5.6). 'n Sprekende voorbeeld hiervan is Ernest Thomas, wat ten spyte van 'n lang opleiding net aangestel word as

natrekker (kyk 5.6). Uit hierdie verskeidenheid, word argitekte, bourekenaars, en ingenieurs aangestel. Dit lyk asof die omlyning van die verskillende beroepe miskien ook nog baie vaag was en kon probleme skep; Harry Belljohn wat oorspronklik aangestel is as bourekenaar, is byvoorbeeld in Brittanje opgelei as argitek en sluit sy loopbaan af as 'Chief Engineer, Public Works Department' in 1929 (kyk 5.6).

Verder is die verskil in beskikbare hulpbronne van mannekrag, geld en materiaal opvallend. In albei departemente speel vroulike of swart personeel geen rol nie.

## 6.4 DIE INVLOED VAN DIE KULTUURSTELLING OP DIE DEPARTEMENTE SE WERKVERRIGTING.

Die Z.A.R.-argitekte was deur Wierda self opgelei en geskool om hulle gesamentlike kultuurstelling te implementeer binne die gegewe begroting. Die 'Public Works' het met die definisie van die rol van die argitek wat binne die Departement vir hulle bestaan het, 'n stelsel geskep wat hulle gepootjie, en aan bande gelê het. Die gehalte van hulle opleiding het dus nie werklik meer 'n rol vervul nie.

Deurdat kreatiwiteit deurentyd aan bande gelê is, het die werklike knap ontwerpers soos Tyrwhitt, Oman en Morris gou elders 'n heenkome gesoek om hulle talente uit te lewe. Die stelsel het dus die minder kreatiewe argitekte aangemoedig om aan te bly in die Departement en outomatiese bevordering af te wag. Ook die aktiwiteitsveld van stadsontwerp het afgesterf.

Dit word ook duidelik uit die voorbeeld van die 'Public Works Department', dat wanneer die kultuurmissie van die ontwerper ontneem word, daar outomaties meer klem gelê word op die bedryfsingesteldheid van so 'n instelling. Die bedryfsingesteldheid word dus die enigste dryfveer en die rigtings soos administratiewe bestuurders, lynfunksie-ingenieurs, bourekenaars en klerke belewe 'n bloeitydperk.

## 6.5 DIE INVLOED VAN KLASSEBEWUSSYN OP KULTUURSTELLING AS VOLKSERFENIS.

Voor die Anglo-Boereoorlog het die argitektuur van elke gebou wat deur die staatsargitekte ontwerp is, 'n deel van die kultuurstelling van die volk uitgemaak. Elkeen van hierdie geboue is ook deur Wierda en sy span ontwerp om 'n integrerende waardigheid te hê.

Nie 'n enkele persoon is uitgesluit uit hierdie kultuurstelling nie: Paul Kruger, die Staatspresident, het tussen sy mense gewoon, in 'n eenvoudige huis en gewone straat. In Artilleriery, was kommandant, offisiere en onderoffisiere se huise in dieselfde ry, met huise gebou op een patroon en as deel van die kultuurstelling van die staat met 'n eie waardigheid. Waar skole soos die Staatsmodelskool deel van 'n volk se kultuurstelling uitmaak, word die kinders wat daar skoolgaan outomaties dienooreenkomstig beïnvloed. Met kolonisasie is die Britse klassestruktuur in 'n mate oorgedra na die kolonies. Herbert Baker se raad aan Milner het veroorsaak dat daar 'n nog wyer gaping tussen verskillende tipes mense sou kom. Die Goewerneur se huis is deur Baker ontwerp, en vorm as sodanig deel van die kultuurstelling van die koloniale regering. Die hoë amptenare se huise is vir hulle ontwerp in die voorstad Brynterion. Mettertyd kon hulle kinders skoolgaan in 'Boys High' of 'Girls High' skole. Gewone mense het in tipe-huise gewoon en in tipe-skole skoolgegaan. Die breë bevolking word op hierdie manier dus uitgesluit van die kultuurstelling. Dit strook met die dualiteit van die Britse opvoedingsmetodes soos gemik op verskillende sosiale klasse, uiteengesit deur Gramsci (1996:262) en aangehaal in 5.9.

Die Britse Cambridge/Eton-klas wat argitektuur as stokperdjie bedryf het as 'enlightened amateur', na 'n uitgebreide Italiaanse reis en gewoonlik nie die inkomste nodig gehad het nie, het dus die taak van die Britse koloniale kultuurstelling in die breë as taak gesien, (byvoorbeeld ook in Indië: Lutyens en Baker) omdat die aristokrasie gewoon nie op 'n ander vlak gedink het nie.

Wierda verteenwoordig aan die ander kant die interne Europese opleiding wat nader aan die bedryf staan en waar argitekte tot vandag dikwels ook bekwame ambagspersone is, omdat dit in hulle opleiding vereis word. Dit veroorsaak dat hy sonder strak bouverordeninge en professionele liggame kon werk.

## 6.6 'n VERGELYKING VAN HOE KULTUURSTELLING BESLAG GEGEE HET AAN VORMTAAL IN DIE TWEE DEPARTEMENTE.

Die Z.A.R. se kultuurmissie het 'n leidende en deurslaggewende rol gespeel in die ontwerpe wat deur die argitekte van die Departement gedoen is. Die pragmatiese aspekte van argitektuur is nie verwaarloos nie, maar is dienend by hierdie missie geïntegreer.

Wierda skep 'n doelbewuste sterk, standvastige en trotse argitektuur wat wanneer dit verteenwoordigend is van die staat, simmetries daar uitsien, in bewuste teenstelling met die sagte, asimmetriese Victoriaanse argitektuur van dieselfde periode. Amper sonder uitsondering, word die ryk rooi plaaslike Kirkness-baksteenfasades gebruik, afgewissel met sandsteen- en pleisterbande, -kroonlyste, -vensteromrandings, en -pilasters. Uitdruklike kroonlyste en sierlike daklyne met ventilators is ook kenmerkend. Die belangrikste kenmerk bly egter, dat elke skynbaar onbenullige geboutjie in sy eie reg ontwerp is om sy uiteindelike plek met waardigheid vol te staan as verteenwoordiger van die Z.A.R. Selfs die enkele gestandaardiseerde ontwerpe, Braamfontein- en Jeppestown poskantore, (kyk Fig. 3.44) verskil van mekaar in detailafwerking.

Die kenmerkende vyfdelige fasade-indeling, moet nooit as 'n blote oppervlakkige fasadebehandeling gelees word nie, aangesien aaneenskakeling van ruimtes in groepe volgens rangorde, uitdrukking vind in die volumetriese komposisie van die geboue. Hierdie sterk, formele aansigte met middelingang word gereserveer vir die verteenwoordigende staatsgeboue wat die beeld van die staat moes handhaaf, (Raadsaal, Paleis van Justisie, Artilleriekaserne). Soms word die vyfindeling ook gebruik by geboue soos die Staatsmodelskool, waar die afskaal van die middelgewel die gebou meer kinder-vriendelik maak. By nutsgeboue soos die Staatsdrukkery (oorspronklike sketsplanne, nie so gebou nie) (3.7.3.5) en poskantore soos genoemde Braamfontein- en Jeppestown poskantore word die toegangsdeur op die straathoek aangetref, waarskynlik om praktiese redes. Hierdie hoekingange vir nut stem ooreen met die ingange tot kommersiële geboue (en kroeë!) in die tydgenootlike Johannesburg.

In stedeboukundige verband, plaas Wierda die staat se belangrike geboue frontaal en sterk aksiaal op prominente plekke aan pleine of vistas. Hy volg 'n patroon van randbebouing (kyk 3.9.2) en sorg vir duidelike samehang in die uitleg van elke terrein. 'n

Goeie voorbeeld, is die plasing van die Staatsartilleriekaserne binne die bepaalde omgewingskonteks van die onmiddelike en wyer omgewing waarin dit ontwerp is. Van Rijsse gee hier duidelik uitdrukking aan die forse Z.A.R.-beeld in die geheeluitleg van die Staatsartillerieterrein en die geboue daarop, met uitsondering van die offisiershuise in Artilleriery, soos bespreek in 3.7.3.3.





Fig. 6.1: Terreinuitleg: Artillerieterrein (Van der Waal 1997), gedeelte van tekening. Noord bo.

In breër stadsverband gesien, het Wierda 'n definitiewe stedelike hiërargiese orde gebruik in die plasing van geboue (kyk Fig. 6.2). Die Staat se verteenwoordigende geboue (a,b) word in die stadskern geplaas, om Kerkplein. Wanneer daar nie meer ruimte is nie, word uitgebrei na die ruimte direk daaròm (Nieuwe Kantoorgebouw of Compol, in Pretoriusstraat skuins agter die Raadsaal: c). 'n Stadskaart van 1899, geteken deur J. van Oosten en J.H. Oerder (Engelbrecht 1952:42-Fig.6.2), toon duidelik die vanselfsprekende lintontwikkeling van handelsgeboue langs Kerkstraat, tussen Kerkplein en Markplein (d). Die Staatsmodelskool (e) word in Van der Waltstraat geplaas aan die verbindingsroete tussen die 'voorstede', (Sunnyside, Trevenna, Muckleneuk en Arcadia) met die 'Staatsmeisjesskool' (f) om die hoek in Visagiestraat. Die Artilleriekamp (g) was buite die dorp beplan, naas die vroeëre ou hospitaal. In Bosmanstraat vind ons die ou tronk (h) aan

die suide (kyk ook Fig.2.4) en die Staatsdrukkery (i) op die hoek met Vermeulenstraat, wat moontlik op 'n 'minder openbare' funksie vir daardie deel van die stad sou dui. Die Staatsgimnasium (j) was gelëe op die hoek van Bosman- en Proesstrate, en het gefront aan Proesstraat.Die gebou van die N.Z.A.S.M. was in Markstraat (nou Paul Krugerstraat) geleë, logieserwys tussen die stadskern en die stasie.





Fig. 6.2: 'n Gedeelte van die stadskaart van Pretoria geteken deur J. van Oosten en J.H. Oerder - 1899 (Engelbrecht 1952:42). Noord bo.

Aangesien die 'Public Works Department' aanvanklik slegs die tegniese afdeling van gebruiksargitektuur van die kolonie behartig het, was hulle minder ingestel op 'n bepaalde beeld vir die argitektuur van die Transvaal. Trou aan die ingesteldheid van die Britse kolonialiste, sou 'n Brits-koloniale beeld wat op al die kolonies van toepassing sou wees, in hierdie stadium ook meer waarskynlik wees as 'n nuwe aangepaste Transvaalse styl. Dit is ook belangrik om te onthou dat, alhoewel Eagle mettertyd meer vryheid en groter opdragte gekry het, hy waarskynlik nooit die opdrag ontvang het om 'Transvaals' te ontwerp nie. Vir iemand wat gewoond was aan die streng administratiewe stelsel wat die Britte daargestel het, sou dit moeilik wees om eensklaps 'n totale verandering in ingesteldheid te ondergaan.

Daarby moet onthou word dat hierdie mense afkomstig was van Brittanje, waar hulle aan die invloedsfeer van Victoriaanse ontwerp blootgestel was, wat wispelturigheid, (maar ook standaardisasie) aangemoedig het, selfs ten koste van die groter omgewingsbeeld (Holm 1998:64), sodat hulle waarskynlik minder ontvanklik ingestel was vir die stadsbeeld wat Wierda wou skep. Die 'Arts & Crafts' wat later duidelik uiting vind in Eagle se ontwerpe, is sterk ten gunste van individualisme in ontwerp. Wat vormgewing aanbetref, is die vooraansigte van die 'Transvaal University College', 'Boys High School', 'Girls High School' en die hoofgebou by Onderstepoort almal simmetries, maar as 'los' elemente in die landskap geplaas. Eersgenoemde twee ontwerpe is ook terugwykend in vorm, wat tradisioneel in argitektuur as 'sag' of 'vroulik' gesien word. Kaufmann (1966:58) noem hierdie tipe argitektuur 'The Frozen Baroque'. Terwyl die basiese argitektoniese sisteem behou word, '*The Frozen Baroque still involves Baroque composition with gradation, concatenation and integration as the main factors, but the components have lost their liveliness and expresiveness'...'it lacks Baroque flexibility but the concept of ruling and subordinate parts is still alive*' (Kaufmann 1966:54,58).

Een kultuurtrek wat telkens weer na vore kom in die werk van die Brits-koloniale argitekte, is die voorliefde vir die plasing van geboue teen die noordelike hang van koppies, met 'n onbeperkte noordwaartse uitsig wat die imperialistiese ideaal van 'Kaap tot Kaïro' verbeeld. Die geboue van 'Boys High' is 'n goeie voorbeeld hiervan, wat alhoewel teen die noordelike helling geplaas, nie noodwendig met die oog op 'n oorwegende noordelike oriëntasie ontwerp is nie. Nà die vertrek van Milner is Louis Botha verkies tot politieke leier in die Transvaal. In hierdie tyd het die gesamentlike Suid-Afrikaanse leiers 'n sterk

kulturele impak begin maak – wat die kolonialisme teengewerk het. As boukundige kultuurstelling wat hierdie tydperk afrond, word die Uniegebou in 1910, met twee torings wat die 'twee nasies' uitbeeld en teen 'n suidelike hang, met 'n blik oor die land, gebou. Dit is betekenisvol, aangesien een van twee terreine gekies moes word, en die ander teen 'n noordelike helling geleë was. Die 'Northwards'-missie het uitgewoed.

Eagle stel hom nie ten doel om 'n verteenwoordigende staatsargitektuur met 'n deurlopende uitkenbare beeld vir die 'Transvaal Colony' daar te stel nie. Die ideale stadsbeeld het vir die Britte ook anders daaruit gesien as die van die Z.A.R. Bloemfontein en Kaapstad is goeie voorbeelde van die tipiese 'gebou in 'n park' -benadering van die Britte in Suid-Afrika (Holm en Viljoen 1993:64). Hulle implementering van boulyne is die oorsaak van 'n toevallige kapitalistiese stadsbeeld met uitgestrekte voorstede wat tot vandag voortbestaan.

## 6.7 VERGELYKING VAN MATERIAALGEBRUIK AS DEEL VAN DIE KULTUURSTELLING VAN ELKE DEPARTEMENT.

By die Z.A.R. se geboue tref ons 'n definitiewe deurlopende patroon van materiaalgebruik aan. Dit wil voorkom asof Wierda deur die manier waarop die materiale ingespan is, die nut van die gebou wou beklemtoon. Terwyl hy in die geboue wat direk verteenwoordigend van die staat is, soos die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie, dus heelwat sandsteen in die fasades gebruik, vergroot die relatiewe baksteenverhouding namate die gebou 'n sterker gebruiksgerigte, en minder openbare funksie kry. Naas die gebruik van sandsteen om die gebruik van die hiërargie van die gebou te beklemtoon, was daar die voorgestelde beelde op die hoofgeboue op Kerkplein, wat nooit verwesenlik is nie.

Gemeet in terme van sandsteen: baksteen verhouding is die Staatsmodelskool (Fig.6.3) duidelik redelik belangrik, aangesien die middelste ingangsgeweltjie in geheel van sandsteen gebou is en die vensteropeninge met gevormde sandsteen tussenstyl en -kalf in kruisvensters verdeel is. Daarby is die buitehoeke ook van sandsteen en word die aansig verder in horisontale baksteenpanele verdeel deur sandsteenbande wat eindig in sluitstene bo die vensters, of buitehoeke; of wat as verlenging van die sandsteenkalf optree. Die duidelik-gevormde sandsteenvensterbanke met uitgesproke drup vorm nog 'n horisontale verdeling. Die borswerings is bedek deur 'n sandsteen dekklip met uitgesproke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dubbelhelling wat eindig in 'n sandsteen spitsversiering bo. Die sandsteengebruik in hierdie gebou dui duidelik aan dat die skool as 'n sierraad gesien is.




Fig.6.3: Staatsmodelskool, S.Wierda. Foto 1906. (TABA 615).

By die Staatsartilleriekaserne, wat beslis nie 'n onbelangrike gebou was nie, maar nie vir algemene publieke toegang bedoel is nie, is die hoeveelheid sandsteen wat gebruik is, betreklik minder en beperk tot 'n sandsteenpoort, -buitehoeke, enkele bande en sluitstene. Wanneer ons egter na 'n suiwer gebruiksgerigte gebou soos die Staatsdrukkery kyk ,val dit op dat die sandsteen beperk is tot net twee horisontale bande en sluitstene in die sponningboë,slegs op die straataansigte. Wierda maak net onder die dakrand gebruik van 'n baksteen kalfstandlys en -korbeel om die aansig verder te verlewendig. Spitsversierings en die borswering-dekklip is in beide die gevalle ook van sandsteen, alhoewel die spitsversiering by die Staatsdrukkery gekombineer is met terra-cotta (kyk 3.50).

Terwyl daar in die 'Publieke Werken' Departement deurlopend aan 'n duidelike boukundige beeld gewerk is wat telkens in dieselfde materiale uitdrukking vind, maar dan in verskillende verhoudings na aanleiding van die gebruik van die gebou, het dit nie by die 'Public Works Department' gebeur nie. Die argitekte daar was met 'n oormaat gebruiksgerigte werk toegegooi, wat minder stimulerend was. Wanneer hulle later wel blootgestel is aan groter uitdagings, vind daar 'n onseker dans tussen afwerkings plaas. 'n Mens kan ongelukkig ook nie hierdie soeke na die allerbeste afwerking toeskryf aan aanpassing by die omgewing of by naasliggende geboue nie, en moet dus tot die gevolgtrekking kom dat dit inkonsekwent van aard was - die gevolg van 'n modeneiging of gier. Die ondeurlopendheid van leierskap moes bepaald ook 'n rol gespeel het.

So vind ons byvoorbeeld die Militêre Klubgebou in rooi sandsteen, die Ou Lettere uit ruwe geel sandsteen, die witgepleisterde hoofgebou by Onderstepoort (1908), 'Boys High School' se rooi baksteen met geel sandsteenafwerking, die ou Transvaalse Tronk met ruwe klipfasade (1906) en die Von Brandisplein Hooggeregshof (1910/11) uit gladde sandsteen. Dit is waarskynlik dat die Britte nie wou voortbou op die patroon wat deur die Z.A.R. gestel is nie, maar dit is ook duidelik dat hulle self nie vir die 'Transvaal Colony' 'n duidelike boukundige beeld of rigting voor oë gehad het nie.




Fig.6.4: Ingang: 'Transvaal Central Prison',
argitek T.Tyrwhitt.
('Blue Book Report' PWD 480) 1906

Nog 'n redelike groot probleem is die swak detaillering van sandsteen wat voorkom in geboue soos dié by 'Boys High'. Ongelukkig bestaan daar nie meer volledige stelle werkstekeninge van enige van die geboue, om detaillering in na te gaan nie, maar op die tekeninge van die 'Arts Block' (Ou Lettere gebou), 'Science Block' (Ou Chemiegebou) en die geboue van die 'Lunatic Asylum' is daar telkens heelwat snitte wat die interieur aantoon, asook indrukwekkende detail-interieuruitlegtekeninge met talle grootskaalse details van houtwerk. Dit wil voorkom asof die detailwerk aan die buitekant dalk oorgelaat is aan òf die distriksingenieur se personeel wat moes toesig hou, òf selfs die bouer. Die uiteinde is sandsteen wat afskilfer as gevolg van swak detaillering. Elemente wat uitsteek

is nie voorsien van die nodige drup nie ('Boys High'), en versteekte waterafvoerpype wat bakgeute agter borsweringmure bedien, veroorsaak aansienlike waterskade.

In 'n 'General Regulations and Specification for the works proposed to be done in the erection of' (hier word die gebou se naam ingevul) word daar uiteengesit dat die kontrakteur alleen met die distriksingenieur skakel in verband met opdragte en/of probleme (PWD 119 5079/03). Hierdie uitskakeling van die ontwerper uit die bouproses sou uiteraard verreikende gevolge hê, aangesien die distriksingenieur op terrein verstellings kon aanbring. Dit moes demoraliserend ingewerk het op die 'Public Works' se argitekte. Wanneer 'n ontwerper nooit gevra word om self sy detailwerk op terrein uit te klaar nie, is die kans dat hy sal leer uit sy foute, ook maar skraal. Dit wil dus voorkom asof die stelsel hier die produk ondermyn het.

## 6.8 DIE WERKSOMGEWING WAT BINNE DIE TWEE DEPARTEMENTE GESKEP IS.

Wanneer die twee Departemente terugskouend aan die hand van oorgeblewe gegewens geanaliseer word, lyk die produk van Wierda se Departement op die oog af na 'n meer afgeronde resultaat uit 'n vergenoegde omgewing, terwyl 'n redelik onvolledige beeld van die koloniale tydperk dikwels nie daarin slaag nie.

Wierda se Departement het as 'n studio onder een meester gefunksioneer (kyk 6.3) en die tekenaars en agitekte was almal deur hom opgelei en was patrioties teenoor hulle aangenome land ingestel. As gevolg van behoudende gebruike en deeglike kantoorpraktyk, het 'n groot deel van die 'Publieke Werken' Departement se dokumentasie behoue gebly. Heelwat geboue, brûe en paaie se oorspronklike gedrukte, gebinde, bestek (spesifikasie) het behoue gebly, (kyk 3.7.3.1; 3.7.3.4 en 3.7.3.5) asook talle sketsplanne, werktekeninge en foto's uit die tydperk. In die 'Publieke Werken' se jaarverslae (kyk 3.7.1) het Wierda boonop volledige beskrywings van elke gebou wat in die Republiek opgerig is, ingesluit. Alhoewel daar dus gapings bestaan en inligting verlore gegaan het, is dit tog moontlik om die geheelbeeld af te lei.

Wat die koloniale tydperk aanbetref, wil dit voorkom asof die opdeel van die Departement in verskillende afdelings, die behoud van dokumentasie benadeel het. Administratiewe inligting bestaan nog in die argief, alhoewel dit redelik onvolledig is. Dit blyk dat die

argitekte in hulle nuwe rol of beroepsbegrensing hulle produksie beperk het tot bouplanne alleen, aangesien geen geskrewe nalatenskap gevind kon word nie. Die beeld van die Britse personeel in hierdie studie is grotendeels verkry uit inligting van die 'Royal Institute of British Architects'. Planne uit die eerste jare van hierdie bedeling het meestal verlore gegaan of is vaag en onvolledig. Geen hoeveelheidslys of beskrywings van geboue kon gevind word nie en die neem van foto's was blykbaar beperk tot projekfoto's vir die jaarlikse 'Blue Book', waarvan net een volledig in die Suid-Afrikaanse argief behoue gebly het. Een spesifikasie, 'n gestandardiseerde 'General Regulations and Specification', opgestel in 1903, is gevind. Mettertyd, kort voor Uniewording, het die gehalte van die tekeninge wat in die 'Department of Public Works' gedoen is, heelwat verbeter. Uitgebreide stelle werktekeninge sien die lig, wanneer groot projekte soos 'Transvaal University College' en 'Boys High School' aangepak word. Dit toon dat daar met groot toewyding aan hierdie tekeninge gewerk is. Ongelukkig is hierdie stelle vandag almal onvolledig en bly dikwels net die volskaalse details oor. Dit is dus moeilik om 'n geheelbeeld af te lei uit gegewens beskikbaar uit hierdie tien jaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6.9 SAMEVATTING.

Wierda se Departement het inderdaad 'n Europese argitektuur en -stedebou in Pretoria geïnisieer en begin kontekstualiseer, waarna die Britte dit grotendeels vervang het deur 'n Britse koloniale administrasiestyl. Die hipotese wat in 6.1 gestel is, is dus juis bevind.

Die oorblywende geboue van die Z.A.R. staan dus vandag as eilande in ons huidige stedeboukundige bestel en raamwerk van openbare werke wat blywend beïnvloed is deur die Britse koloniale opset.

# HOOFSAMEVATTING.

Die gestelde hipotese wat in **hoofstuk 2** behandel is, is bevestig, aangesien die Departement uit sowel administratiewe, as staatkundige en kultuurpolitieke behoefte ontstaan het. In **hoofstuk 3** is vasgestel dat Wierda as leier van die Departement, hom met die strewe van die Z.A.R. vereenselwig het. Hierna is bepaal dat die Departement voor die besetting (in die Anglo-Boereoorlog) reeds grootliks deur die oorlog gestrem is, en daarna tot niet gemaak is, waardeur die hipotese vir **hoofstuk 4** as juis bevind word. In **hoofstuk 5** word die gestelde hipotese beaam, naamlik dat die Brits-koloniale siening aanvanklik die bepalende kriteria stel, maar dan gaandeweg verryk word deur persoonlike inisiatiewe. Hierna volg 'n vergelyking tussen die bydraes van die Nederlandse en Britse werkedepartemente ten opsigte van kultuurstelling en bedryfsingesteldheid in **hoofstuk 6.** Die hipotese wat hier gestel is, naamlik dat Wierda se Departement 'n Europese argitektuur en –stedebou in Pretoria geïnisieer het, waarna dit in die Britse era grotendeels deur die Britte se koloniale administrasiestyl vervang is, word dus as juis bevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# GEVOLGTREKKING.

Die juistheid van die gestelde hipoteses word bevestig wanneer daar oorsigtelik na die ontwikkeling van die amptelike argitektuur vanaf 1877 tot in 1910 in die Transvaal gekyk word.

Die gepleisterde rousteen-grasdakgeboue wat as regeringsgeboue moes dien, was die enigste vorm van amptelike argitektuur in die Transvaal wat Wierda by sy aankoms in 1887 aangetref het. Hy het hom dit ten doel gestel om 'n gesofistikeerde stadsbeeld soos die negentiende-eeuse Berlyn vir die Z.A.R. te skep, tot opbou van die beeld van die plaaslike regering. Hy en sy kollegas het onverpoosd as landsburgers, vir twaalf jaar lank hierdie doel nagestreef, en so ver as wat dit in sy vermoë was, het hy dit vir die 'Zuid-Afrikaansche' Republiek en veral vir die hoofstad, Pretoria, vergestalt.

Daarenteen was die Britse argitekte wat in die 'Transvaal Colony' met minder beperkte middele werksaam was, onderworpe aan die streng militêr-administratiewe sisteem van die Britse Imperiale owerhede. Boonop het Milner die meer kreatiewe werk met kultuurpolitiese inslag aan privaatargitekte soos Baker toegesê. Wanneer die staatsargitekte naby Uniewording 'n geleentheid tot kultuurstelling gegun word, is die gevolg 'n vermenging van Britse style, omdat hierdie mense hulle identiteit as Britte nooit prysgegee het nie, en waarskynlik net nie gewoond was om vrylik eie inisiatief te neem nie. Tog is daar positiewe ontwikkeling teen die einde van hierdie tydperk.

'n Verandering in magspatroon veroorsaak gewoonlik 'n interessante argitektoniese neerslag, wat dan verdere ondersoek regverdig. In ons huidige politiese bestel is dit egter nog té vroeg vir beoordeling.

# AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE.

Die navorsing wat vir hierdie proefskrif gedoen is, het definitiewe leemtes in die beskikbare literatuur uitgewys.

- Die gebrek aan spesifieke monografieë wat handel oor die vroeëre Transvaalse argitekte en leke-argitekte verdien aandag.
- Die grondleggende argitekte van die Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat en Natal tot 1910.
- Die werk en ingesteldheid van die argitekte van die Departement Openbare Werke nà Uniewording, met argitekte soos Leith en Moerdijk, en laasgenoemde se stryd om nasionalisme in argitektuur, inbegrepe.
- Die afkoms en ontwikkeling van argitektuurfilosofie in die Transvaal gedurende die afgelope eeu, tot in 1994.
- Die nuwe amptelike departementele argitektuur sedert 1994.
- 'n Vergelykende studie van die bou-ekonomiese milieu in die onderhawige tydperke, wat die beskikbaarheid van boumateriale insluit.

LITERATUUR:

ALLEN, V. 1971. *Kruger's Pretoria: Buildings and personalities of the city in the nineteenth century.* Cape Town: A.A.Balkema.

ANONIEM. Die Hollanderkorps.1899. *Die Volksstem,* 15 September 1899.

ANONIEM. Mooi voorbeelde van groepsbewaring: Artilleriery nou Nasionale Monumente. 1976. *Restorica*, Augustus 1976, no.2:42-44.

ANONYMOUS. Achievement: The story of the Public Works Department. 1980. *Construction in South Africa,* August 1980, special supplement: 13-21.

ANONYMOUS. Architectural education. 1968. *Encyclopedia Brittanica,* vol.2:301.

ANONYMOUS. The South African Military College. 1942. *The Nongquai,* September 1942, vol. XXXIII, no. 9:953.

Association of Transvaal Architects. 1911. An Act. To provide for the Registration of Architects in the Union of South Africa. *The African Architect.* July 1911 :48-51.

BEARDSLEY, M.C. 1972. History of Aesthetics. *Encyclopedia of Philosophy,* vol.1:28. New York: Macmillan.

BELLWOOD, W.A. 1933.The South African Military College: a short synopsis of its history and activities. *The Nongquai,* February 1933, vol. XXIV, no. 2:115.

BEYERS, C.J. Redakteur. 1981. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol. IV. Durban: Butterworth.

BEYERS, C.J. Hoofredakteur, mederedakteur J.L. BASSON. 1987. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol. V. Johannesburg: Chris van Rensburg Publikasies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B.I.F.S.A. 2000. Ongepubliseerde verslag.

BöESEKEN, A.J. 1983. *Van oorloë en vrede: Onder die Suidersterre 1795-1910.* Kaapstad:Tafelberg.

COETZEE, A. *Sine Anno. Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936.* Afrikaanse Pers.

COETZEE, J.A. 1941. Republikanisme en konsiliasie in die Noorde. *In ons Republiek: Tweede Trek Reeks nr. X.* Redaksie J de W. Keijter, N. Diederichs, G. Cronjé, en P.Meyer. Bloemfontein: Nasionale Pers.

COMBRINCK, J. en SPIES J. 1994. *SARA Sakboek van Regte Afrikaans:* Tweede uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

COWIN, J.N. 1953. Address of the President. *South African Architectural Record,* June 1953:39,40.

DE JONG, R.C, G.M. VAN DER WAAL, D.H. HEYDENRYCH. 1988. *NZASM 100* Pretoria: Chris van Rensburg Publikasies.

DE KOCK, W.J. (tot 1970), D.W. KRUGER (sedert 1971) Redakteurs. 1972. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol. II. Kaapstad: Tafelberg.

DE VILLIERS, H.D.B. 1985. Die Johannesburgse Fort. *Restorica,* Oktober 1985, no.18:6,7.

EKSTEEN, L.C. Redakteur 1997. *Pharos Groot Woordeboek.* Veertiende uitgawe. Kaapstad: Pharos.

ENGELBRECHT, S.P. Redakteur. 1955. *Pretoria (1855- 1955) Geskiedenis van die stad Pretoria.* Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

ENGELBRECHT, S.P, J.A.I. Agar-Hamilton, A.N. Pelser and H.P.H. Behrens. *Editors.* 1952. *Centenary Album: Pretoria's first Century in Illustration.* Pretoria: van Schaik.

EVANS, R.J. 1998. Der Strom der Zeit läuft semen Weg doch. Otto von Bismarck und die europäischen Paralellen seiner Politik. *Frankfurter Allgemeine Zeitung,* Juli 1998, vol. III, no. 170.

FEIGL, H. 1988. The Scientific Outlook: Naturalism and Humanism. *Introductory Readings in the Philosophy of Science.* Edited by E.D. Klemke, R. Hollinger, A.D. Kline. Revised Edition. 1988. New York: Prometheus.

FERREIRA, N. 1983. J.E. Vixseboxse. *Restorica,* April 1983:39.

FERREIRA, 0.J.0. 1977 *Kijgsgevangeschap van L.C. Ruyssenaers 1899-1902.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

FICHTE, J. 1846. *The destination of man.* Translated by Percy Sinnett. London: Chapman Bros.

FISHER, R.C. 1992. *An ecosystemic role for architectural style: bearing 'the plan' in 'mind'.* PhD Architecture thesis. University of Pretoria.

FLEMMING, J., H. HONOUR, N. PEVSNER. Editors. 1972. The Penguin Dictionary of Architecture. Third edition: Harmondsworth: Penguin.

FLETCHER, B. 1963. *A history of architecture on the comparative method.* Seventeenth edition. Revised by R.A. Cordingley. London: Athlone press.

GRAMSCI, A. 1994. *Pre-Prison Writings.* Edited by R. Bellamy. Translated by V. Cox. Cambridge: Cambridge University Press.

GRAMSCI, A. 1996. *Prison Notebooks Volume II.* Edited and translated by A. Buttigieg. New York: Columbia University Press.

GREIG, D.E. 1971. *A Guide to Architecture in South Africa.* Cape Town: Howard Timmins.

GRUNDLINGH, A.M. 1986. Die Boererepublieke, 1852-1881. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika: in woord en beeld.* Geredigeer deur T. Cameron, S.B. Spies. Tweede uitgawe. 1988. Kaapstad: Human en Rousseau.

HATTINGH, J. and A. WESSELS. 1999. Life in the British blockhouses during the Anglo-Boer War, 1899-1902. *South African Joumal of Cultural History,* November 1999, vol. 13, no.2: 42.

HARRIS, F.C. 1953. Address of the President. *South African Architectural Record,* May 1953:40.

HERBERT, G. 1975. *Martienssen and the International Style: The Modem Movement in South African architecture.* Cape Town: A.A. Balkema.

HEYDENRYCH, D.H. 1986. Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika: in woord en beeld.* Geredigeer deur T. Cameron, S.B.Spies. Tweede uitgawe. 1988. Kaapstad: Human en Rousseau.

HITCHCOCK, H.R. 1969. *The Pelican History of Art . Architecture: Nineteenth and Twentieth Centuries.* Third edition. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

HOLM, A en D. HOLM. 1984. Paleis van Justisie, Kerkplein Pretoria. *Restorica,* April 1984, no.15:9-15.

HOLM, A. en D. VILJOEN. 1993 *Mure wat Praat.* Johannesburg: Chris van Rensburg Publikasies.

HOLM, D. 1998. Kerkplaats and Capitalists: The First Architects in context. In *Architecture of the Transvaal.* Geredigeer deur R.C.Fisher, S. le Roux en E. Maré. Pretoria: UNISA: 55-78.

JANSEN, A. 1999. 'n Staptoer deur die middestad - ons kyk na detail. *Stigting Simon van der Stel Nuusbrief (Pretoria-streek)* , Februarie 1999, vol.14, nr. 1:1.

JAPHA, V. 1991. President Brand Street Bloemfontein. *Architecture SA.* May + June 1991: 17.

JORDAN, G. and C. WEEDON. 1995. *Cultural Politics: class, gender, race, and the Postmodern World.* Oxford: Blackwell.

JORISSEN, E.J.P. 1897. *Transvaalsche Herinneringen 1876-1896.* Amsterdam: De Bussy.

KAUFMANN, E. 1966. *Architecture in the age of reason: Baroque and Post-Baroque in England Italy and France.* U.S.A.: Archon Books.

KEATH, M 1992. *Herbert Baker. Architecture and Idealism 1892-1913: The South African years.* Gibraltar: Ashanti.

KLEYNHANS, W.A. 1966. *Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: die rol van memories.* Pretoria: van Schaick.

KRUGER, D.W. (tot 1972), C.J. BEYERS (sedert 1973). Redakteurs. 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vol. III. Kaapstad: Tafelberg.

KUIJERS, A. 1982. Vensters op Potchefstroom se verlede: enkele bewarenswaardige geboue. *Restorica,* Julie 1982, no.11:4,5.

LEEDY, P.D. 1997. *Practical reseach* and *design.* Sixth edition. Columbus, Ohio: Prentice Hall.

LE ROUX, S. Redakteur. 1993. *Plekke en geboue van Pretoria: 'n oorsig van hulle argitektoniese en stedelike belang.* vol. 3: Die Suidwestelike kwadrant. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

LEYDS, W.J. 1914. *Het insluiten van de Boeren Republieken*. Amsterdam: De Bussy.

MALHERBE, D.F. du T. 1959. *Driehonderd Jaar Nasiebou: Stamouers van die Afrikanervolk*. Stellenbosch: Tegniek.

Mc DERMOTT, J.S. 1947. The South African Military College. *The Nongquai*, January 1947, vol. XXXVIII, No. 1:3.

Mc FADDEN, P. 1999. *The Battle of Elandslaagte, 21 October 1899*. Randburg: Ravan Press.

NORWICH, O.J. 1986. *A Johannesburg Album: Historical postcards*. Johannesburg: A.D. Donker.

OBERHOLSTER, J.J. 1972. *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*. Kaapstad: Die Kultuurstigting Rembrandt van Rijn.

PAKENHAM, T. 1997. *The Scramble for Africa 1876-1912*. Second edition. Johannesburg: Jonathan Ball.

PAMA, C. 1983. *Die groot Afrikaanse Familienaamboek*. Kaapstad: Human en Rousseau.

PANOFSKY, E. 1955. *Meaning in the Visual Arts*. Garden City: Doubleday Ankor.

PICTON-SEYMOUR, D. 1989. *Historical Buildings in South Africa*. Cape Town: Struikhof.

PICTON-SEYMOUR, D. 1977. *Victorian Buildings in South Africa: including Edwardian and Transvaal Republican styles 1850-1910*. Cape Town: A.A. Balkema.

PLOEGER, J. 1990. *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. deel III. Pretoria: Staatsargiefdiens.

PLOEGER, J., J. VAN SCHAIK, 0. KRAAMWINKEL en J. KROMHOUT. 1994. *Nederlanders in Transvaal 1850-1950.* Pretoria: van Schaik.

PLOEGER, J. en G. de V. DE KOCK. 1989. *Nederlandse emigrante na Suid-Afrika 1800-1900.* Universiteit van Port Elizabeth: Departement Rekenaarwetenskap.

PEARSE, G.E. 1928. Architectural Education. *The South African Architectural Record.* December, 1928:157,158.

PRETORIUS, C.1983.Die Ou Lettere Gebou, Universiteit van Pretoria. *Restorica,* Oktober 1983, nr.14:37.

PRETORIUS, F. 1998. *Die Anglo-Boereoorlog 1 899-1902.* Tweede uitgawe. Kaapstad: Struik.

REX, H.M. 1974. *Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek.* D. Phil proefskrif. Universiteit van Pretoria.

REX, H.M. 1957. Klaas van Rijsse Jr., Staatsamptenaar en Boukunstenaar van die S.A.R. *Pretoriana,* April 1957, no.23 26-32

HAZLETT, K.S., S. O'MALLEY and C. RUDOLPH. Editors. 1989. *Schinkel, K.F. Sammlung Architektonischer Entwürfe.* Preface by Carter and Pundt. New York: Princeton Architectural Press.

SMIT, F.P. 1951. *Die Staatsopvattinge van Paul Kruger.* Pretoria: J.L. van Schaik. *South Africa's Yesterdays.* Edited by P. Joyce. 1981. Cape Town: Reader's Digest.

SPIES, S.B. 1986. Rekonstruksie en unifikasie. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika: in woord en beeld.* Geredigeer deur T. Cameron, S.B. Spies. Tweede uitgawe.1988. Kaapstad: Human en Rousseau.

SWIERINGA, R.P. 1983. *Dutch Emigrants to the United States, South Africa, South America and Southeast Asia, 1835- 1880: An alphabetical listing by Household Heads and Independent Persons.* Delaware: Scholarly Resources.

TSANOFF,R.A. 1972. Johann Gottlieb Fichte. *Encyclopedia of Philosophy,* vol. 3:192. New York: Macmillan.

VAN DALSEN, J. 1942. *Die Hollander Korps tydens die Tweede Vryheidsoorlog.* MA. verhandeling. Universiteit van Pretoria.

VAN DER WAAL, G.M. 1986. *Van Mynkamp Tot Metropolis. Die boukuns van Johannesburg 1886-1940.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VAN DER WAAL, G.M. 1997. 5 *Base Ordinance Depot, Z.A.R. Staatsartillerie.* Verslag saam met Steyn en Viljoen argitekte voorberei vir die Departement Openbare Werke.

VAN DER WALT, A.J.H. Redakteur. 1977. *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Derde uitgawe. Elsiesrivier: Nasou.

VAN NIEKERK, L.E. 1985. *Kruger se Regterhand: 'n biografie van Dr.W.J.Leyds.* Pretoria: J.L. van Schaik.

VAN VREDEN, C. de W. 1955. *Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899-5 Junie 1900.* M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

WALKER, J. 1995. *Architects and buildings of South Africa to 1940.* HSRC & NMC electronic database: slegs klein gedeeltes.

WATKIN, D. and T. MELLINGHOFF. 1987. *German Architecture and the Classical Ideal 1740-1840.* London: Thames and Hudson.

WEIDEMAN, N.C. 1955. *Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907.* D. Phil. -proefskrif. Universiteit van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ZIETSMAN, C.F. van R. 1981. Van Vrederechterkantoor tot Court House. *Restorica,* Desember 1981, no.10:9-11.

Z.A.R. 1891. *Uitslag van de Volkstelling, gehouden in de Zuid-Afrikaansche Republiek den 1sten April 1890.* Pretoria: Staatsdrukkerij.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Founding architects of the Department of Public Works in the Transvaal until 1910, their work and influence.**

Thesis by Enla Marié Minnaar.
Supervisor: Professor D. Holm.
Co-supervisor: Dr. K.A. Bakker.
Submitted for the degree PhD. Architecture.

## ABSTRACT.

The void in available literature pertaining to the origin of the official architecture of the 'Publieke Werken Departement' in the 'Zuid-Afrikaansche Republiek', the destruction of the Department by the Anglo Boer-War and the subsequent reconstruction of the Department as the Public Works Department of the Transvaal Colony, is addressed.

A new perspective is set regarding the architectural data of the period, by analysis of the cultural doctrine of the different departments.

The history of the Department is divided into four periods. The first deals with the era from the establishment of the Department in 1877, until the appointment of Sytze Wierda. The second incorporates the time from 1887 with his engagement up to the outbreak of the Anglo Boer-War in 1899. This period is generally seen as the golden age of Transvaal Republican architecture. The third relates the effect of the war on the Department and the architects while the fourth deals with the colonial time from the annexation of Pretoria in 1900, until Unification in 1910.

The structure and work procedure of each department are examined to derive an image of the type of training the architects had undergone and a survey is made of what can be found of the original libraries of the departments. Specific careers are investigated. In this context, buildings are chosen from the researched lists, to be examined. The designated buildings are regarded as documents, and are analized with regard to cultural doctrine and business stance.

The first period produced pragmatic thatched buildings. During the second phase, Wierda attained the embodiment of cultural doctrine in architecture, rising above mere utility in building. He strived to create a sophisticated, ideal townscape for the Z.A.R. Continuity was lacking, however, as the Department was at first brought to a standstill, and then wiped out by the war. During the fourth phase, the British Colonial Department brought about specialization of architects as quantity surveyors, engineers and architects. At first, only utility buildings were designed by the Department while prestige projects were given to private architectural firms.

## KEYWORDS

Architecture, "Publieke Werken", "Zuid-Afrikaansche Republiek" (Z.A.R.), Anglo Boer-War, Sytze Wierda, Colonial, Business stance, Cutural doctrine.

**BYLAAG A: GEDEELTES VAN DIE TOESPRAAK VAN STAATSPRESIDENT PAUL KRUGER BY DIE HOEKSTEENLEGGING VAN DIE GOUVERNEMENTSGEBOUW, 6 MEI 1889,**
(DE VOLKSSTEM: 9 MEI 1889).

*'De rapporteur vraagt mij om langzaam te spreken, doch ik vrees dat de paarden op hol zullen gaan.*

*Ed. Achtb. Voorzitter en leden van den Volksraad; Leeraren en afgevaardigden van de Synode; Vertegenwoordigers van vreemden Mogendheden, Vrienden.*

*Ik verklaar hiermede den hoeksteen gelegd te hebben van het Staatsgebouw op de zetelplaats der Regeering, te Pretoria, in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Het is een feit dat ons allen moet vervullen met dankbaarheid, met vreugde, met trots; want het is een bewijs dat er welvaart heerscht in de Republiek. Wie zou er voor vijf jaren gedacht hebben dat nu zulk een groot, ruim en kostelijk gebouw voor onze werkzaamheden noodig zoude zijn en dat ons gemakkelijk zoude vallen de koste daarvan te bestrijden. Maar wat toen niet voorzien was is nu werkelijk geworden. De aanwas der bevolking heeft de welvaart doen herleven en grooter worde, maar zij heeft ook nog andere gevolgen gehad: de werksaamheden en dus ook de aantal ambtenaren zijn vermeerderd. Daarom moest er een nieuw plek, een nieuw gebouw gemaakt worden. En dat moes goed zijn.! Het is nu niet meer voldoende zooals vroeger toen men dikwijls blijde was om de Volksvertegenwoordiging en ambtenaren een dak boven hun hoofd te kunnen geven.....'*

*'.....Neen, het aanzien en de waardigheid van dezen Staat begon nu drngend te eischen dat er zoowel voor de Volksvertegenwoordiging als voor de Regeering een nieuw gebouw zouw komen, waarvan het uiterlijk in overeenstemming moet zijn met dat aanzien en die waardigheid.'*

*'.....Ik kan niet nalaten mijn dank uit te spreken over het departement van publieke werken, dat onder leiding van zijn waardige hoofd, den heer Wierda, dien ik hier bijzonderlijk noemen wil en zijn assistent, den heer Van Rijsse, de schoone plannen, en teekeningen heeft vervaardigd en aan wien wij de denkbeelden en het ontwerp verschuldig zijn, die wij weldra in steen zullen verwezentlijkt zien....'*

## BYLAAG B: HERBERT BAKER SE BRIEF AANGAANDE DIE SAMESTELLING VAN DIE P.W.D. (CS 4 437/01).

CONFIDENTIAL

Union-Castle Building,
Adderley Street
Cape Town 1st March 1901

To His Excellency,
The High Commissioner.

Your Excellency,

In connection with the appointment of a Government Architect at Pretoria, I have the honour to send the following suggestions.

I assume that in the first instance there will be a distinct Department of Architecture which will plan and superintend the minor alterations, additions and new buildings required by the Government.

I do not think it will be found to be in the interests of the Public and certainly not in that of Architecture that the Architect at the head of this Department should be allowed to design the more important buildings. Anyone who had the general practical training and business capacity for organising a department would not have the artistic qualifications nor the time at his disposal to compose works of true architecture, and the practice too commonly prevailing of keeping young artistic draughtsmen behind the scenes cannot be too strongly condemned.

It might be possible to divide the Department into practical and artistic - or Surveyor's and Architect's - divisions but my firm opinion is that the absence of competition and rivalry would create a want of keenness in both Architect and Staff, and that there would be a danger of the work not being turned out quickly and economically, as well as in time failing to be of a very high Architectural order.

I think that ultimately for the head of the Practical Department, the advantages of high training would outweigh considerations of local knowledge, and I would recommend that a man should be chosen in England. The R.I.B.A. might be asked to

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

select a candidate, one preferably who had passed the examination for the District Surveyors, who control London buildings under the County Council. His knowledge of English Building Acts would be of great assistance in framing similar laws in the new Country. His want of African experience could be supplemented by the appointment of local assistants or even at first by a Committee of local Architects to advise him.

There are several Architects of fairly good professional training who have practised in Johannesburg, but the best of these would not be tempted, except at a high salary, to accept the appointment. Their advice however might be of great value; and they might recommend a qualified local man.

If an immediate appointment has to be made, I would advise that one of the leading Transvaal architects be asked to accept the post temporarily. If this suggestion fails, the Colonial Government would recommend some of their District Inspectors or Draughtsmen.

If it is decided not to entrust the larger buildings to a Government Official a different Architect might be chosen by selection for each building, out of which number the fittest would I hope survive. On the other hand resource might be had to competitive designs, though, except for buildings of special monumental character, where pure art might outweigh consideration of planning and construction, this system is now generally acknowledged both by Architects and the more educated public to lead to unsatisfactory results.

In this Country particularly the better men with their hands full have no time to compete, and in the absence of any good professional assessors the award would frequently go to a showy but ill-planned design.

Your Excellency will, I hope, excuse my going further and discussing the question, so interesting in a new country, of the possibility of establishing control over the Architecture of Municipal and private buildings.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Any attempt to curtail originality or to Haussmannise whole cities would of course be undesirable, but at least palpable architectural enormities might be prevented.

The idea has been seriously entertained both in France and Germany, and in New York and Boston, Art Commissions, I believe, exist which exercise artistic control over all buildings erected by public funds, but more especially over monuments, statues, fountains etc.

Washington, which has such a high reputation as a well laid out city, is managed by a small body of Commissioners appointed by the Government, and they do the work usually performed by a Municipality.

Such a Commission, which would not consist entirely of Architects, would be of great value in other respects such as supervising Municipal Building Regulations, which South African Municipalities are apt to copy wholesale from London regardless of different circumstances and conditions of climate, and from this good architecture is often hampered.

The following Architects who have practised in the Transvaal are slightly known to me, and have all had a London education in Architecture.

Leck (now in Cape Town) He might perhaps consent to assist temporarily.

John Begg (now in England) the best trained Architect in Johannesburg.

~~Emory~~ Emley ( now in South Africa, I think ).

I have the honour to be,

Yours faithfully,

Herbert Baker.

Duplicate

HERBERT BAKER & MASEY,
ARCHITECTS.

Union-Castle Co.'s Building,
44, Adderley Street,
Cape Town, 6th March 1901

G. V. Fiddes Esq. C.B.
Government House,
Cape Town.

Dear Mr. Fiddes,

Since writing the report, I find that the name of the Architect I mentioned is not Emery but Emley. He is now, I understand, practising at East London.

I think I should also have mentioned the name of Mr. Stuckie, who probably had the largest practice at Johannesburg. I believe that he does very good work, although I have not seen any of it.

Yours faithfully,

Herbert Baker.

J. Chamberlain M.P.,
LONDON.